

**AFRIKAANSE  
WOORDELYS EN  
SPELREËLS**









# Afrikaanse Woordelys en Spelreëls

IN OPDRAG VAN DIE  
SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR  
WETENSKAP EN KUNS  
SAAMGESTEL DEUR DIE TAALKOMMISSIE

Agste, verbeterde uitgawe  
Eerste druk, 1991



Tafelberg

Tafelberg-Uitgewers Beperk, Waalstraat 28, Kaapstad  
© 1991 Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek  
mag sonder skriftelike verlot van die uitgewer gereproduseer  
of in enige vorm of deur enige elektroniese of  
meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur  
fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikro-  
filming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.  
Geset in 9 pt Plantin Monotype Lasercomp  
Gedruk en gebind deur  
Nasionale Boekdrukkery, Goodwood, Kaap  
Eerste uitgawe 1917  
Tweede uitgawe 1918  
Derde uitgawe 1921  
Vierde uitgawe 1931  
Vyfde uitgawe 1937  
Sesde uitgawe 1953  
Sewende uitgawe 1964  
Agste uitgawe, eerste druk 1991

ISBN 0 624 03012 1

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDEND	I
Voorwoord	I
Toeligting	3
<b>SPELREËLS</b>	<b>II</b>
1. Grondbeginsels	II
2. Wisselvorme	12
3. Vokale	17
4. Diftonge	22
5. Konsonante	22
6. Meervoudsvorme	27
7. Afkappingstekene	29
8. Akuut- en gravistekene	30
9. Kappie	31
10. Deelteken	32
11. Koppelteken	34
12. Hoofletters	44
13. Woorde van vreemde herkoms	57
14. Skeiding van woorddele by skryf	62
15. Skryfwyse – los of vas	65
<b>WOORDELYS</b>	<b>81</b>
<b>AFKORTINGSLYS</b>	<b>327</b>
<b>INDEKS</b>	<b>385</b>

# INLEIDEND

## VOORWOORD

- 1 Hierdie uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* verskyn 27 jaar na die vorige, sewende uitgawe van 1964 – die langste tyd wat nog tussen twee uitgawes verloop het. Daarvoor kan verskeie redes aangevoer word, onder andere die feit dat daar na die verskyning van die sewende uitgawe geen dringende behoefte gevoel is om direk (sê binne tien jaar) ’n nuwe uitgawe uit te bring nie, verder dat daar heelwat tyd bestee is aan die bewerking van ’n *Lys klassieke eiename* (Kaapstad: Tafelberg, 1984) in Afrikaans, dat opeenvolgende generasies steeds nuwe en ander insigte gebring het wat verantwoord moes word in die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*, en ook dat die breë aanpak van hierdie uitgawe besonder tydrawend was.
- 2 Die sesde uitgawe (1953) het gesê: “Hierdie druk . . . verskil aansienlik van die vorige uitgawes, hoewel die spellingbeleid en grondbeginsels feitlik ongewysig gebly het.” Die sewende uitgawe het gesê: “Dit geld ook van hierdie druk” (lees: uitgawe), en het ’n hele aantal redes gegee vir die “aansienlike verskil”. Wat in hierdie verband in die twee voorafgaande uitgawes gekonstateer is, geld ook vir hierdie uitgawe, maar dan moet die uitspraak in duidelike perspektief gestel word:
  - 2.1 Alhoewel die grondbeginsels anders geformuleer is as in die 1964-uitgawe, is die strekking daarvan wesentlik dieselfde.
  - 2.2 Die *Spelreëls* is ook grotendeels nuut geformuleer. Daar is probeer om die reëls meer eksplisiet en uitvoerig te verwoord, en waar moontlik in eenvoudiger taal te stel. Klank en skryftekens is ook nader aan mekaar gebring, bv. deur die gebruik van fonetiese tekens waar dit sinvol is. Die Taalkommissie vertrou dat die *Spelreëls* nou verstaanbaarder en makliker interpreteerbaar is.
  - 2.3 Die *Woordelys* en *Afkortingslys* is aansienlik uitgebrei en bevat, benewens nuwe lemmas, heelwat meer samestellings en afleidings. Ten spyte van hierdie uitbreiding, moet die waarskuwing van die vorige uitgawe steeds geld: die *Woordelys* moet nie gesien word as ’n volledige lys van alle bestaande Afrikaanse woorde nie (vergeelyk ook *Toeligting*, 2).  
Naas die toevoeging van talle woorde in die *Woordelys*, het die Taalkommissie ook talle woorde geskrap, onder meer omdat hulle as verouderd of tans as niestandaard beoordeel is. Vergelyk verder hieroor par. 4 hier onder.
- 3 Vir die eerste keer sedert die bestaan van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* verskyn daar in hierdie uitgawe ’n *Toeligting* oor wat ’n gebruiker in die *Spelreëls* en in die *Woordelys* kan verwag. Aanwysings oor hoe hy die boek moet aanwend en interpreteer, word gegee. Verder word bepaalde terme wat in die *Spelreëls* voor-

kom, verduidelik. Hiernaas is die *Spelreëls* van 'n indeks voorsien. Die Taalkommissie hoop dat hierdie twee hulpmiddels die gebruiker se aanwending van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* aansienlik sal vergemaklik.

- 4 By elke uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* het opeenvolgende Taalkommissies probeer om deur die opname of skraping van bepaalde woorde en vorme die norme te erken waarvolgens daardie geslag taalgebruikers sulke woorde en vorme as standaard beoordeel het. Dit het meegebring dat die norme uiteraard telkens effens verskuif het. Die *skraping* van sekere wisselvorme wat (nog) in die vorige uitgawe as volwaardige ekwivalente beskou is, asook die *opname* van bepaalde wisselspellings wat as 'n groter "verafrikaansing" van die spelling gesien kan word, word veral deur hierdie siening en benadering geraak. Hier het die Taalkommissie geen nuwe rigting ingeslaan nie, maar slegs verder in die rigting gegaan wat vorige Taalkommissies al gevolg het.
- 5 Die Taalkommissie het ook aangesluit by sy voorgangers deur in 'n aantal gevalle groter vryheid ten opsigte van spel- en skryfwyse toe te laat. Die opvallendste sal stellig wysigings wees in verband met die skryfwyse los of vas. Hier kan genoem word die nou opsionele skryfwyse van die tipe  
*hoof mediese beampte* naas  
*hoof- mediese beampte*;  
en van samestellings met 'n eienaamelement, soos  
*Bloemfontein museum* naas *Bloemfontein Museum*  
naas *Bloemfontein-museum* naas *Bloemfontein-Museum*  
naas *Bloemfonteinmuseum*.
- 6 Die aantal tegniese, veral chemiese, terme wat in groot oorfloed in die vorige lys voorgekom het, is drasties verminder aangesien dié terme tans maklik in tegniese woordeboeke nagesiaan kan word.
- 7 Die Taalkommissie het spesiale aandag gegee aan die weergawe in Afrikaans van woorde wat aan Afrikatale ontleen is.
- 8 Wat betref die afkortings van titels, gee die Taalkommissie steeds voorkeur aan die skryfwyse met 'n afkortingspunt, maar hy erken ook die algemeen gebruiklike skryfwyse daarsonder.
- 9 Wat die gebruik al dan nie van die hoofletter betref, het die Taalkommissie onder meer besluit dat die name van vakke en dissiplines, en ook die name van kultivars, van dier- en plantvariëteite en van produksorte, met of sonder 'n hoofletter geskryf kan word, alhoewel in albei gevalle net die skryfwyse met 'n kleinletter in die *Woordelys* opgeneem word.
- 10 Die Taalkommissie het nie afgewyk van sy beleid om nie plek- en persoonsname in die *Woordelys* op te neem nie. Hy het wel 'n aantal plekname waarby spelprobleme voorkom, opgeneem. Die spelling van binnelandse plekname wat in die lys *Ampte-*



*like plekname* bereël word, word nog deur die Taalkommissie aanvaar en erken. Daarnaas word tans by die RGN gewerk aan 'n lys buitelandse plekname. Slegs by wyse van hoë uitsondering is 'n persoons- of pleknaam opgeneem wat in sy simpleksvorm probleme oplewer wat nie deur 'n afleiding opgelos kan word nie.

Dit is 'n voorreg vir die Taalkommissie om sy hoogste waardering uit te spreek vir die waardevolle bydraes oor 'n korter of langer tyd deur die volgende oudlede sedert 1964:

Prof. S. P. E. Boshoff, prof. W. J. de Klerk, prof. M. de Villiers,  
dr. S. J. du Toit, dr. L. W. Hiemstra, prof. W. Kempen,  
dr. G. J. Labuscagne, prof. T. H. le Roux, prof. J. E. Loubser,  
prof. D. F. Malherbe, mnr. J. S. B. Marais, prof. G. S. Nienaber,  
prof. F. A. Ponelis, prof. M. J. Posthumus, dr. F. J. Snijman,  
prof. S. Strydom, dr. H. J. Terblanche, prof. H. J. J. M. van der Merwe,  
prof. H. Venter.

Besondere dank is ook verskuldig aan dr. A. Coetser (Adjunksekretaris) en dr. L. G. de Stadler vir hulle sekretariële hulp.

Die Taalkommissie van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns:

F. F. Odendal (Voorsitter) (Emeritus, Randse Afrikaanse Universiteit)  
T. J. R. Botha (Ondervoorsitter) (Emeritus, Universiteit van Natal)  
D. C. Hauptfleisch (Sekretaris) (Woordeboek van die Afrikaanse Taal)  
J. G. H. Combrink (Universiteit van Stellenbosch)  
H. G. W. du Plessis (Potchefstroomse Universiteit vir CHO)  
L. C. Eksteen (Universiteit van Pretoria)  
R. H. Gouws (Universiteit van Stellenbosch)  
M. C. Janse van Rensburg (Universiteit van Pretoria)  
A. F. Prinsloo (Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie)  
G. J. van Jaarsveld (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)

APRIL 1990

## TOELIGTING

Die *Afrikaanse woordelys en spelreëls (AWS)* bevat drie afdelings, te wete die *spelreëlgedeelte*, die *woordelysgedeelte* en 'n gedeelte waarin die Afrikaanse afkortinggebruik bespreek en 'n uitvoerige lys *afkortings* gegee word.

### 1 Die spelreëlgedeelte

Hierdie afdeling bevat die amptelike spelreëls van Standaardafrikaans wat deur die Taalkommissie opgestel en deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns goedgekeur is. Die verskillende spelreëls word elk in 'n afsonderlike hoofstuk aangebied. Dit word voorafgegaan deur 'n hoofstuk waarin die drie *grondbeginsels* van die Afrikaanse spelling verwoord word. Alhoewel die *grondbeginsels* en die spelreëls anders lyk as in die vorige uitgawes van die *AWS*, geld hierdie verande-

ringe veral die formulering en nie soseer die inhoud nie. Die spellingreëling van Standaardafrikaans word in hoofsaak nog steeds deur dieselfde grondbeginsels bepaal.

In die spelreëlgedeelte word die bespreking van sowel die grondbeginsels as die spelreëls toegelig met 'n verskeidenheid voorbeelde ter illustrasie van die toepassing van die betrokke grondbeginsel of reël. Deur die betrokke reël op voorbeelde toe te pas, probeer die Taalkommissie om gebruikers van die *AWS* te help om self die reëls te kan toepas op voorbeelde wat nie in die *AWS* verskyn nie.

Die keuse tussen los en vas skryf is een van die algemeenste probleme wat gebruikers van Afrikaans ondervind. Daarom word daar in die spelreëlgedeelte voorsiening gemaak vir 'n hoofstuk oor die skryfwyse van woorde waarin los en vas skryf bereël word. In die betrokke gedeelte wys die Taalkommissie ook daarop dat 'n woord soms meer as een korrekte skryfwyse kan hê; vergelyk byvoorbeeld:

*ek self* naas *ekself*,  
*volmaak beheerde* naas *volmaakbeheerde*,  
*tuis gemaakte* naas *tuisgemaakte*,  
*swaar kry* naas *swaarkry*.

By sulke tipes woorde word daar soms op 'n voorkeurvorm gewys, maar die Taalkommissie stel dan ook 'n mate van vryheid van skryfwyse voor.

In die *Spelreëls* gebruik die Taalkommissie soms fonetiese tekens. Ter wille van duidelikheid word die tekens wat gebruik word, hier onder in lysvorm gegee met toeliggende voorbeelde by elke teken. Die fonetiese teken stel die klankwaarde voor van die kursief gedrukte letter(s) in die voorbeeldwoord:

[b] *botter*  
[c] *kies, stoeltjie*  
[ç] *gee*  
[d] *dief*  
[dʒ] *gentleman*  
[f] *fiets, vra*  
[g] *berge, gholf*  
[h] *hulle*  
[j] *julle*  
[k] *koop*  
[l] *lastig*  
[m] *meel*  
[n] *nader*  
[ŋ] *rank, sing*  
[n] *handjie*  
[p] *pos*  
[r] *rook*  
[s] *sag*  
[ʃ] *sjieling, brosjure*  
[t] *tafel*  
[tʃ] *tjek*  
[ts] *tsetse*

[v] *water*  
 [w] *twaalf*  
 [x] *gaaf*  
 [z] *zoem*  
 [a] *kat*  
 [a:] *maan, laning*  
 [e:] *weet*  
 [ɛ] *vet*  
 [ɛ:] *sê, ver*  
 [ə] *bid, bedaar*  
 [ə:] *wie*  
 [i] *lied*  
 [i:] *mier*  
 [o:] *woon, woning*  
 [ɔ] *kom*  
 [ɔ:] *môre*  
 [ø:] *neus*  
 [œ] *stut*  
 [œ:] *brûe*  
 [u] *soet*  
 [u:] *loer*  
 [y] *minuut*  
 [y:] *uur*  
 [əi] *byt, klein*

## 2 Die woordelysgedeelte

Daar moet ten sterkste beklemtoon word dat die *Woordelys* nie 'n woordeboek is nie en dat die Taalkommissie gevolglik nie probeer om daarin 'n verteenwoordigende versameling woordeskattelemente van Afrikaans weer te gee nie. Dat 'n bepaalde woord nie in die *Woordelys* verskyn nie, is dus hoegenaamd geen bewys dat hy nie bestaan of dat sy bestaansreg nie erken word nie. Woorde wat wel in die *Woordelys* opgeneem is, word egter geag as behorende tot die Afrikaanse woordeskat. Die Taalkommissie het veral drie oorwegings 'n rol laat speel by die keuse van woorde vir opname in die *Woordelys*.

- (1) Woorde is opgeneem as hulle na die mening van die Taalkommissie *spellingprobleme* bied. Hierdie motivering vir opname sluit aan by die belangrikste funksie van die *AWS*, naamlik om op spellinggebied leiding te gee. Aangesien alle woorde nie in die *Woordelys* opgeneem kan word nie, het die Taalkommissie probeer om leidinggewende voorbeelde te gee. Waar 'n gebruiker 'n spesifieke probleemwoord nie in die *Woordelys* vind nie, moet daar gekyk word of daar nie elders 'n woord van dieselfde tipe opgeneem is wat as leidinggewende voorbeeld kan dien nie. Daar is byvoorbeeld nie 'n lemma *vyfdegraads* in die *Woordelys* nie. 'n Gebruiker wat spellingprobleme met dié woord ondervind, kan na soortgelyke woorde in die *Woordelys* gaan soek en byvoorbeeld by *eerstegraads* en *tweedegraads* die nodige leiding kry.
- (2) Woorde is ter wille van *erkenning* opgeneem. In hierdie verband het die Taal-

kommissie hom veral deur algemene gebruik laat lei en nie deur taalspel en idiolektiese taalgebruik nie.

(3) *Gelede woorde*, veral samestellings en afleidings, is opgeneem ter aanduiding van die resultate van sekere woordvormingsprosesse.

In die *Spelreëls* word daar telkens gewys op die moontlikheid van verskillende skryfwyses, byvoorbeeld by woorde wat sowel los as vas geskryf kan word. In die geval van 'n blote skryfwysewisseling neem die Taalkommissie nie noodwendig alle variante in die *Woordelys* op nie. Dit impliseer nie dat die vorm(s) wat nie gelys word, onaanvaarbaar is nie. So is daar by eenaamverbindings telkens verskillende skryfwysemoontlikhede, byvoorbeeld:

*Shaka legende* naas *Shaka Legende* naas *Shaka-legende*  
naas *Shaka-Legende* naas *Shakalegende*;  
*Hertzog prys* naas *Hertzog Prys* naas *Hertzog-prys*  
naas *Hertzog-Prys* naas *Hertzogprys*.

In die *Woordelys* word sulke eenaamverbindings deurgaans as een woord vas geskryf, bv. *Shakalegende*, *Hertzogprys*. Ook hier moet gebruikers die *Spelreëls* toepas vir die verskillende skryfwysemoontlikhede.

Variasie is 'n kenmerk van elke natuurlike taal deurdat verbandhoudende vorme met dieselfde betekenis voorkom. Hierdie wisseling vind ook neerslag in die skryftaal en gevolglik kom daar *wisselvorme* voor. Die Taalkommissie se benadering om standaardtaalvorme te erken, geld ook ten opsigte van *wisselvorme*. Anders as in die geval van skryfwysewisseling waar alle variante nie in die *Woordelys* opgeneem word nie, byvoorbeeld by *Shakalegende* en *Hertzogprys*, word wisselvorme in die *Woordelys* telkens as 'n woordpaar opgeneem en deur *of* geskei, byvoorbeeld

*badkamer* of *badskamer*.

Indien nodig word die inskrywing alfabeties herhaal, byvoorbeeld

*karaveel* of *karveel*  
*karveel* of *karaveel*.

Hierdie *of*-inskrywingswyse dui aan dat die lede van so 'n wisselvormpaar na betekenis en gebruik as gelykwaardig beskou en erken word. Die nieopname van 'n wisselvorm beteken dat dit as ongelykwaardig of as minder gebruiklik beskou word. Die Taalkommissie se standpunt oor wisselvorme word in 2. *Wisselvorme* van die *Spelreëls* behandel.

Die gebruik van *of*-vorme in die *Woordelys* kom soms by skryfwys variante voor, byvoorbeeld:

*hoër liggend* of *hoërliggend*

maar die algemeenste voorkoms daarvan is ten opsigte van wisselvorminskrywings.

Dié *of*-vorme geld óf die lemma as geheel, byvoorbeeld:

*hoekaai* of *hokaai* of *hookhaai* (tw.)

óf slegs die morfologiese gegewens van 'n bepaalde lemma, byvoorbeeld:

*inwyding*, *-e* of *-s*

*ervare*; *-ner* of *meer -*, *-nste* of *mees -*.

In baie gevalle het wisselvormlemmas ook verskillende morfologiese bewerkings, byvoorbeeld:

*geëmansipeer*, *-de*; *-der*, *-dste*, of  
*geëmansipeerd*, *-e*; *-er*, *-ste*.

Daarnaas kan albei die lede van 'n wisselvormlemmapaar dieselfde morfologiese bewerking neem, byvoorbeeld:

*inkoopprys* of *inkoopsprys*, *-e*.

Morfologiese wisselvorme kom ook voor as onderskeid tussen die optrede en die nieoptrede van 'n bepaalde morfeem, byvoorbeeld die morfeem *ge-* by voltooidedeelwoorde in Afrikaans. Die Taalkommissie erken wisselvorme met en sonder *ge-*slegs by die voltooidedeelwoorde van tweesillabige werkwoorde op *-eer* (wat die klem op die tweede sillabe het), maar gee die voorkeur aan die vorm met *ge-* en geslegs dié vorm in die *Woordelys* by die werkwoorde *hanteer*, *loseer*, *makeer*, *probeer*, *regeer*, *studeer* en *waardeer*, byvoorbeeld:

*studeer*, *ge-*

*waardeer*, *ge-*.

Anders as wisselvorme word *doeblette* apart van mekaar opgeneem. Hulle verskil soveel van mekaar in betekenis, gevoelswaarde, maatskaplike waardering e.d. dat hulle as aparte lemmas behandel word. Soms word by albei of by een van die doeblette toeligting gegee, bv.:

*aardig*, *-e*; *-er*, *-ste*

*arig* (ongesteld; onvriendelik), *-e*; *-er*, *-ste*.

*Absolute sinonieme* word nie as *of-*vorme ingeskryf nie. Die Taalkommissie moet egter die aandag daarop vestig dat sinonieme wat apart opgeneem is, nie op 'n voorkeur vir die een of die ander dui nie. Waar slegs een lid van 'n sinoniempaar opgeneem is, moet dit ook nie gesien word as die uitspraak van 'n waardeoordeel oor die nieopgeneome vorm nie. Dat *televisie* opgeneem word, maar nie *beeldradio* nie, beteken nie dat die Taalkommissie die laasgenoemde vorm nie erken nie.

#### INLIGTINGSTIPES IN DIE WOORDELYS

Vir die doeltreffende gebruik van die *Woordelys* is dit nodig om vertrouwd te wees met die verskillende inligtingstipes wat in dié lys aangebied word.

Die lemmas in die *Woordelys* word alfabeties gerangskik, in baie gevalle met bykomende inligting toegevoeg. Die bykomende inligting is van morfologiese, toeliggende of woordsoortelike aard. By selfstandige naamwoorde wat 'n meervoudsvorm het, word die meervoudsvorm aangedui; by werkwoorde word inligting oor die verledetydsvorm gegee, terwyl adjektiewe se moontlike verbuigingsuitgange asook die trappe van vergelyking gegee word. Die nievermelding van trappe van vergelyking beteken nie noodwendig dat die betrokke adjektief nie gradeerbaar is nie. Intensiewe en intensiefverwante adjektiewe kan dikwels trappe van vergelyking kry, alhoewel dit nie altyd in die *Woordelys* aangedui word nie. Voorbeelde van sulke adjektiewe wat trappe van vergelyking kan neem, maar dit nie in die *Woordelys* kry nie, is:

*borriegeel*; *borriegeler*, *borriegeelste*

*hondmak*; *hondmakker*, *hondmakste*

*snelgroeiend*; *snelgroeiender* of *sneller groeiend*, *snelgroeiendste* of *snelste groeiend*.

In sommige gevalle word die woordsoort van 'n lemma ook tussen hakies verstrekk. Die inskrywings in die *Woordelys* word dikwels van toeliggende aantekeninge voorsien. Hierdie aantekeninge is tweërlei van aard. Enersyds bied dit betekenisleiding, byvoorbeeld:



*dooier* of *door* (van 'n eier)

*hoeser* (in watter mate).

Andersyds gee dit inligting oor die konteks waarbinne 'n bepaalde lemma optree ter verduideliking van die korrekte en tipiese gebruik van daardie lemma, byvoorbeeld:

*verbode* (– vrug; – geskrifte).

### 3 Afkortings

Die derde afdeling van die *AWS* bevat 'n omvattende lys afkortings met hulle volvorme. Hierdie lys word voorafgegaan deur 'n bereëling van en toeligting by die gebruik van afkortings in Afrikaans. Die Taalkommissie wil dit beklemtoon dat hierdie bereëling betrekking het op die amptelike afkortings van Afrikaans en toegepas is op die gegewe lys afkortings. Naas die amptelike afkortings wat deur die Taalkommissie erken en aangebied word, staan dit individue of organisasies vry om hulle eie huishoudelike afkortings te skep en te gebruik sonder om op die amptelike bereëling ag te slaan. Sulke afkortings mag nie vir algemene gebruik aangewend word nie.

Die *Afkortingslys* bevat ook afkortings van vakname. Die Taalkommissie het besluit om alle vakname in die *Woordelys* slegs met kleinletters op te neem. Dieselfde beginsel word ook in die *Afkortingslys* toegepas, deurdat sowel die volvorme as die afkortings van vakname net met kleinletters gegee word, byvoorbeeld:

*anat.* anatomie; anatomies(e)

*biol.* biologie; biologies(e).

#### VERKLARING VAN ENKELE TERME WAT IN DIE *AWS* GEBRUIK WORD

Bepaalde terme wat in die *Spelreëls* gebruik word, word hier onder bondig verklaar.

*akroniem* – Woord wat saamgestel is uit die beginletters van twee of meer woorde, woorddele of sillabes, bv. *Truk* uit *Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste*, *Kruik* uit *Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste* en *Unisa* uit *Universiteit van Suid-Afrika*.

*Anglisme* – 'n Taalvorm word as 'n Anglisme beskou indien dit aan Engels ontleen is, in stryd is met die Afrikaanse taalpatroon en 'n bestaande Afrikaanse vorm verdring, bv. *ek myself was daar*, i.p.v. die korrekte *ek was self daar*. Alle gevalle van Engelse invloed mag nie sonder meer as Anglisisties beskou word nie, aangesien Engels dikwels 'n verrykende invloed op Afrikaans het.

*chronolekties* – 'n Chronolektiese vorm verskil van die algemene taal deurdat sy gebruik beperk is tot 'n bepaalde tydvak of tot sprekers uit so 'n tydvak. Vergelyk byvoorbeeld verouderde vorme soos *doemwaardig*, *knoflok*, *kosthuis* en *nademaal*.

*deeltjiewerkwoord* – Deeltjiewerkwoorde, soms nog verkeerdelik *skeibaar samegestelde werkwoorde* genoem, bestaan uit 'n werkwoordelike komponent, voorafgegaan deur nog 'n komponent, die deeltjie, bv. *inspring*, *dophou* en *weggooi*. Die deeltjie kan soms uit meer as een woord bestaan, bv. *in gebreke* en *om die bos* wat onderskeidelik die deeltjies is van die deeltjiewerkwoorde *in gebreke bly* en *om die bos lei*. 'n Kenmerk van deeltjiewerkwoorde is dat die deeltjie en die werkwoordelike komponent in bepaalde sintaktiese omgewings omstelbaar is, byvoorbeeld:

*Hy sal inspring.*

*Hy spring in.*

Die verledtydsvorm van deeltjiewerkwoorde kry 'n *-ge-/ge-* tussen die deeltjie en die werkwoordelike komponent, bv. *ingespring; in gebreke gebly*.

*diakritiese tekens* – Skryftekens wat hoofsaaklik gebruik word ter aanduiding van die juiste uitspraak van bepaalde letters. Voorbeelde van diakritiese tekens is kappies, deelttekens en aksenttekens.

*dialekties* – 'n Dialektiese vorm verskil van die standaardtaal deurdat die gebruik daarvan beperk is tot 'n sekere geografiese gebied of gebiede. So word die woord *komyn* (tipe vuurherd met skoorsteen aan die buitekant teenaan 'n gewel gebou) veral in die Overbergstreek in die Kaapprovinsie aangetref. Dialektiese vorme staan ook bekend as streektalvorme. Alhoewel dialektiese vorme nie standaardtaal is nie, vorm so 'n verskeidenheid 'n belangrike deel van die Afrikaanse woorde- en taalskat en word die gebruik daarvan aangemoedig.

*doeplet* – Doelette is verskillende woorde wat uit dieselfde grondvorm ontwikkel het, maar wat 'n vormverskil vertoon en, anders as wisselvorme, ook op betekenisvlak verskil, bv. *dadelik* naas *dalk*.

*gelede woord* – 'n Gelede woord, ook bekend as 'n morfologies komplekse woord, bestaan uit meer as een morfeem. So 'n woord kan 'n samestelling wees wat uit minstens twee stamme opgebou is, bv. *tennisbaan, fietswiel*, of dit kan 'n afleiding wees wat uit 'n stam en minstens een affiks bestaan, bv. *ontwater* (prefiks plus stam) of *moederloos* (stam plus suffiks).

*graadwoord* – 'n Graadwoord kwalifiseer gewoonlik 'n adjektief. In 'n woordgroep soos *besonder gunstig* bepaal die graadwoord *besonder* die adjektief *gunstig* en in *mins belangrike* bepaal die graadwoord *mins* die adjektief *belangrike*.

*korrelaat* – Die term *korrelaat* word gebruik om te onderskei tussen die optrede van 'n woordeskatelament as stam in 'n gelede woord teenoor sy optrede as selfstandige woord. Die korrelaat van 'n stam is die woord wat vormlik en betekenismatig met daardie stam ooreenstem (korreleer). Die woordeskatelament *tafel* kan as stam en as woord optree, bv. onderskeidelik in *tafelpoot* en *die tafel se poot*. In hierdie voorbeelde is die woord *tafel* die korrelaat van die stam *tafel-*.

*lemma* – Trefwoord of hoofwoord in 'n woordeboek of woordelys. Die *Woordelys* en die *Afkortingslys* bevat 'n versameling lemmas wat alfabeties gerangskik is.

*medewerkwoord* – In die sin *sy wil bly leef*, is daar drie werkwoorde, nl. *wil, bly* en *leef*. Die eerste twee werkwoorde kan albei weggelaat word: *sy leef*. Die werkwoord *leef* kan alleen in 'n sin optree en staan as die hoofwerkwoord bekend. Die werkwoorde *wil* en *bly* kan nie sonder die hoofwerkwoord optree nie en word medewerkwoorde genoem. Medewerkwoorde val in twee klasse uiteen: hulpwerkwoorde (bv. *het, kan, wil*) en skakelwerkwoorde (bv. *bly* en *gaan* in *bly leef* en *gaan werk*).

*morfeem* – 'n Onafgeleide stam of 'n affiks.

*setsel* – 'n Term ter aanduiding van bepaalde woordsoorte wat onder andere insluit *voorsetsels* (bv. *in in in die moeilikheid; oorkant* in *oorkant die rivier*) en *agtersetsels* (bv. *deur* in *die hele land deur; -toe/toe* in *boontoe* en *huis toe* en *heen* in *iewers heen*).

*sillabe* – 'n Sillabe, soms verkeerdlik 'n *lettergreep* genoem, is 'n kombinasie van *klanke* wat met een asemstoot uitgespreek word. Die woord *tafel* [ta:fəl] het twee

sillabes, [ta:] en [fəl]. 'n Sillabe wat op 'n vokaal eindig, bv. [ta:], word 'n *oop sillabe* en 'n sillabe wat op 'n konsonant eindig, bv. [fəl], 'n *geslote sillabe* genoem.

*simpleks* – 'n Woord wat nie verder in morfeme onderverdeel kan word nie, d.w.s. 'n ongelede woord, bv. *perd, rook, tafel*.

*sosiolekties* – 'n Sosiolektiese vorm verskil van die standaardtaal deurdat sy gebruik beperk is tot sekere sosiale groepe. Vergelyk byvoorbeeld *swot*, 'n woord wat tipies is van studentetaal.

*variëteit* – Taalsoort, ook dialek.

*verlengde variant* – Deel van 'n gelede woord wat uit 'n stam plus 'n voegsel bestaan, byvoorbeeld *kinder-* in *kinderkamer* wat bestaan uit die stam *kind-* en die voegsel *-er-*.

*voegsel* – 'n Voegsel, soms verkeerdelik 'n *verbindingsklank* genoem, is 'n vorm wat slegs in gelede woorde optree en wel tussen bepaalde stamme of tussen 'n stam en 'n bepaalde affiks. Voorbeelde van Afrikaanse voegsels is die vetgedrukte vorme in die volgende gelede woorde: *werksverdeling, kinderkamer, heldedaad, hopeloos*.

# SPELREËLS

## I. GRONDBEGINSELS

### 1 Uiteensetting van die grondbeginsels

Die grondbeginsels wat hier uiteengesit word, sluit nou aan by die behandeling daarvan in vorige uitgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Wesentlik word dieselfde beginsels sedert 1921 toegepas.

Die drie grondbeginsels is:

- 1.1 Die spelling van Afrikaans in die *AWS* is gebaseer op die *klankstelsel* van *Standaardafrikaans*.
- 1.2 Vormlik verwante woorde word, sover moontlik, *gelykvormig* gespel.
- 1.3 Die huidige spelling en skryfwyse van woorde word in 'n hoë mate bepaal deur die *tradisie* waarvolgens Standaardafrikaans gespel en geskryf word.

### 2 Toeligting

- 2.1 By die erkenning van 'n bepaalde vorm as Standaardafrikaans speel algemene aanvaarding, gebruik, frekwensie en geografiese en sosiale verspreiding 'n belangrike rol.
- 2.2 Die beginsel van *gelykvormigheid* word aan die hand van enkele voorbeelde geïllustreer. Daar is geen verskil tussen die slotklanke van *land* en *kant* nie. In albei gevalle is dit 'n [t]. Ons skryf egter *land* (en nie *\*lant* nie) ter wille van gelykvormigheid in die spelling van *land*, *lande*, *landelik*. Op dieselfde wyse skryf ons *skaduwee* en *senuwee* (en nie *\*skadewee* en *\*senewee* nie) ter wille van vorme soos *oorskadu* en *ontsensu*. Hierdie beginsels het ook betrekking op die spelling van samestellings. In die uitspraak hoor ons *han-doeek* en *gra-saad*. Ons spel sulke woorde egter ooreenkomstig die spelling van die samestellende dele; dus  
*handdoek* (*hand-* plus *-doek*)  
*grassaad* (*gras-* plus *-saad*).
- 2.3 Die *Afrikaanse spelling* sluit aan by dié van Nederlands. Vandaar dat respektiewelik *ei* naas *y* en *f* naas *v* dieselfde klanke in ons spellingstelsel verteenwoordig; vergelyk

<i>ei</i>	<i>y</i>	<i>f</i>	<i>v</i>
<i>lei</i>	<i>ly</i>	<i>fel</i>	<i>vel</i>
<i>peil</i>	<i>pyl</i>	<i>fier</i>	<i>vier</i>
<i>reis</i>	<i>rys</i>	<i>fonds</i>	<i>vonds</i>
<i>veil</i>	<i>vyl</i>	<i>fors</i>	<i>vors</i>
<i>wei</i>	<i>wy</i>	<i>frank</i>	<i>vrank</i>

Hierdie sistematiese ooreenkoms met die Nederlandse spelling is vandag deel van die Afrikaanse tradisie. Vanweë die gevestigdheid van woorde soos die volgende in die Afrikaanse tradisie spel ons *hede* (maar daarteenoor *hedendaags*), *beperk* (maar daarteenoor *beperktheid*), *benodig* (maar daarteenoor *benodig(d)hede*), en *bejeën*, *koël*, *reën*, *spieël*, *voël*, ens.

### **Opmerking**

In 'n sekere sin vul die verskillende grondbeginsels mekaar aan. In ander opsigte is hulle strydig met mekaar. 'n Voorbeeld hiervan is ons spelling van *land* met 'n *d* (volgens die gelykvormigheidsbeginsel). Dit gee nie net reëlmaat aan die spelling nie; dit weerspieël 'n reël in die Afrikaanse klanksisteem (eerste grondbeginsel): as grondvorme uitgaan op stemhebbende [b], [d] en [v], word hulle stemloos aan die einde van 'n woord (of sillabe), nl. [p], [t] en [f].

Ons skryf wel

*land* [lant] – *lande* [landə] en

*rob* [rɔp] – *robbe* [rɔbə]

maar nie

\**groew* [xruf] – *groewe* [xruvə] of

\**dow* [dɔf] – *dowwe* [dɔvə] nie.

Dit is deel van die Afrikaanse spellingtradisie dat geen woord met 'n slot-*w* gespel word nie.

By die skryf van *kwaad* – *kwater* word die tweede grondbeginsel (die gelykvormigheidsbeginsel) nie toegepas nie en word *kwater* volgens die eerste grondbeginsel (spelling volgens die klankstelsel) gespel.

Die kappie word op grond van die eerste grondbeginsel eenvormig geskryf by die weergawe van [ɛ:] in geslote sillabes wat op 'n enkele konsonant eindig. By die skryf van *vêr* word daar op grond van die Afrikaanse spellingtradisie ook 'n wisselvorm *ver* erken. Alhoewel *vrou*, *mevrou*, *jonkvrou* en ander verwante vorme met 'n *v* gespel word om die klank [f] weer te gee, word die gelykvormigheidsbeginsel op grond van die Afrikaanse spellingtradisie nie in *juffrou* toegepas nie.

- 2.4 Wat onder 2.1 oor die erkenning van leksikale vorme se spelling en skryfwyse gesê is, geld ook uitspraak-, morfologiese en sintaktiese vorme, en die betekenis van woorde.

## 2. WISSELVORME

- 1 Variasie in betekenis, sintaktiese vorme, woordvorme, klanke e.d. is 'n kenmerk van elke natuurlike taal, dus ook van Afrikaans en sy variëteite. Die houding van die sprekers van die taal is uiteenlopend: sommige wil graag die wisseling tot 'n minimum beperk sien; ander verset hulle sterk daarteen indien 'n variant wat in hulle taalgebruik voorkom, nie as standaardvorm erken word nie. Die Taalkommissie het deur die jare 'n middeweg ingeslaan: vorme wat as standaard beskou is, is erken en nie kunsmatig verminder nie; aan die ander kant is niestandaardvorme nie erken nie. Dit is insiggewend dat die sprekers van Afrikaans met verloop van tyd in



sommige gevalle duidelik bepaalde vorme as standaardvorme verkies het. Hierdie neiging het die Taalkommissie altyd probeer erken, sodat dit moontlik was om die getal wisselvorme met elke nuwe uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* te verminder. Dit ly geen twyfel nie dat die keuses wat die Taalkommissie gemaak het, bygedra het tot hierdie standaardisasie: in die beginjare moes die Taalkommissie nie net besluit hóé gespel moes word nie, maar ook wát gespel moes word.

- 2 Variasie vind ook neerslag in die skryftaal, waar verbandhoudende vorme met dieselfde betekenis van die volgende tipes voorkom:
  - 2.1 Vorme wat verskil in uitspraak aandui, bv. *aalwyn* naas *aalwee*, *arikreukel* naas *alikeukel* naas *arikruikel* naas *alikuikel*, *keëlvormig* naas *kegelvormig*, *kesieblaar* naas *kiesieblaar*, *kief* naas *kieu*, *skryf* naas *skrywe*, *vernieu* naas *vernu* naas *vernuwe*.
  - 2.2 Vorme wat ongeveer dieselfde uitspraak aandui, maar waarvoor verskillende spelwyses ontstaan het. Voorbeelde hiervan vind mens meestal by woorde van vreemde herkoms wat naas 'n (gedeelte) verafrikaanse vorm ook nog 'n meer vreemde spelwyse het, bv. *Chinees* naas *Sjinees*, *kapries* naas *caprice*, *restaurant* naas *restaurant*.
  - 2.3 Vorme wat verskil in morfologie aandui, bv. *fisici* en *politici* naas resp. *fisikusse* en *politikusse*; *hy het hard geprobeer* naas *hy het hard probeer*; *ligvoet* naas *ligvoets*; *musea* en *sentra* naas resp. *museums* en *sentrums*; *papiri* naas *papirusse*; *seminarie* naas *seminarium*; *sensor* naas *sensoreer*; *stellinge* naas *stellings*.

### **Opmerking**

Wisselvorme in die *Woordelys* word deur *of* geskei (en indien nodig alfabeties herhaal). Dit dui aan dat hulle na betekenis en gebruik as gelykwaardig beskou en erken word. Die nieopname van 'n wisselvorm beteken dat dit as ongelykwaardig of as minder gebruiklik beskou word. Doeblette word apart van mekaar opgeneem. Hulle verskil sodanig van mekaar in betekenis, gevoelswaarde, maatskaplike waardering e.d. dat hulle afsonderlik behandel word. Soms word by albei of een van die doeblette toeligting gegee.

- 3 Op bepaalde tipes wisselvorme moet meer pertinent gewys word:
    - 3.1 By voltooidedeelwoorde van werkwoorde met drie of meer sillabes wat op *-eer* eindig, word slegs 'n vorm met *ge-* erken, bv. *het/is/word geïgnoreer*, *geïllumineer*, *geïllustreer*, *gemoderniseer*, *gerestoureer*. Vgl. *Opmerking* hier onder. Die Taalkommissie erken wel wisselvorme met of sonder *ge-* by die voltooidedeelwoorde van tweesillabige werkwoorde op *-eer* (wat die klem op die tweede sillabe het), maar gee die voorkeur aan die vorm met *ge-* en gee slegs dié vorm in die *Woordelys*, bv. *geloseer*, *gemaakeer*, *geprobeer*, *geregeer*, *gestudeer* en *gewaardeer*.
- ### **Opmerking**
- (1) By adjektiewe op *-eer* word slegs vorme met *ge-* erken, bv. *'n afgestudeerde teoloog*, *hy is afgestudeer*, *'n geïgnoreerde versoek*, *geïllumineerde plate*, *geïllustreerde blaaie* en *gewaardeerde hulp*.

- (2) Daar is enkele tweesillabige werkwoorde wat nie op *-eer* uitgaan nie, maar wat die klem op die tweede sillabe het. Ook in dié gevalle erken die Taalkommissie wel wisselvorme met en sonder *ge-* by die voltooide deelwoorde, maar gee die voorkeur aan die vorm met *ge-* en gee slegs dié vorm in die *Woordelys*, byvoorbeeld: *gebaklei, gebaljaar, gegalop, gekapok, gekasty*.
- (3) Voltooide deelwoorde en adjektiewe afgelei van werkwoorde wat begin met *be-*, *er-*, *ge-*, *her-*, *ont-* en *ver-* kry nie *ge-* nie, bv.: *begin, beraadslaag; gebruik, geniet; herenig, herhaal; erken, ervaar; ontboesem, ontval; vernis, versamel*.

*Let Wel*

- (1) Vanweë die klempatroon word slegs *geherberg* en *geherkou* erken.
- (2) Vanweë die *-ge-* in gevalle soos *opgebou* en *uitgesaai* word slegs *heropgebou* en *heruitgesaai* erken.
- (3) Voltooide deelwoorde van medewerkwoorde kry nie *ge-* nie: *Hy het kom/gaan|bly|leer swem. Hy het die hysbak sien|voel|hoor|laat boontoe gaan. Hy het 'n tekening kon|moes|sou|wou maak*.

Die Taalkommissie erken egter wel wisselvorme met en sonder *ge-* by die voltooide deelwoorde van die vier medewerkwoorde *lê*, *loop*, *sit* en *staan*: *Sy het lê|gelê en boek lees. Hy het loop|geloop en lag. Die makelaar het sit|gesit en slaap toe hy my aandele moes verkoop. Hulle het staan|gestaan en grappe vertel*.

- 3.2 Wisselvorme kom voor by enkele woorde wat eindig op *-st* naas *-s*, nl. dié op *-blas(t)*, *-klas(t)* en *-plas(t)*, soos *epiblast* naas *epiblas*, *idioblast* naas *idioblas*; *kranio-klast* naas *kranioklas*, *piroklast* naas *piroklas*; *leukoplast* naas *leukoplas*, *protoplast* naas *protoplas*.

**Opmerking**

Persoonsname op *-klas* kry geen *-t* nie, bv. *biblioklas* en *ikonoklas*.

- 3.3 'n Alleenstaande wisseling *-gt* naas *-g* kom voor by *agt* naas *ag*.
- 3.4 Wisselvorme kom voor by bepaalde adjektiewe en bywoorde wat eindig op *konsonant + -d* naas blote konsonant, bv.: *begaafd* naas *begaaf*, *beleefd* naas *beleef*, *bekaafd* naas *beskaaf*, *gejaagd* naas *gejaag*, *gewaagd* naas *gewaag*, en *onvergenoegd* naas *onvergenoeg*.
- 3.5 Wisselvorme met en sonder slot-*d* bestaan by sommige adjektiewe wat afgelei is van werkwoorde wat eindig op *-l*, *-m*, *-n*, *-ng*, *-r*, 'n vokaal of 'n diftong, bv. *sy verstand is taamlik benewel(d)*; *die dame was netjies geklee(d)*; *die dokter is goed gekwalifiseer(d)*; *die geselskap was gemeng(d)*; *die vrugte lê gesaai(d) onder die bome*; *hy is nie vandag goed gestem(d) nie*; *ongenooi(d) êrens aankom*; *die kêrel is nie juis baie verfynd(d) nie*; *vermoei(d) wees*; *die vee staan versprei(d) in die kamp*; *die papiere lê verstrooi(d) op die vloer*.

**Opmerking**

Naas hierdie adjektiewe wat met wisselvorme voorkom, is daar ander (dikwels ook bywoordelik gebruik) wat verband hou met of gevorm is na die voorbeeld van werkwoorde wat op *-l*, *-m*, *-n*, *-r*, 'n vokaal of 'n diftong uitgaan, en wat slegs met 'n slot-*d* voorkom, bv. *bepaald*; *beroemd*; *gediend*, *gewoond*; *bedaad*, *bejaard*, *gemanië-*

*reerd, ongedeerd, ongegeneerd, verbeurd, verbouereerd, vermaard; gehuud; gemoeid, berooid, getroud.*

- 3.6 Die korrelate van sekere Afrikaanse woorde word sonder variasie gebruik as eerste stamme in samestellings, bv. *aanloop, aartappel, aptyt, atoom, baksteen, bankrot, basalt* en *brein* in samestellings soos *aanloopbaan, aartappeloës, aptytwekker, atoomoorlog, baksteentekort, bankrotboedel, basaltlaag* en *breindisfunksie*. Daarnaas het sekere woordkorrelate verpligte voegsels wanneer hulle as eerste stamme in samestellings gebruik word. *Aanval, aanvang, afskeid, ambag, arbeid, bedryf, besoeker, bruid, bruilof* en *bystand* het byvoorbeeld almal 'n eerstestamvariant met 'n ekstra slot-*s*: *aanvalsverdrag, aanvangsonderwys, afskeidsgeskenk, ambagsman, arbeidsgeskil, bedryfsleiers, besoekersboek, bruidsgewaad, bruilofsgas* en *bystandsfonds; aristokraat, berk, beuk, den, held, skurk* en *student* het byvoorbeeld almal 'n verlengde eerstestamvariant met 'n ekstra slot-*e*: *aristokratebuurt, berkehout, beukeboom, denneplank, heldedaad, skurkestreek, studentergyby*.

- 3.6.1 Dis in 'n hoë mate onvoorspelbaar of 'n bepaalde eerstestamvariant van 'n sekere woordkorrelaat voor 'n sekere tweede stam in 'n samestelling sal optree, maar daar is tog enkele reëlmatighede. 'n Verlengde eerstestamvariant op *-s* tree feitlik altyd op as die betrokke simplekse woord eindig op *-eur* (bv. *kommandeurs-, outeurs-, regisseurs-*), *-heid* (bv. *beleefdheids-, grootheids-, minderheids-*), *-ing* (bv. *aanvullings-, bepalings-, magtigings-*), *-skap* (bv. *gemeenskaps-, lidmaatskaps-, wetenskaps-*) en *-teit* (bv. *fakulteits-, sekuriteits-, universiteits-*).

Eerstestamvariante met voegsels tree ook feitlik altyd op as die tweede stam in die betrokke samestelling *-gesind, -halwe, -waardig* of *-weë* is (soos in *besienswaardig, pligshalwe, van staatsweë* en *vergewensgesind*), behalwe in enkele verouderde vorme, nl. *doem-, gedenk-, geloof-, merk-* en *vloekwaardig*.

Dit is volgens die Afrikaanse sisteem foutief om in gevalle waar 'n stam met 'n voegsel 'n vereiste is, nie die voegsel te skryf nie, bv. *\*aanvangonderwys, \*beleidadviseur, \*dameklerk, \*eiendomagent, \*inspekteurverslag, \*kontinuiteitaankondiger, \*ontvangdame, \*skoonheidsdeskundige, \*sluitingdatum, \*stadbeplanning, \*veiligheidswag, \*wetenskapraadgewer* in stede van die korrekte *aanvangsonderwys, beleidsadviseur, damesklerk, eiendomsagent, inspekteursverslag, kontinuiteitsaankondiger, ontvangsdame, skoonheidsdeskundige, sluitingsdatum, stadsbeplanning, veiligheidswag* en *wetenskapsraadgewer*.

Wanneer 'n woord 'n eerstestamvariant het wat op die voegsel *s* eindig, skryf ons tradisioneel nie die *s* as die tweede stam in die samestelling met 'n *s* begin nie. Dus *damesandale* (naas *dameskouse*), *geestesiekte* (naas *geesteskwale*), *liefdesanger* (naas *liefdesweldaad*), *regeringsaak* (naas *regeringsvorm*), *seunskool* (naas *seunsklere*).

Verval die tweede stam egter, soos in *dames-* en *mansandale* (naas *damesandale* en *mansandale*), skryf ons wel die *s*. Dus ook *seuns-* en *dogterskoene* en *geestes-* en *liggaamlike siektes*.

- 3.6.2 By sekere eerste stamme kom morfologiese wisseling voor. Daarmee word byvoorbeeld die volgende bedoel:

(1) Die woord *vader* het as eerstestamkorrelaat *vader-* in die oorgrote meerderheid

- samestellings, behalwe voor heel enkele stamme soos *-kant*, *-moeder*, *-naam*, *-vader*, *-weë* en *-wil*. In die laasgenoemde gevalle het dit die variant *vaders-*.
- (2) Die woord *bevel* het as eerstestamkorrelaat die variant *bevels-* voor alle tweede stamme behalwe *-gewend*, *-gewer*, *-gewing*, *-hebbend*, *-hebber*, *-voerder*, *-voerend* en *-voering*. In die laasgenoemde gevalle is die eerste stam vormgelyk aan die simpleks.
  - (3) Die woord *geloof* het as eerstestamkorrelaat die variant *geloofs-* voor alle tweede stamme behalwe *-waardig* en *-wekkend*.
  - (4) Die woord *son* het as eerstestamkorrelaat die variant *sons-* in byvoorbeeld *sonsafstand*, *sonshoogte*, *sonsondergang*, *sonsopgang* en *sonsverduistering*, die variant *somme-* in bv. *sonneblom*, *sonmeklaar* en *sonnewende*, en die eerste stam is vormgelyk aan die simpleks in bv. *sondroog*, *soneg*, *soneklips*, *sonhoed*, *songod*, *sonkant*, *sonkoker*, *sonkultus*, *sonlig* en *sonmeter*.

Hoewel morfologiese wisseling voorkom, is die wisseling nie vry nie. Dit is volgens die Afrikaanse sisteem foutief om 'n ander variant te gebruik as die een wat morfologies vereis word. Dit is byvoorbeeld foutief om *\*sonafstand*, *\*sonneonder*, *\*sonneblom*, *\*sonverduistering* te skryf in stede van respektiewelik die korrekte *sonafstand*, *sononder*, *sonneblom*, *sonsverduistering*.

- 3.6.3 Sekere Afrikaanse woordkorrelate word sonder én met variante gebruik as eerste stamme in samestellings met bepaalde tweede stamme, en albei variante is gebruiklik in Standaardafrikaans, bv. *boektaal* en *boeketaal*, *boerwou* en *boerevrou*, *dooigewig* en *dooiegewig*, *gewetesaak* en *gewetenssaak*, *inkoopprys* en *inkoopprijs*, *kalfsvel* en *kalwervel*, *landwyd* en *landswyd*, *naeltjieolie* en *naeltjiesolie*, *verjaardag* en *verjaarsdag*, *werkwinkel* en *werkswinkel*.

In sulke gevalle staan dit die gebruiker vry om enigeen van die variante te skryf.

- 3.6.4 Sekere Afrikaanse woordkorrelate word sonder én met variante gebruik as eerste stamme in samestellings met bepaalde tweede stamme, maar een van die twee variante is minder gebruiklik of het 'n dialektiese, sosiolektiese of chronolektiese kleur.

Die woord *streek* korreleer bv. met *streek-* én *streeks-* as stam, maar die samestellings met *streeks-* is nie algemeen gebruiklik nie, terwyl dié met *streek-* wel is, bv. *streekhof*, *streeknuus*, *streekraad*, *streektaal*.

Andersyds korreleer die woord *mier* bv. met *mier-* én *miers-* voor *-hoop*, maar *mierhoop* is nie algemeen nie en *miershoop* is. Net so korreleer die woord *veer* bv. met *veer-* én *vere-* voor *-bed*, maar *veerbed* is nie algemeen nie en *verebed* wel. Volgens die grondbeginsels gee die Taalkommissie in sulke gevalle die voorkeur aan die algemene en niegestigmatiseerde vorme en slegs hulle verskyn in die *Woordelys*.

#### **Opmerking**

- (1) Slegs in heel enkele gevalle is woorde met eerstestamvariante doeblette, en hulle word as sodanig in die *Woordelys* opgeneem, bv. *geestewêreld* naas *geesteswêreld*, *liptaal* naas *lippetaal*, *skoolsang* naas *skolesang*, *universiteitspan* naas *universiteite-span*.
- (2) Verlengde variante tree in enkele gevalle ook op as stamme in afleidings, soos in *boekurig*, *kinderloos* en *skriftelik*, en ook hier is daar gevalle van algemeen gang-

bare wisseling, soos in *geslagloos* naas *geslagsloos*, *geweteloos* naas *gewetenloos*, *kalfies* naas *kalwertjies*, *leweloos* naas *lewensloos* en *vrylik* naas *vryelik*.

- 3.7 'n Aantal selfstandige naamwoorde vertoon 'n wisseling van *-s* of *-e* by hulle meervoudsvorme, bv. *beuls* naas *beule*, *doktors* naas *doktore*, *gyselaars* naas *gyselare*, *idees* naas *ideë*, *kapelaans* naas *kapelane*, *moderators* naas *moderatore*, *vampiers* naas *vampiere*; *handelings* naas *handelinge*, *samestellings* naas *samestellinge*, *stellings* naas *stellinge*, *teenstellings* naas *teenstellinge*, *vergaderings* naas *vergaderinge*, *werkings* naas *werkinge*. Die opvatting dat die *-e*-meervoud eerder 'n abstrakte en die *-s*-meervoud eerder 'n konkrete waarde het, gaan nie op nie. Stilisties kan spesifieke gevalle met die *-e*-meervoud as formeler beskou word, bv. *ideë* naas *idees* en *forme* naas *forms*. In die geheel gesien, is die wisselvorme egter gelykwaardig.

#### **Opmerking**

Woorde soos *faktors* naas *faktore* en *motors* naas *motore* verskil in betekenis.

- 4 Verkleiningsvorme van woorde met die agtervoegsel *-ling* het *-etjie*, bv. *afstammingetjie*, *huurlingetjie*, *leerlingetjie*.

- 5 Woorde wat op *-ng* eindig en wat die hoofklem het op die sillabe waarvan *-ng* deel is, het 'n verkleiningsvorm met *-etjie*, bv. *dingetjie*, *gesangetjie*, *ghongetjie*, *kampongetjie*, *ringetjie*, *slangetjie*.

Dit geld ook vir samestellings met sulke woorde as laaste komponent, bv. *verloofringetjie*, *tuinslangetjie*. As die sillabe met *-ng* nie die hoofklem dra nie, het die betrokke woord 'n verkleiningsvorm met *-kie* en verval die *-g* van die *-ng*, bv. *koninkie*, *rekeninkie*, *wandelinkie*.

#### **Opmerking**

Daar is enkele uitsonderings, soos *klonkie* (van *klong*).

- 6 Verlede deelwoorde wat op *f, g, s* uitgaan, toon onvastheid wat betref die attributiewe vorme op *-te* of *-de*. Vgl. 5. *Konsonante*, 3.4.

- 7 Wisselvorme word erken by bepaalde natuurwetenskaplike terme met die volgende agtervoegsels:

(1) *-ied* (mv. *-iede*) naas *-ide* (mv. *-ides*): *aldehyd* (mv. *aldehyede*) naas *aldehyde* (mv. *aldehydes*); *oksied* (mv. *oksiede*) naas *okside* (mv. *oksides*), ens.; en

(2) *-ien* (mv. *-iene*) naas *-ine* (mv. *-ines*): *amien* (mv. *amiene*) naas *amine* (mv. *amines*); *proteien* (mv. *proteiene*) naas *proteïne* (mv. *proteïnes*); *vitamien* (mv. *vitamiene*) naas *vitamine* (mv. *vitamines*).

### 3. VOKALE

- 1 Die vokaaltekena *a, o, u* en *e* word dubbel geskryf in 'n geslote sillabe om onderskeidelik die klankwaardes [a:], [o:], [y(:)] en [e:] weer te gee, bv. *aap*, *baan*, *maat*, *traan*; *boor*, *verstoort*, *aanvoort*, *voort*; *uur*, *nuus*, *nuut*, *skuur*, *spuug*; *been*, *veer*, *deel*, *weens*.



- 2 Wanneer dié klankwaardes egter in 'n oop begin- of binnesillabe weergegee word, word slegs 'n enkele vokaalteken *a*, *o*, *u* en *e* geskryf, bv. *ape*, *bane*, *mate*, *trane*; *bore*, *verstoting*, *aanvoring*; *ure*, *nusies*, *vernuwing*, *skuring*; *bene*, *vere*, *deler*.
- 3 Die klankwaardes [a:], [o:] en [y] word in 'n oop eindsillabe weergegee deur 'n enkele vokaalteken *a*, *o* en *u*, bv. *karba*, *ma*, *pa*; *bo*, *buro*, *glo*, *tablo*; *balju*, *kru*, *slu*.  
**Opmerking**  
 In sommige eiename is daar dubbele vokaalttekens in die oop eindsillabe, bv. *Minderaa*, *Vosloo*, *Karoo*, *Waterloo*.  
 Dit geld ook vir soortname wat met sulke eiename verband hou, bv. die plantname *karoo* en *bitterkaroo*.
- 4 In samestellings en die grootste gros afleidings word die slot-*a*, *-o* en *-u* van die stam net so behou: *maägtig* of *ma-agtig*, *nader*, *paskap*, *stiefpaägtig* of *stiefpa-agtig*, *uitvraeriger*, *vraerig*; *egoïsties*, *embrionaal*, *jingoagtig*, *radiomatig*, *tabloërig*; *balju-loos*, *individue*, *individueel*, *kontinuïteit*, *grusaam*, *skuering*, *sluheid*, *waarskuwend*; *jawoord*; *bolaag*, *buroklerk*, *radiogram*, *tablokuns*; *baljuwerk*, *senusiekte*, *skaduryk*, *truspieël*.
- 5 In verkleinwoorde en *-s*-meervoude word 'n afkappingsteken gebruik ná *-o*, *-u* en *-a* (as dit [a:] is): *karba'tjie*, *ma'tjie*, *pa'tjie*; *avokado'tjie*, *buro'tjie*, *tablo'tjie*, *torpedo'tjie*; *balju'tjie*, *skadu'tjie*; *karba's*, *ma's*, *pa's*; *avokado's*, *buro's*, *tablo's*, *torpedo's*; *balju's*, *skadu's*. (Vgl. 9.2 *Opmerking* (2) hier onder.)  
**Opmerking**  
 (1) In superlatiewe word die *u* van die oop eindsillabe van die stam verdubbel, byvoorbeeld in *ruuste*, *skuuste* en *sluuste*.  
 (2) In *boonste* en *boontoe* word die *o* van die *bo* verdubbel omdat dit in 'n geslote sillabe staan.
- 6 Die klankwaarde [e:] word in 'n oop eindsillabe weergegee deur *ee*, bv. *gee*, *idee*, *onomatopee*, *see*, *tree*, *trogee*, *twee*, *vee*.
- 7 Die dubbelgeskrewe *ee* van 'n oop eindsillabe word vervang deur 'n enkel *e*  
 (1) voor die agtervoegsel *-eel*, soos in *ideëel*, en die agtervoegsel *-ies*, soos in *onomatopeïes* en *trogeïes*;  
 (2) in verboë en afgeleide vorme voor 'n swak beklemtoonde [ə], soos in *bekleër*, *gewer*, *gesmede*, *treë*, *trogeë*, *tweë*, *tweërlei* en *veër*.  
**Opmerking**  
 Op hierdie reël is daar enkele uitsonderings, wat om tradisionele redes met *ee* gespél word: *tweede*, *tweedens*.
- 8 Oor *ê*, *i*, *ô* en *û* kyk onder 9. *Kappie* en onder 13. *Woorde van vreemde herkoms*, o.a. 6.2.4.3 en 6.2.4.4.
- 9 Soms word *i* en soms *ie* gebruik om die klankwaarde [i] weer te gee. Dié tweërlei weergawe het te make met die feit dat die Afrikaanse woordeskat uiteenval in twee

groot groepe. Groep een bestaan uit Germaanse woorde van 17de-eeuse Nederlandse herkoms tesame met ontlenings aan Engels, Duits, sekere Oosterse tale (met inbegrip van Maleis-Portugees) en Koi- en sekere Afrikatale. Dié groep woorde het 'n Afrikaanse spellingtradisie wat gebaseer is op 'n ouer, Nederlandse tradisie. Groep twee bestaan uit woorde van klassieke (Griekse en Latynse) herkoms tesame met ontlenings aan die Romaanse tale, veral Frans en Italiaans. Dié groep woorde het 'n Afrikaanse spellingtradisie wat gebaseer is op 'n ouer, inter-nasionale tradisie.

- 9.1 In woorde van groep een – voortaan die nieklassieke woorde genoem – word [i] altyd deur *ie* weergegee: (Afrikaanse erfgoed) *bietjie, geskiedenis, ieder, iemand, iewers, niemand; iets, sien, verniet*; (uit Engels) *krieket, fliek, piekniek, pienk*; (uit Oosterse tale) *kierang* naas *kierankies, mielie, piekel, piering, tiekie*; (uit Koi- en Afrikatale) *bietou, kierre, kiesa* naas *kieza, mopanie, tamboekie*.

**Opmerking**

By 'n beperkte getal nieklassieke woorde word die [i] deur *i* weergegee, bv. (uit Oosterse tale) *derwisj, emir, fakir, harakiri, imam, Islam, kiwi, moefsti, Pakistani*; (uit Afrikatale) *impala, indaba*; (uit Noors) *ski*; (uit Duits) *Nazi*.

- 9.2 In woorde van groep twee – voortaan die klassieke woorde genoem – word die [i] in geslote sillabes en in oop eindsillabes deur *ie* weergegee: *anoniem, brief, frankofiel, parasiet, plesier, tragies; bagasie, chemie, kohesie, monopolie, nasie, profesie, professie, unie, utopie*.

**Opmerking**

(1) By 'n beperkte getal klassieke woorde word die [i] in oop eindsillabes deur *i* weergegee, bv. *alibi, graffiti, confetti* naas *konfetti, mini, pari, macaroni* en *potpourri*.

(2) In verkleinwoorde en -s-meervoude word 'n afkappingsteken gebruik na -i: *ski's, alibi's, Nigrini'tjie, mini'tjie*. (Vgl. 5 hier bo.)

- 9.3 In verboë en afgeleide vorme met gewone agtervoegsels soos -e, -er, -erig, -ig en -s word die slot-*ie* van die stam behou: *anonieme, bietjies, briewe, chemies, frankofiele, kategorieë, kieries, masjiene, mielies, monopolieë, parasiete, pienkerig, plesierig, profesieë, professies, siener, tiekies, unies*. Maar in afleidings met agtervoegsels van vreemde herkoms, soos -aal, -eel, -eer, -erie, -ies, -is, -isme, -isties, -iteit, word die slot-*ie* van die stam vervang deur 'n *i*: *uniaal, masjinaal, industrieel, parasiteer, masjineer, masjinerie, parasities, masjinis, kopiës, parasitisme, infantilisme, naiwiteit, anonimiteit*.

- 9.4 In klassieke woorde word die [i]-klank in oop sillabes, uitgesonderd oop eindsillabes, deur 'n *i* weergegee: *albino, artikel, corrigenda, bifokaal, ideaal, ideël, kam-pioen, mika, titel, vitamines*.

**Opmerking**

By 'n groot groep woorde is daar dus *i* in niefinale oop sillabes en *ie* in oop eindsillabes, bv. *assimilasie, elektrifikasie, familie, inhibisie, kondisie, notisie, piromanie, polisie, psigologie, sinonimie*.

9.5 Die [ə]-klank word in sommige gevalle tradisioneel weergegee deur *i* en in ander deur *e*, bv. *akkedis*, *altemit*, *begrip*, *dinges*, *geskrif*, *relik*, *sering*, *verwilder*, *wilger*. In sekere gevalle van historiese vokaalverdwyning word [ə] nog as *a*, *i*, *o*, *u* en *y* ter wille van die Afrikaanse spellingtradisie weergegee, bv. in: *basaar*, *esplanade*; *bi-biblioteek*; *peloton*, *sjokolade*; *rumatiek*; *byvoorbeeld*. (Vgl. ook 10.7.)

10 Die klankwaarde [ə] word deur *i* of *e* weergegee.

10.1 'n [ə] voor *b*, *d*, *s*, *k*, *p*, *f*, *t*, *mf*, *mp*, *nt* en [x] en [ŋ] in 'n geslote sillabe word deur *i* weergegee, ongeag die aantal sillabes in die woord en die klemgraad van die betrokke sillabe. Voorbeelde is:

voor *b* – *rib*;

voor *d* – *bid*, *smid*, *gids*;

voor *s* – *akkedis*, *basis*, *diskoteek*, *disnis*, *gis*, *gratis*, *ibis*, *idealis*, *jaspis*, *Krismis*, *minister*, *miskien*, *misnoeë*, *polis*, *sekretaris*, *sisteem*, *vonnis*, *vullis*, *Wallis*; *asterisk*, *baselisk*, *obelisk*, *tamerisk*, *sist*; die voorvoegsels *cis-*, *dis-* en *mis-* soos in *Ciskei*, *disin-vesteer* en *miskien*; en die agtervoegsels *-aris* (persoonsvormer), *-is* (persoonsvormer), *-isme*, *-isties*, *-itis*, *-nis* en *-ernis* soos in *argivaris*, *idealis*, *pasifisme*, *monopolisties*, *brongitis*, *bekentenis* en *ergernis*;

voor *k* – *dik*, *distrik*, *hawik*, *lewerik*, *maklik*, *monnik*, *oomblik*, *runnik*, *samik*, *wonderlik*; *daaglik*, *niks*, *oniks*, *sikspens*; die agtervoegsels *-lik*, *-liks* en *-rik* soos in *vryelik*, *maandeliks*, *belangrik* en *stommerik*;

voor *p* – *begrip*, *manuskrip*, *wip*; *eklips*, *ellips*, *glips*;

voor *f* – *differensieer*, *lipstif*, *opskrif*, *sif*;

voor *t* – *altemit*, *oudit*, *pandit*, *permit*, *rit*; *blits*, *Brits*, *splits*;

voor *mf* – *limf*, *nimf*;

voor *mp* – *krimp*, *glimps*, *palimpses*;

voor *nt* – *absint*, *grint*, *kolokwint*, *pint*, *splint*;

voor [x] – *besig*, *ewig*, *lig*, *stadig*, *stewig*, *tagtig*, *vaandrig*, *senuweeagtig*, *pragtig*, *kielie-  
rig*, *nuttig*, *vrotsig*;

voor [ŋ] – *ding*, *horing*, *koning*, *paling*, *sering*, *torring*, *bekoring*, *tering*, *tweeling*, *verstoteling*; *hings*, *pluiings*, *toiings*, *mondelings*, *blindelings*; *dink*, *distinktief*, *flamink*, *katswink*, *Pinkster*, *rinkink*, *tinktinkie*, *tinktuur*; *larinks*, *links*, *slinks*.

Dit geld ook afleidings van en samestellings met sulke woorde, bv. *digte*, *digmaking*, *digting*, *digtheid*, *halfdig*, *muskietdig*, *muskietdigte*, *ondigte*, *verdig*, *verdigseltjie*, *verdigting*.

### **Opmerking**

Die enigste uitsonderings op hierdie reël is *alles*, *dinges*, *moses*, *hennep*, *helmet*, *krieket* en stamme met voegsels soos *geestes-* en *liefdes-* en enkele ander.

10.2 Die [ə] in die voorvoegsels *il-*, *im-*, *in-*, *infra-*, *intra-*, *intro-*, *sim-*, *sin-* en *sirkum-* en die eerste vokaal in *inter-* word met 'n *i* weergegee, bv. *illustrasie*, *impotent*, *infiltrer*, *informeel*, *infrarooi*, *intramuskulêr*, *introspeksie*, *simmetrie*, *sintese*, *sirkumpolêr* en *internasionaal*.

Dit geld ook afleidings van en samestellings met sulke woorde, bv. *impotensie*, *infiltrasie*, *informaliteit*, *internasionalisme*, *introspektief*, *simmetries*, *niesinteties* en *sirkumpolariteit*.

### **Opmerking**

Hierdie voorvoegsels is almal van klassieke of Romaanse herkoms. Daarom word sommige van hulle ook met 'n [i] uitgespreek, bv. *illegitiem* en *illustrasie*.

- 10.3 'n [ə] in 'n oop sillabe word deur *e* weergegee, ongeag die aantal sillabes in die woord en die klemgraad van die betrokke sillabe.  
Voorbeelde is: *se, te; derde, grootte, kudde, oase, perske, prinsipe, roete, ruspe, skole; afskuwelik, afstammeling, blouerig, moedeloos, nege, opera, siekerig, skriftelik, verbin- tenis, verstoteling, deposito, halleluja, madeliefie, penarie, porselein, resep, retoer, se- ring, skelet*.  
Dit geld ook afleidings van en samestellings met sulke woorde, bv. *derdemag, groot- tes, geelperskeblatjang, negentig, oasetjie, prinsipes, roetekaart, ruspeband, skoleatletiek*.
- 10.4 Die [ə] in voorvoegsels, behalwe dié onder 10.2 hier bo, word deur *e* weergegee, nl. *be-, bege-, ge-, hetero-, hiper-, super-, ver-* en *veront-* en die laaste vokaal in *inter-*, bv. *beman, bespring, bewark, begelei, geloop, geaadjie, ('n) geraas, heteromorf, hiper- krities, superbelasting, verdra, vergewis, verontskuldig* en *internasionaal*.
- 10.5 [ə] voor *l, m, n* en *r*.
- 10.5.1 In geslote, beklemtoonde sillabes word [ə] deur *i* voor *l, m, n* en *r* weergegee. Voorbeelde is:  
voor *l* – *kil, skild, wilg, tjilp; affodil, filter, geskil* (stryd), *krokodil, pupil, silwer, skilpad*;  
voor *m* – *glim, glimps, krimp, nimf, nimbus, simpel, wimpel*;  
voor *n* – *min, vin, bind, sins; brinjal, gesin, godin, heldin, tjintjilla; hiasint, korint, labirint*;  
voor *r* – *tjirp, girts, kir, sirkus, vir*.  
Dit geld ook afleidings van en samestellings met sulke woorde, bv. *wille, willetjie, ontwil, bewillig, onwillig, gewild, wilsbesluit, willekeur*.
- 10.5.2 In 'n geslote, onbeklemtoonde sillabe na die hoofklem word [ə] deur *e* weergegee. Voorbeelde is:  
voor *l* – *adel, amandel, artikel, fakkell, kansel, koejawel, korswel, lepel, orrel, tafel, weefsel, worstel, wortel*;  
voor *ld* – *bedremmeld, versukkeld, wêreld*;  
voor *ls* – *dikwels, Engels, Napels*;  
voor *m* – *besem, darem, ditsem, wasem*;  
voor *n* – *baken, heiden, oefen, tussen*;  
voor *nd* – *arend, bindend, briesend, nakend, oggend*;  
voor *ns* – *effens, êrens, kragtens, nonsens, volgens*;  
voor *r* – *bibber, honger, kerker, suiwerder, wilder*;  
voor *rd* – *honderd, mosterd, standerd, tabberd*;  
voor *rt* – *sedert*;  
voor *rs* – *eenders naas eners, elders, immers, Westers*.

### **Opmerking**

- (1) Daar is 'n taamlike groot groep uitsonderings wat saam 'n kategorie vorm: in 'n geslote, onbeklemtoonde sillabe in 'n meersillabige woord wat nie 'n afleiding of 'n samestelling is nie, word [ə] voor *m* of *n* deur *i* in woorde van vreemde herkoms weergegee. Vergelyk *denim*, *interim*, *kelim*, *maxim* of *meksim*, *olim*, *passim*, *pelgrim*; *enjin*, *gobelin*, *Kremlin*, *mokassin* en *zeppelin*.
- (2) Samestellings met *-sins* word tradisioneel met 'n *i* gespel om [ə] voor te stel: *allesins*, *andersins*, *enigsins* en *geensins*.

- 10.5.3 In 'n geslote, onbeklemtoonde sillabe voor die hoofklem word [ə] deur *e* voor *r* weergegee, bv. in *sersant*, *servet* en *slawerny*, maar deur *i* voor *l*, *m* en *n*, bv. in *briljant*, *miljard*, *pawiljoen*; *gimnas*, *palimpses*, *simbool*; *kwintet*, *palindroom*, *prinsipe*, *sinjaal* en *tjintjilla*.

### **Opmerking**

Daar is enkele uitsonderings by hierdie laaste groep, soos *ateljee*, *fronteljak* (soort druif), *kabeljou*, *pampelmoes* en *skoppelmaai*.

- 10.6 In enkele woorde met 'n verswakte vokaal word [ə] deur 'n afkappingsteken weergegee, soos in *g'n* en *s'n*.

### **Opmerking**

Let daarop dat die onbepaalde lidwoord [ə] as 'n gespel word.

- 10.7 Weens historiese vokaalverdwying, ten minste in die spraak van party sprekers, en ter wille van die Afrikaanse spellingtradisie, word [ə] soms nog as *a*, *e*, *ee*, *i*, *o*, *u* of *y* gespel, bv. in *aluminium*, *basaar*, *biblioteek*, *byvoorbeeld*, *dollar*, *esplanade*, *filystyn*, *intelligent*, *juwelier*, *kolonel*, *leemetford*, *peloton*, *selakant*, *sjokolade*, *skaduwee* en *rumatiek*.

## 4. DIFTONGE

Met die uitsondering van [əi] lewer die spelling van diftonge geen probleem nie. Vanweë die Afrikaanse spellingtradisie word *ei* en *y* gebruik om die diftong [əi] weer te gee, bv. *brei*, *lei*, *steil*, *wei* teenoor *bry*, *ly*, *styl* en *wy*. (Vgl. 1. *Grondbeginsels*, 2.3.)

## 5. KONSONANTE

- 1 Daar is woorde waarin [b] in die verboë vorm en in sekere afleidings uitgespreek word, bv. *skubbe*, *robbe*, *saadlobbe*, *skubberig* en *gerubyn*, maar waarin [p] in die onverboë vorm, in sekere ander afleidings en in samestellings gehoor word, bv. *skub*, *skubagtig*, *rob*, *robvleis*, *saadlob*, *gerub* en *gerubs*. In sulke gevalle word die beginsel van gelykvormigheid toegepas en word die [p] as *b* geskryf.

### **Opmerking**

Volgens die beginsel van gelykvormigheid word 'n *b* geskryf in die stam van afleidings soos *klubpie* en *snobpie*, maar daar word bykomstig 'n *p* geskryf om die uitspraak van die afleiding weer te gee.

- 1.1 Daar is woorde waarin [d] in die verboë vorm en in sekere afleidings uitgespreek word, bv. *winde*, *moorde*, *moordend*, *dade*, *dader*, *verbreding*, *hibriede* en *hibridiseer*, maar waarin [t] in die onverboë vorm, in sekere afleidings en in samestellings uitgespreek word, bv. *wind*, *moord*, *moordaanklag*, *daad*, *daadwerklik*, *verbreed*, *breedste*, *breedheid* en *hibried*. In sulke gevalle word die beginsel van gelykvormigheid toegepas en word die [t] as *d* geskryf.

### **Opmerking**

- (1) Daar is enkele wisselvorme soos *saad*, *sade* naas *saat*, *sate* en enkele doeblette soos *raad*, *rade* teenoor *raat*, *rate*.
- (2) Hoewel woorde wat vormlik verwant is, bv. *verbind* en *beeld*, met 'n *d* geskryf word ter wille van gelykvormigheid met die [d]-uitspraak van verwante vorme soos *verbonde* en *verbinding*, *beelde* en *beeldend*, word die afleidings op *-(e)nis* met 'n *t* geskryf, respektiewelik *verbintenis*, *beeltenis*.
- (3) *Kwaad* en alle samestellings en afleidings daarvan, behalwe *kwater*, word vanweë die Afrikaanse spellingtradisie met 'n *d* geskryf.
- (4) Volgens die beginsel van gelykvormigheid word 'n *d* geskryf in die stam van afleidings soos *Goudstadter*, *Grahamstadter* en *Kokstadter*, maar daar word bykomstig 'n *t* geskryf om die uitspraak van die afleiding weer te gee.
- 1.2 Daar is woorde waarin [d] in sekere verboë vorme en afleidings uitgespreek word, soos in *voorbereidend* en *voorbereiding*, *verblydend* en *verblyding*, maar waarin [t] in ander afleidings en in samestellings uitgespreek word, soos in *voorbereidsels* en *blydschap*, en waarin nóg [d] nóg [t] in die onverboë vorme (*voorberei*, *verbly*, *bly*) uitgespreek word. In sulke gevalle word, behalwe in die onverboë vorme, altyd *d* geskryf.

- 2 Die *d* word tradisioneel geskryf na *l*, *n* en *r* in woorde soos *helder*, *kelder*, *solder*; *hoenders*, *kinders*, *skinderbek*; *daardie*, *hierdie*, *perde*. Die [d] in hierdie woorde word dikwels nie uitgespreek nie.
- 2.1 Werkwoordelik gebruikte voltooide deelwoorde word sonder *d* op die einde geskryf, behalwe waar die grondwoord reeds op 'n *d* uitgaan:
- Jan het geslaag.*  
*Die kamers moet opgeruim word.*  
*Die onderwyser het die kinders besiel met sy entoesiasme.*  
*Die buit is gisteroggend verdeel.*  
*Die pad is verlede jaar verbreed.*  
*Daar word gebid.*
- 2.2 Adjektiewies of bywoordelik gebruikte voltooide deelwoorde kry dikwels 'n *d* op die einde:

*Die volkere is beskaaf(d).*  
*Willem en Susan is Saterdag getroud.*  
*Die erfporse is verbeurd verklaar.*  
*Die lewe is te gejaag(d).*  
*Die dames was almal netjies geklee(d).*

- 2.3 Adjektiewe en bywoorde wat histories met deelwoorde verband hou, val wat die slot-*d* betref, in twee groepe uiteen:

- (1) 'n Sekere groep word nooit sonder 'n slot-*d* geskryf nie, o.a.:  
*bedoord, bejaard, bemiddeld, benard, benoud, bereid* (gewillig), *beroemd, berooid, bgskroomd, gediend, gehuud, gemaniëreed, gemiddeld, gereeld, getroud* (gehuud), *gewend, gewild, gewoon, ingewikkeld* (moeilik), *ongedeerd, ongegeneerd, ongehoord* (buitensporig), *ongesteld, ongetwyfeld, opgeruimd* (vroliek), *verbeurd, verbouereerd, verdeeld* (nie eenstemmig), *verguld, verkeerd, vermaard, vervaard, verveeld, verwaand*.
- (2) 'n Sekere groep word soms met en soms sonder 'n *d* geskryf omdat albei uitsprake voorkom, bv. *bedroef(d), beleef(d), bemin(d), beskaaf(d), beskimmel(d), beswaar(d), geblom(d), geklee(d), gestem(d), gestrem(d), getitel(d), halfgeskool(d), ongenooi(d), uitgesonder(d), verstrooi(d), verwaai(d), verwyder(d)*.

- 3 By voltooië deelwoorde is daar die volgende tipes gevalle:

- 3.1 Die voltooië deelwoorde van werkwoorde wat op *l, m, n, ng, r,* 'n vokaal of diftong uitgaan, kry in attributiewe funksie *-de*, bv. *bestelde, verhaspelde; ontruimde, verlamde; bemande, verdunde; gemengde; vermoorde; gehude; verdraaide, gebreide, beboude, gewyde*. Sommige voltooië deelwoorde van die voorgaande tipe kom in predikatiewe funksies soms met en soms sonder 'n *-d* aan die end voor. (Vgl. 2.2 en 2.3 hier bo.) Die *Woordelys* gee hierdie vorme soos volg:

bedwelm, *-de, of* bedwelmd, *-e*

- 3.2 Die voltooië deelwoorde van werkwoorde wat op *b* of *d* uitgaan, voorafgegaan deur 'n kort vokaal, behalwe [i] of [u], kry in attributiewe funksie *-de*, bv. *geribde, geskubde, bekladde, geredde, geskudde*.

**Opmerking**

Dit moet nie as 'n fout beskou word as *-te* in plaas van *-de* geskryf word na 'n stam wat op *b* uitgaan nie, want die spreektaal is op dié punt onvas.

- 3.3 Die voltooië deelwoorde van werkwoorde wat op *k* of *p* uitgaan, kry 'n attributiewe funksie *-te*, bv. *bedekte, geykte, verlepte, versuipte*.

- 3.4 By voltooië deelwoorde van werkwoorde wat op *f, g* of *s* uitgaan, is die spreektaal op verskeie punte onvas wat die *-te* of *-de* van die attributiewe vorme betref. Die huidige toestand is nie bereëlbaar nie.

**Opmerking**

(1) In die *Woordelys* word die attributiewe vorm van voltooië deelwoorde van werkwoorde wat op *f, g* en *s* uitgaan, telkens óf met *-te* óf met *-de* alleen gegee, bv. *gestryfde, gehefte, ingelegde, ingeligte, vereiste, vervalsde*, maar dit moet nie as 'n

fout beskou word as *-de* in plaas van *-te*, of *-te* in plaas van *-de*, geskryf word na 'n stam wat op *f*, *g* of *s* uitgaan nie.

- (2) In die *Woordelys* word vorme op *-heid* wat afgelei is van voltooidde deelwoorde van werkwoorde wat op *f*, *g* of *s* uitgaan, telkens óf met *-d-* óf met *-t-* gegee, bv. *gestyfdheid*, *versuftheid*, *gematigdheid*, *gehegtheid*, *begrensdeheid*, *ongewenstheid*, maar dit word nie as 'n fout beskou as *-d-* in plaas van *-t-*, of *-t-* in plaas van *-d-*, in sulke gevalle geskryf word nie.

- 4 In Afrikaans word die klankwaardes [f, v] en [w] weergegee deur *f*, *v* en *w*, maar nie in 'n een-tot-een-verhouding nie.

- 4.1 Aan die einde van sillabes word [f] deur *f* weergegee, bv. in *deftig*, *dof*, *geloof* en *golf*.

**Opmerking**

Daar is heel enkele uitsonderings, gewoonlik akronieme, bv. *Kovsie*.

- 4.2 Aan die begin van sillabes word [f] deur *f* of deur *v* weergegee en ter wille van die Afrikaanse spellingtradisie word die skryfwyses so behou, bv. met 'n *f* in *affêre*, *alfabet*, *dolfyn*, *feil* (fout), *fel* (heftig), *fier* (trots), *flikflooi*, *fors* (kragtig), *fout*, *frank* (munstuk), *frot* (kinderspeletjie), *gereformeerde* en *pasifis*, en met 'n *v* in *advies*, *aktiwis*, *dagvaar*, *drievoud*, *evangelie*, *halveer*, *hervorm*, *karnaval*, *klavier*, *koever*, *vaal*, *vaas*, *veil* (jou lewe – hê vir iets), *vel* (huid; laat val), *vier*, *vlooi*, *vròt* (verrot) en *vygie*.

**Opmerking**

- (1) In enkele gevalle word *ph* nog naas *f* in wisselvorme erken, bv. *euphorbia* naas *euforbia*. In heel enkele gevalle word slegs die *ph*-spelling erken, bv. *alphonse lavallée* (soort druif).

- (2) Voor die vervroulikingsuffixs *-in* word [f] deur *v* weergegee, al word die klank as *f* in die grondwoord geskryf, bv. *gravin* (naas *graaf*) en *wolvin* (naas *wolf*).

- (3) Voor die werkwoordelike suffixs *-eer* word *f* deur *v* weergegee, al word die klank met 'n *f* in die grondwoord geskryf, bv. *aktiveer*, *substantiveer*, *halveer*. Die twee uitsonderings is *parafeer* en woorde met die stam *-grafeer*, bv. *paragrafeer*.

**Let Wel**

Ten spyte daarvan dat ons *reserwe* en *halwe* skryf, skryf ons *reserveer* en *halveer* met 'n *v*.

- 4.3 In woorde van nieklassieke herkoms word die klank [v] aan die begin van sillabes deur *w* weergegee, bv. in *aakwyn*, *behalwe*, *blywend*, *delwer*, *druwe*, *ewig*, *lawaa*, *oerwoud*, *want*, *warrelwind*, *wêreld* en *wonderwerk*.

- 4.4 In woorde van klassieke herkoms word die klank [v] aan die begin van sillabes verskillend weergegee. In party woorde word [v] deur *w* weergegee, bv. in *adjektiewies*, *goewerment*, *impulsiwiteit*, *konserwatisme*, *kurwe*, *reserwe*, *rewolwer*, *soewerein*, *sportiwiteit*. In ander word [v] deur *v* of *w* weergegee, bv. in *evolusie* of *ewolusie*, *individu* of *indiwidu*, *paviljoen* of *pawiljoen*, *revolusie* of *rewolusie*. In 'n derde groep woorde van klassieke herkoms word [v] aan die begin van sillabes slegs deur *v* weergegee, bv. in *bravo*, *deverbatief*, *ekwivalent*, *uvula*, *valensie* en *viviseksie*.



4.5 Daar is buitendien in Afrikaans bepaalde woorde van klassieke herkoms waarin die uitspraak van verskillende sprekers wissel tussen [f] en [v]. In sulke gevalle word die klank weergegee deur *v*, bv. in *ekstrovert, inventaris, universeel, universiteit, via* en *vokaal*.

4.6 Die klank [w] word deur *w* weergegee. Voorbeelde is *akwarium, antikwaries, bekwaam, beswaar, beswyk, briekwabok, Deweystelsel, driekwart, dwaalspoor, dwarrelwind, dwars, dwingend, ekwilibrium, gedwonge, geswind, inkwisisie, katswink, konsekwent, kwaad, kwadraat, kwalifikasie, kwartaal, kwekery, kweper, kwitansie, kwota, kwyn, likwidasie, namakwaduij, outeniekwageelhout, paskwil, Qwaqwa, sekwestreer, sonkwasriet, stilswey, swaai, sweis, swenk, swier, swoeg, Tswana, twaalf, twee, twintig, twyfel* en *wê* (tw.).

#### **Opmerking**

(1) In enkele woorde word [w] deur *u* weergegee, bv. *linguistiek* en *sanguinies*.

(2) In enkele leenwoorde uit Engels word die *w*-spelling behou, bv. *Greenwich, bungalow, chowder, cowboy, newcastlesiekte, newton, rowlandiet, sowpreen* en *tomahawk*.

4.7 Daar is in Afrikaans woorde van nieklassieke herkoms waarin die uitspraak van verskillende sprekers wissel tussen [w] en [v]. In sulke gevalle word die klank weergegee deur *w*, bv. in *Hawais, kiwi* en *Malawi*.

5 Die *g* stel in Afrikaans verskillende klanke voor.

5.1 Dit stel [x] voor aan die begin en end van woorde en sillabes: *gaan, goed, geur, bog, nag, dag; agurkie, agitاسie; agter, nugter*.

5.2 Dit stel [g] voor in verboë vorme soos *berge* (mv.), *gevolge, morge, verborge* en in die uitspraak van baie sprekers van *nege, negende, negentien, negentig*, hoewel die meeste sprekers die betrokke klank vandag as [x] uitspreek.

6 In Afrikaans word die klankwaardes [s] en [z] weergegee deur *s* en *z*, maar nie in 'n een-tot-een-verhouding nie.

6.1 Net in leenwoorde, eiename en afleidings van en samestellings met sulke leenwoorde en eiename word die klank [z] in Afrikaans met 'n *z* of *zz* weergegee, bv. *bilharzia, borzoi, kamikazevliegtuig, klêza, lapis lazuli, organza, terrazzo, berzeliuslamp, Spinozisme, Swazi* (taalnaam), *Tanzaniër* en *Venezolaan*.

6.2 In eg Afrikaanse woorde en in sommige leenwoorde word [s] en [z] weergegee deur *s*. Voorbeelde van [s] weergegee deur *s* is *aalmoes, bombasties, borsel, diagnose, duisend, dwaas, elisiteer, faset, fisies, horison, kriesel, lamskotelet, narkose, onses insiens, pouseer* en *Sionis*. Voorbeelde van [z] wat deur *s* weergegee word, is *asalea, basaar, bensien* of *bensine, bisar, blasé, blues, bourgeoisie, brassière, eksak, freesia, husaar, jerseykoei, liaison, masurka, Mesosoïes, quisling, raison d'être, rosé* (wyn), *roset* en *soölogies*.

- 6.3 In sommige gevalle is daar 'n wisseling tussen [s] en [z] in die uitspraak van verskillende sprekers. In sulke gevalle word die betrokke klank deur *s* weergegee. Voorbeelde is *absurd, akasia, akkusatief, aleksandryn, Amasone, Bisantyns, boesem, bosbou, Brasiliaans, casanova, causerie, deesdae, deposito, dessert, diesel* (brandstof), *Dinsdag, disa, drosdy, fase, fisika, fisiologie, fisioterapie, frase, gasel, gaset, gemsbok, gevriesde, gimnasium, honoris causa, influenza, inkwisisie, Islam, Israel, Jesuïet, kasus, keiser, keuse, komposisie, kompositum, laaisone, laser, lesbies, leuse, losbol, mauser of mouser, menopouse, mimosa, Moesliem of Moslem, mosaïek, Mosambieks, muse, museum, plaasboer, plasma, poësie, posisie, positief, pouse, Presbiteriaans, prosa, reservoir, reserwe, resoluksie, resumé, tabula rasa, visueel, wyse* (by – van) en *Xhosa*.
- 7 Die verdubbeling al dan nie van konsonante tussen vokale vereis besondere aandag.
- 7.1 'n Konsonant wat tussen 'n diftong en 'n vokaal staan, word nie verdubbel nie: *bouler, doilie, duisend, eina, gryse, kabouter, malaita, muile, veilig, verwyder*.
- 7.2 'n Konsonant wat tussen 'n kort [i], [u], [y] of 'n [ø:] en 'n volgende vokaal staan, word nie verdubbel nie: *briefie, energieke, familie, kielie, kriesel, masjiene, mite, silo, skielik, tipe; doepa, groete, moeder, moenie, oefen, poeding, sleepvoetend; bruto, fuga, minute, musici, rekrute, rusie; gepeupel, geute, heupies, kreukel, leuse, neulery, sigener*.
- 7.3 'n Konsonant word dubbel geskryf as dit staan tussen 'n kort vokaal in 'n sillabe wat die hoofklem dra ([i], [u], [y] en [ø:] uitgesonderd), en 'n volgende vokaal: *abba, bolla, effens, gelukkig, giggel, jakkals, jammer, liggaam, mannetjie, obsessie, oggend, orrel, skottel, sommer, spaghetti, tennis, tussen, verfrissend, vinnig*.  
Ter wille van gelykvormigheid word dié verdubbeling behou in afleidings en samestellings waarin die betrokke sillabe nie meer die hoofklem dra nie, bv. *jammerhartig, knieskottel, liggaamlik, obsessioneel, orrelis, rooijakkals, strandtennis*.
- 7.4 'n Konsonant word dubbel geskryf in 'n woord wat afgelei is van 'n woord wat op 'n konsonant uitgaan, voorafgegaan deur 'n kort [a], [ε] of [ɔ] wat die hoofklem in die grondwoord dra, soos in *debatteer*, afgelei van *debat*. Hierdie reël geld slegs as die agtervoegsel met 'n vokaal begin. Ander voorbeelde is: *adresseer, appelleer, blokkeer, galoppeer, Japannees, kanonmeer, kanonnier, kasset, kassier, modelleer, rebelleer, stoffeer, tabelleer, tiranniseer, Tibettaans*.

## 6. MEERVOUDSVORME

- 1 Die gebruiklike meervoudsvorme van enkelvoudige, afgeleide of saamgestelde soortname word in die *Woordelys* gegee. Die spelling van sommige meervoudsvorme hang saam met die gebruik al dan nie van die deelteken, afkappingsteken of kappie. Die volgende is voorbeelde van die genoemde tipes meervoudsvorme:

- 1.1 Met deelteken: *diëte, feë, knieë, profesieë; blitsoorloë, ormitoloë, betoë, negeoë*. (Vgl. 10. *Deelteken*, 1.1.2.)
- 1.2 Met afkappingsteken: *hoera's, karba's, peetpa's; Israeli's, okapi's, ski's, taxi's; foto's, Herero's, radio's, quidproquo's; balju's, parvenu's, skadu's; barrage'e of barrages, crèche'e of crèches, mikrofiche'e of mikrofiches; B.Ed.'s, B.Mus.'e; LP's, TV's, FN's; CY's, ND's; d's, l'e of l's, z'e of z's; e's, o's; z'e of z's, g's, 10'e of 10's, 6'e, 35's, vii's; .303's, st. 8's*. (Vgl. 7. *Afkappingsteken*, 1-3, 5-8.)
- 1.3 Met kappie: *wie; rôe, sôe, trôe; oorbrûe, rûe of rûens*. (Vgl. 9. *Kappie*, 1.)
- 2 Soortname wat op -y eindig, het verskillende tipes meervoudsvorme: *dandies, derbies, ladies, martini-henries, whiskies; essays; bisleys, cockneys; cowboys; hierjys*. (Vgl. 7. *Afkappingsteken*, 1, *Opmerking* (5).)
- 3 Eiename het verskillende tipes meervoudsvorme. Die volgende is voorbeelde:
- 3.1 Eiename wat eindig op 'n uitgespreekte of nuutgespreekte, verdubbelde of nieverdubbelde vokaalteken, met of sonder 'n diakritiese teken: *Breda's, Bothas, Lenas; Andrés, Naudés, Thereses, Marees, Fouries, Terblanche'e, Estelle'e of Estelle's, Suzette's; Nigrini's, Mimi's; Hugo's, Alberto's, Prinsloos, Vosloos, Lulu's, Petru's, Kirsipuus*. (Vgl. 7. *Afkappingsteken*, 1, *Opmerking* (3) en (4); 4.)
- 3.2 Eiename wat eindig op 'n uitgespreekte of nuutgespreekte konsonantteken: *Buyse, Cornelisse, Davisse, De Vriese, Roose, Scholtze, Strausse, Nels, Oppermans, Werners; Hauptfleische, Hirsche, Welshe; Cilliers's, Du Plessis's, Louis's, Marais's; Du Preezs, Du Toits, Hattinghs, Heinrichs, Rautenbachs, Rouxs, Weichs, Wirths*. (Vgl. 7. *Afkappingsteken*, 4.)
- 3.3 Eiename wat eindig op -y: *Barrys, Garys, Henrys; Findlays, Kays, Rays; Bentleys, De la Reys, Vreys; Coys, Loys, Roys*. (Vgl. 7. *Afkappingsteken* 1, *Opmerking* (5).)
- 4 Sien die betrokke lemmas in die *Woordelys* vir die meervoudsvorme van die volgende tipes koppeling wat rang-, amps- of hoedanigheidsbenamings aandui: *generaal-majoor, luitenant-kolonel, sersant-majoor; adjudante-generaal, kommandante-generaal, kwartiermeesters-generaal; direkteurs-generaal, landmeters-generaal, posmeesters-generaal; adjunkministers, assistentsekretaris, sekretaris-penningmeesters; koning-keisers, koningin-moeders, prins-gemale; eienaar-bouers, priester-digters, veldheer-filosowe*.
- 5 Waar wisselvorme by meervoudsvorme voorkom, word die wisselvorme in die *Woordelys* gegee: *doktore of doktors, kapelane of kapelaans, vampiere of vampiers; vroue of vrouens; samekoppeling of samekoppelings, vergadering of vergaderings; historici of historikusse, Nieu-Testamentici of Nieu-Testamentikusse, teoretici of teoretikusse; laboratoria of laboratoriums, musea of museums, sentra of sentrums*. (Vgl. 2. *Wisselvorme*, 3.7.)

## 7. AFKAPPINGSTEKEN

- 1 Die afkappingstekens word gebruik by die *-s*-meervoudsvorme en die verkleiningsvorme van naamwoorde wat eindig op *-i*, *-o*, en *-u*: *alkali's* of *alkalië*, *okapi's* – *okapi'tjie*, *Israeli's* – *Israeli'tjie*, *Nigrini's* – *Nigrini'tjie*, *Mimi's* – *Mimi'tjie*; *foto's* – *foto'tjie*, *farao's*, *rodeo's*, *radio's* – *radio'tjie*, *quidproquo's*, *Vambo's* – *Vambo'tjie*, *Hugo's* – *Hugo'tjie*; *skadu's* – *skadu'tjie*, *parvenu's* – *parvenu'tjie*, *Lulu's* – *Lulu'tjie*.

### **Opmerking**

Die afkappingstekens word nie by meervouds- en verkleiningsvorme van naamwoorde gebruik

- (1) wanneer die *-i* of *-u* deel is van die letterweergawe van 'n diftong nie: *laaitjie*, *vleitjie*, *koeitjie*, *fooitjie*, *buitjie*, *miaaus* – *miaautjie*, *leeus* – *leeutjie*, *spreeus* – *spreeutjie*, *koutjie*;
  - (2) wanneer die *-u* voorafgegaan word deur 'n vokaalletter, maar nie deel is van 'n diftong nie: *niveaus*, *keus* of *keue* – *keutjie*, *milieus*;
  - (3) wanneer die *-o* of *-u* of die *-e* verdubbel is nie: *karootjie* (soort bossie); *Vosloos* – *Voslootjie*; *Kirsipuus*; *kafees* – *kafeetjie*, *komitees* – *komiteetjie*, *Lees* – *Leetjie*, *Marees* – *Mareetjie*;
  - (4) wat eindig op 'n vokaalletter met 'n diakritiese teken nie: *ietermagôtjie*, *gorêtjie*, *hoerês*, *relês*; *attachés*, *clichétjie*, *Fouchés*, *Naudétjie*, *Andrés*;
  - (5) wat eindig op *-y* nie: *dandies* – *dandytjie*, *derbies*, *intervarsities*, *ladies* – *ladytjie*, *martini-henries*, *whiskies* – *whiskytjie*; *essays* – *essaytjie*; *bisleys*, *cockneys* – *cockneytjie*; *cowboys* – *cowboytjie*; *hierjys*; *Barrys* – *Barrytjie*, *Garys* – *Garytjie*, *Henrys* – *Henrytjie*; *Findlays*, *Kays*, *Rays* – *Raytjie*; *Bentleys*, *De la Reys* – *De la Reytjie*, *Vreys*; *Coys*, *Loys*, *Roys* – *Roytjie*.
- 2 Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van naamwoorde wat eindig op 'n [a:]-klank wat met een *a* gespel word: *ja's* – *ja'tjie*, *karba's* – *karba'tjie*, *ma's* – *ma'tjie*, *hoera's*, *peetpa's*, *Van Breda's* – *Van Breda'tjie*.
- 3 Die afkappingstekens word gebruik by die *-e*-meervoudsvorme en by die verkleiningsvorme van selfstandige naamwoorde wat eindig op 'n *-e* wat nie uitgespreek word nie: *barrage'e* of *barrages*, *cache'e* of *caches*, *caprice'e* of *caprices*, *collage'e* of *collages*, *concierge'e* of *concierges*, *crèche'e* of *crèches* – *crèche'ie*, *dépêche'e* of *dépêches*, *faïences*, *fiche'e* of *fiches*, *garage'e* of *garages* – *garage'ie*, *mikrofiche'e* of *mikrofiches*, *séance'e* of *séances*.
- 4 Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van eiename wat eindig op *-e* of *-(r)s* wat nie uitgespreek word nie en waarvan die meervoud onderskeidelik met *-e* of *-s* gevorm word: *Terblanche'e* – *Terblanche'ie*; *Celliers's* – *Celliers'tjie*; *De Villiers's* – *De Villiers'tjie*; *Du Plessis's* – *Du Plessis'tjie*; *Marais's* – *Marais'tjie*; *Cecile's* – *Cecile'tjie*; *Estelle's* of *Estelle'e* – *Estelle'tjie*; *Louis's* – *Louis'tjie*.

- 5 Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van woorde wat volgens die skrifbeeld gevorm is, en wat eindig op 'n punt, 'n hoofletter of 'n letter wat volgens sy alfabetnaam uitgespreek word: *H.O.D.'s – H.O.D.'tjie*, *b.v.p.'s*, *KWV'tjie*, *DKW'tjie*, *FN's*, *AK's*, *TV's – TV'tjie*, *CY's*, *ND's*, *B.Ed.'s*, *B.Sc.Agric.'s – B.Sc.Agric.'ie*, *B.Mus.'e*, *Mus.B.'s*. (Vgl. *Reëls by Afkortings*, 10.3.)
- 6 Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van letters sonder 'n diakritiese teken: *a's – a'tjie*, *l'e of l's – l'etjie*, *z'e of z's – z'tjie*, *M'e of M's – M'etjie*, *R'e of R's – R'etjie*, *β's – β'tjie*, *o's – o'tjie*.
- 7 Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van syfers en getalle: *1'e of 1's – 1'etjie*, *3'e of 3's – 3'tjie*, *8'e of 8's – 8'ie*, *9's – 9'tjie*, *10'e of 10's – 10'tjie*, *35's*, *VI'e – VI'ie*, *vii's – vii'tjie*.
- 8 Die afkappingstekens word gebruik by die meervouds- en verkleiningsvorme van soortname wat deur syfers en getalle aangedui word: *.303's*, *.22's – .22'tjie*, *1500's*, *st. 8's*, *st. II'tjie*, *P-38's*.
- 9 Die afkappingstekens word tradisioneel in sekere gevalle gebruik ter aanduiding daarvan dat een of meer klanke in 'n woord of woorde nie uitgespreek word nie. Sulke gevalle is: *g'n* (vir *geen*), *s'n* of *s'ne* (vroeeër *syn*, of *syne*), *'s* (vir *is*, soos in *hy's*, *daar's*), *'t* (vir *het*, soos in *hy't*, of as verswakking van ouer *het*, soos in *as 't ware*, *hy is aan 't oes*), *'n* (as verswakking van die ouer lidwoordvorm *een*).  
Tradisioneel word egter by onder andere *dis* (naas *dit is*), *tru* (naas *terug*) en *als* (naas *alles*) geen afkappingstekens aangebring nie.
- Opmerking**  
's en 't word vas aan die voorafgaande woord geskryf as hulle 'n verswakking van onderskeidelik die werkwoorde *is* en *het* is. In ander gevalle word 't los van die voorafgaande woord geskryf. Dit word egter nie as 'n skryffout beskou as 's en 't los geskryf word waar tradisioneel vas geskryf word nie, en andersom.
- 10 Die afkappingstekens word gebruik by enkele tussenwerpsels: *b'r*, *h'n-'n*, *'m*, *'m-'m*, *'n-'n*.
- 11 Die afkappingstekens word gebruik by die skryf van vreemde woorde in hulle vreemde spelvorm: *'s-Gravenhage*, *gentleman's agreement*, *Kidd's Beach*, *St. Michael's*; *hors d'oeuvre*, *c'est la vie*, *raison d'être*; *all' unisono*.

## 8. AKUUT- EN GRAVISTEKEN

### 1 Akuuttekens

Die akuuttekens word gebruik

- 1.1 om beklemtoning aan te dui: *kán, ék, ná, niks, hulle, fýn; én . . . én, nóg . . . nóg, óf . . . óf; láát, één, ongelóóflik, dúúr, néé, déúr, móét, kóúd, kráái, kóéi, lééu, móói; dié, hiér, héilig, lúí, réén, spiéël, kóéël;*
- 1.2 by die skryf van vreemde woorde in hulle vreemde spelvorm: *attaché, auto-da-fé, cliché, détente, négligé, procédé, séance;*
- 1.3 in sommige skryfwyses van sekere eiename: *Asunción, Esmé, Mahé, René, Cronjé, Fouché, Maré, Naudé.*

## 2 Gravisteken

Die gravisteken word gebruik

- 2.1 in die volgende vier gevalle: *appèl, dè, hè, nè;*
  - 2.2 by die skryf van vreemde woorde in hulle vreemde spelvorm: *carrière, pietà, premièrè, tête-à-tête;*
  - 2.3 in sommige skryfwyses van sekere eiename: *Eugène, Adèle.*
- 3 Die akuut- en gravisteken word in sommige skryfwyses van sekere eiename gebruik: *Hélène, Thérèse.*

## 9. KAPPIE

- 1 Die kappie word gebruik by *i, o* en *u* om onderskeidelik die klankwaardes van [ə:], [ɔ:] en [ɑ:] in oop sillabes weer te gee: *wie; môre, sôe, sôre, trôe; brúe, rúe, rúens.*  
**Opmerking**
  - (1) Waar die [ɔ:] in 'n geslote sillabe voorkom, word dit met *o* weergegee: *bord, pond, wors.*
  - (2) Waar [ɔ:] of [ɔ] deel van 'n diftong vorm, word dit met 'n *o* weergegee: *boikot, borzoi, goiing, hoi-hoi, hoipolloi, joiner, noi, poinsettia, toiings.*
  - (3) Die kappie word gebruik by die skryf van leenwoorde soos die volgende: *aikôna* of *haikôna, Fanagalô* of *Fanakalô, gô, ieternagô, lobôla.*
- 2 Die kappie word gebruik by *e* om die klankwaarde van [ɛ:] in oop sillabes weer te gee: *affêre, bêre, hê, nêrens, sê, tersiêre, wêreld.*
- 3 Die kappie word gebruik by *e* om die klankwaarde van [ɛ:] weer te gee in geslote sillabes wat op 'n enkele konsonant eindig: *kês, miljardêr, miljoenêr, skêr, solitêr, tersiêr, tjêr-tjêr, utilitêr, vulgêr.*

### **Opmerking**

- (1) Ter wille van die tradisie word naas *vêr* ook *ver* geskryf.
- (2) Vanweë die beginsel van gelykvormigheid word gevalle soos *miljardêrs*, *miljoenêrs* en *tjêr-tjêrs* ook met 'n kappie geskryf.
- (3) Waar [ɛ:] in 'n onverboë woord voorkom in 'n geslote sillabe wat op meer as een konsonant eindig, word dit met 'n *e* weergegee: *kombers*, *mens*, *perd*, *stert*, *verskalf*.
- (4) Die kappie word gebruik by die skryf van vreemde woorde in hulle vreemde spelvorm: *crêpe-de-chine*, *dépêche*, *maître d'hôtel*, *mêlée*, *tête-à-tête*.

## 10. DEELTEKEN

### 1 Die deelteken het verskillende gebruike in die Afrikaanse spelling.

1.1 Die deelteken word in eerste instansie gebruik om 'n sillabegrens aan te dui tussen die vokaalletter wat die deelteken dra, en die een wat dit direk voorafgaan, indien die twee vokaalletters foutiewelik as een sillabe geles kan word: *altruïs*, *Arameër*, *argaisme*, *argeoloë*, *asteroïde*, *beïnvloed*, *beleë*, *drieërlei*, *druïde*, *finansiële*, *geëien*, *geleë*, *genoeë*, *heroïen*, *heroïne*, *Hindoeïsme*, *hordeien*, *idaïen*, *ideëel*, *kardoïde*, *konïen*, *koronoïed*, *kreëer*, *linaoël*, *mastoïde*, *miëlitis*, *mosaïek*, *oöspoor*, *pituütêr*, *selluloïde*, *silhoeët*, *soöïed*, *teïs*, *vermoë*.

1.1.1 Die deelteken word gebruik in simplekse met so 'n kombinasie van vokaalletters: *goël*, *koeël*, *naïef*, *piëteit*, *piëta*, *poëet*, *reëel*, *ruïne*, *siësta*, *voël*.

1.1.2 Die deelteken word gebruik in afleidings om 'n sillabegrens aan te dui tussen twee vokaalletters wat verkeerdlik as een sillabe geles kan word:

#### **Afleidings Simplekse**

<i>breër</i>	<i>breed</i>
<i>diëte</i>	<i>dieet</i>
<i>finansiële</i>	<i>finansieel</i>
<i>leë</i>	<i>leeg</i>
<i>priële</i>	<i>prieel</i>
<i>sneë</i>	<i>snee</i>

Vergelyk ook die volgende voorbeelde: *Australiër*, *bakterieë*, *bedrieëry*, *bieër*, *beëdig*, *beëindig*, *beïnvloed*, *betoë*, *breër*, *chemikalieë*, *drieë*, *Europeër*, *elegieë*, *elektrisiën*, *finansiële*, *genieë*, *geëer*, *geër*, *hoër*, *kameë*, *knieër*, *kopiës*, *leë*, *moeë*, *oë*, *paranoïes*, *piëteit*, *promiskuiteit*, *Ptolomeïes*, *seë*, *skiër*, *sleë*, *sneë*, *steë*, *tatoeëer*, *toeërig*, *treë*, *trofeeë*, *tweë*, *veër*, *vlieër*, *weë*, *breër*, *ploeë*, *wieë*.

### **Opmerking**

- (1) By afleidings soos die volgende word, anders as by samestellings, die deelteken gebruik en nie die koppelteken nie: *beëdig* (maar *duiwe-eier*), *beëindig* (maar *buite-invloed*), *beïnvloed*, *beïnk*, *geëet* (nie *ge-eet* nie), *toegeëien* (maar *toe-eien*),

*teëgeëet* (maar *teë-eet*), *ingeënt* (maar *anti-entstof*), *geëb*, *geëer*, *geëg*, *geëien*, *geëis*, *geëksamineer*, *geëkskommunikeer*, *geëkskuseer*, *geëmaljeer*, *geëmigreer*, *geëmansipeer*, *geënt*, *geërg*, *geëllumineer*, *geïn*, *geënterneer*.

- (2) Die deelteken (óf koppelteken) word gebruik in verbindings waar 'n opeenhooping van vokaalleters verkeerd gelees kan word en waar 'n eensillabige voorvoegsel van Griekse of Latynse herkoms betrokke is:

*biëmbriomies* of *bi-embriomies*  
*biëlektries* of *bi-elektries*  
*diëlektries* of *di-elektries*  
*preëksistensie* of *pre-eksistensie*  
*preüniversitêr* of *pre-universitêr*  
*reïnkarnasie* of *re-inkarnasie*  
*reünie* of *re-unie*  
*triënnale* of *tri-ennale*  
*koëffisiënt* of *ko-effisiënt*  
*koöperasie* of *ko-operasie*

(Vgl. 11. *Koppelteken*, 2.1.4.2.)

- (3) Die deelteken word om tradisionele redes nie in die volgende gevalle gebruik nie, afgesien daarvan of die betrokke aangrensende vokaalleters tot verskillende sillabes behoort en daar 'n foutiewe sillabeskeiding gemaak kan word by die lees van die woorde: *differensieer*, *dieet* (maar *diëte*), *essensieel*, *finansieel*, *geoktrooieer*, *kommersieel* (maar *kommersiële*), *kopieer*, *linguisties*, *lisensieer*, *offisieel* (maar *offisiële*), *parodieer*, *priël* (maar *priële*), *sanguinies*, *seremonieel*, *spasieer*, *subsidieer*, *substansieel* (maar *substansiële*).

- (4) By *-agtig* word 'n keuse gelaat tussen 'n deel- of koppelteken:

*kobraägtig* of *kobra-agtig*  
*sebraägtig* of *sebra-agtig*

- 1.2 Die deelteken word om tradisionele redes in gevalle soos die volgende gebruik, al sou sommige sprekers die betrokke aangrensende vokaalleters as deel van een sillabe uitspreek: *bejeën*, *gereëlde* (wat *gereël* is), *hiërargie*, *hiëroglief*, *keël*, *leër* (landmag), *reël*, *reëling*, *reën*, *seël*, *reliëf*, *seën*, *seëvier*, *teë*, *teël*, *vanweë*, *verleë*.

**Opmerking**

Let op die spelling vanweë die tradisie van *geleentheid*, *geneentheid*, *verleentheid*, *gereeld*, *weens*, *jeens*.

- 2 Na 'n vokaal met 'n kappie kry die vokaalletter aan die begin van die volgende sillabe geen deelteken nie, bv. *lêer*, *lêerig*, *rûe*, *sôe*, *wie*.

**Opmerking**

Wanneer 'n deelteken, om watter rede ook al, in 'n woord voorkom en daardie woord word, om watter rede ook al, afgebreek direk voor die letter waarop die deelteken voorkom, vervel die deelteken.



## 11. KOPPELTEKEN

- 1 Die koppelteken het meer as een funksie. Woorde soos *see-eend* word met 'n koppelteken geskryf hoofsaaklik om die dele te skei en die lees daarvan te vergemaklik. Gevalle soos *koningin-moeder* word met die koppelteken saamgekoppel op grond van die besondere verhouding tussen die dele. Die koppelteken word ook gebruik as weglatingsteken in byvoorbeeld *Moeders- en Vadersdag* en as onderbrekingsteken aan die einde van 'n getikte of geskrewe reël, byvoorbeeld

*ver-*  
*gadering.*

Skryfwyse met 'n koppelteken of koppeltekens geld as 'n vorm van vasskryf by saamgestelde woorde. (Besonderhede van laasgenoemde is te vind in 15. *Skryfwyse – los of vas.*) Dit word dus as 'n fout beskou as daar 'n koppelteken gebruik word waar los geskryf moet word, byvoorbeeld

*\*huis-toe, \*Kaap-toe.*

Die verskillende gebruike van die koppelteken word vervolgens vollediger uiteengesit.

### 2 Skeiding ter wille van makliker lees

#### 2.1 OPEENVOLGING VAN VOKAALLETTERS

- 2.1.1 Saamgestelde woorde waarby die verbinding van die elemente 'n opeenvolging van vokaalletters meebring wat sonder die koppelteken verkeerd gelees kan word, kry 'n koppelteken:

<i>bebroeide-eiers</i> (plantnaam)	<i>rammetjie-uitnek</i> (hy hou
<i>bo-ent</i>	hom –; 'n regte –)
<i>diere-epos</i>	<i>see-eend</i>
<i>drie-enig</i>	<i>see-engte</i>
<i>foto-omslag</i>	<i>toe-eien</i>
<i>na-aap</i>	<i>wa-as</i>

Toeligting by die reël

- A. Dieselfde vokaalletter kom by die verbindingspunt voor:

<i>bo-op</i>	<i>senu-uitputting</i>
<i>Maagde-eilande</i>	<i>vroue-emansipasie</i>

- B. Verskillende vokaalletters kom by die verbindingspunt voor:

<i>bo-ingang</i>	<i>presisie-instrument</i>
<i>buite-uitsending</i>	<i>senu-ineenstorting</i>
<i>Comoro-eilande</i>	<i>studente-unie</i>
<i>drie-uur</i> (dit is nou –)	<i>twee-uur</i> (dit is nou –)
<i>kiwi-eier</i>	<i>zero-uur</i>
<i>koedoe-ingewande</i>	

#### **Opmerking**

Vir die leesbaarheid skryf ons *twee-uur* (dit is nou –), *drie-uur* (dit is nou –), *nege-uur* (dit is nou –).

- 2.1.2 Sommige saamgestelde woorde met aangrensende vokaalletters lees nie moeilik nie en word sonder koppelteken vas geskryf: *handearbeid, hondeoor, naoorlogs, naywer, senuaandoening, syaansig, syopening*.
- 2.1.3 Die gebruik van die koppelteken by die skryfwyse van saamgestelde woorde waar daar 'n onduidelike sillabeverdeling is, toon twee hoofipes: dié wat verkeerd gelees kan word, en dié wat moeilik gelees kan word. As die gebruiker oordeel dat woorde soos die volgende moeilik gelees word, word dit nie as 'n fout beskou as die woorde met 'n koppelteken geskryf word nie: *boaan, daghaemmer, graweyster, itermagôingewande, kaliarm, leiyster, nauurs, rooiaas, ruolie, skiuitrusting, skroeiyster, smeeyster, snyyster, syngang, weggooiooi*.
- 2.1.4 By verbindings met 'n eerste element van Griekse of Latynse herkoms.
- 2.1.4.1 Koppeltekens word gebruik in verbindings waar 'n opeenvolging van vokaalletters verkeerd gelees kan word en waar die eerste lid twee- of meersillabig en van Griekse of Latynse herkoms is, afgesien daarvan of dié vorm woordstatus in Afrikaans het of nie:

<i>anti-alles</i>	<i>agro-ekonomies</i>
<i>dinamo-ontsteking</i>	<i>elektro-endoskoop</i>
<i>foto-opname</i>	<i>foto-osmose</i>
<i>gastro-enteritis</i>	<i>hidro-elektries</i>
<i>infra-akoesties</i>	<i>intra-abdominaal</i>
<i>kontra-aktief</i>	<i>kwasi-intellektueel</i>
<i>mikro-organisme</i>	<i>neuro-eroties</i>
<i>poli-etileen</i>	<i>pseudo-eerlikheid</i>
<i>sosio-ekonomies</i>	<i>semi-elektries</i>
	<i>ultra-aktief</i>

- 2.1.4.2 Koppeltekens óf deelttekens word gebruik in verbindings waar 'n opeenvolging van vokaalletters verkeerd gelees kan word en waar 'n eensillabige voorvoegsel van Griekse of Latynse herkoms betrokke is:

*bi-embriories of biëmbriories*  
*bi-elektries of biëlektries*  
*di-elektries of diëlektries*  
*pre-eksistensie of preëksistensie*  
*pre-universitêr of preüniversitêr*  
*re-inkarnasie of reïnkarnasie*  
*re-unie of reünie*  
*tri-ennale of triënnale*  
*ko-effisiënt of koëffisiënt*  
*ko-operasie of koöperasie*

(Vgl. 10. Deeltteken, 1.1.2, Opmerking (2).)

### **Opmerking**

- (1) Omdat woorde soos *diode, dioksied* en *biatomies* nie verkeerd gelees kan word nie, kry hulle nie 'n koppelteken nie.
- (2) Woorde soos die volgende word sonder 'n koppelteken geskryf: *amoreel, antedateer, antibakterieel, asosiaal, biochemie, hipermark, interprovinsiaal, intraveneus, koproduksie, kwasigodsdienstig, kwasiwetenskaplik, postmodernisties, preprimêre, subagent, subekonomies, transkontinentaal, ultraregs*.

## 2.2 ONOORSIGTELIKE SAMESTELLINGS

- 2.2.1 By minder oorsigtelike verbindings, byvoorbeeld as gevolg van ongebruiklikheid of lengte, kan 'n koppelteken gebruik word om die lees te vergemaklik: *Bosveldstollingskompleks-navorsingseenheid, gru-moord, ski-ramp, winter-opruimingsuitverkoop*.

### **Opmerking**

- (1) Lees word by uitstek vergemaklik as die leesbaarheidskoppelteken geplaas word tussen die hoofkomponente van die verbinding; dus:

*appèlhofuitspraak-beoordeling* en nie  
*appèlhof-uitspraakbeoordeling* nie;

*hotelkamer-meeluisterapparaat* en nie  
*hotelkamermeeluister-apparaat* nie;

*woonstelblok-parkeerterrein* en nie  
*woonstel-blokparkeerterrein* of *woonstelblokparkeer-terrein* nie.

Die koppelteken word nie tussen die verboë adjektief en die selfstandige naamwoord in dié soort samestelling geskryf nie:

*ekonomieseklas-passasier* en nie  
*ekonomiese-klaspasasier* nie;

*informeelsektor-bedrywighede* en nie  
*informele-sektorbedrywighede* nie.

Wanneer die opeenvolging van vokaalleters dit vereis, word die koppelteken buitendien tussen die verboë adjektief en die daaropvolgende selfstandige naamwoord geplaas. Dan is elk van die volgende skryfwyses moontlik:

*ekonomiese-eenheidbeplanning*  
*ekonomiese-eenheid-beplanning*.

- (2) Na 'n voegsel-*s* word daar by voorkeur nie 'n koppelteken ter wille van oorsigtelikheid geskryf nie; dus nie

*winteropruimings-uitverkoop*,  
*korttermynversekerings-polisse*,  
*maatskaplikewerkers-vereniging* nie.

- 2.2.2 Waar die sillabeverdeling nie sonder meer duidelik is nie en die woord verkeerd gelees kan word, kan 'n koppelteken by woorde soos die volgende geskryf word: *aardas, bosluis, dopertjie, katrol, pakys, pronkertjie, rugare, ruklip, sandaal, sygare, velaar*.

### **Opmerking**

Verbindings van die tipes onder 2.2.1 en 2.2.2 hier bo word in die *Woordelys* slegs vas geskryf.

## 3. Koppeling ter wille van bepaalde verhoudings of besondere dele

- 3.1 Samestellings met 'n betekenisverhouding tussen die dele wat weergegee kan word deur byvoorbeeld *en, of, per, tot* of *tussen*, word met 'n koppelteken geskryf:

<i>aan-af-skakelaar</i>	<i>brandstof-lug-verhouding</i>
<i>doberman-pinscher</i>	(die verslagjaar) <i>1993-1994</i>
(die gebied) <i>Durban-Pinetown</i>	<i>Frans-Vlaamse</i> (taalgrens)
(die tydperk) <i>1880-1890</i>	<i>kilogram-meter</i>
<i>ja-nee-toets</i>	<i>konkaaf-konveks</i>
<i>kafee-restaurant</i>	<i>môre-oormôre</i>
<i>kilowatt-sekonde</i>	<i>polka-masurka</i>
<i>manies-depressief</i>	<i>Pretoria-Johannesburg-pad</i>
<i>ohm-sentimeter</i>	<i>soet-suur</i>
<i>Springbok-All Black-wedstryd</i>	

3.2 Samestellings en afleidings met afkortings, simbole, syfers en getalle word met koppeltekens geskryf:

<i>b.v.p.-beslissing</i>	<i>kleur-TV</i>
<i>B-mol</i>	<i>X-as</i>
<i>D-dag</i>	<i>U-draai</i>
<i>bry-r</i>	<i>standerd VI-klas</i>
<i>4-hidroksi-(1,2)-ftaalsuur</i>	<i>12-delig</i>
<i>vitamien C-tablet</i>	<i>TV-program</i>
<i>R50-noot</i>	<i>s-loos</i>
<i>verbinding-s</i>	<i>3/4-maat</i>
<i>100 m-wedloop</i>	<i>9 mm-parabellum</i>
<i>Art. 65-stappe</i>	<i>G5-kanon</i>
<i>1c-seël</i>	<i>6 m x 75 mm x 50 mm-balk</i>
<i>10 kg-sak</i>	<i>2 mm-ruitglas</i>
<i>5 l-houer</i>	<i>5°C-styging</i>
<i>7° 10' 20"-hoek</i>	<i>0.20-span</i>

**Opmerking**

- (1) Samestellings met 'n akroniem of afkorting as eerste element wat op 'n eienaam berus, kan ook met 'n koppelteken geskryf word:

*IK-toets*  
*KGB-agent*  
*Truk-produksie.*

(Vgl. 15. *Skryfwyse – los of vas*, 2.1.1.)

- (2) Samestellings met 'n syfer of simbool as eerste lid en 'n eienaam as tweede lid kan ook met 'n koppelteken tussen die lede geskryf word:

*50 cc Honda* naas *50 cc-Honda*  
*.22 Walther* naas *.22-Walther*  
*4x4 Datsun* naas *4x4-Datsun*

(Vgl. 15. *Skryfwyse – los of vas*, 2.1.2.)

- (3) Voorbepalings soos *Artikel* of *Art.*, *onder*, *standerd*, ens., word los van die daaropvolgende simbool, afkorting of syfer geskryf: *Art. 3-besluit*, *graad 1-leerling*, *sub B-onderwyseres*, *vitamine A-tekort*.

- 3.3 Verbindings waarin die aanvangshoofletter van die tweede of verdere deel behoue bly, word met 'n koppelteken voor die hoofletter geskryf:

<i>amper-Springbokke</i>	<i>anti-Russies</i>
<i>a-Vrystaats</i>	<i>half-Brits</i>
<i>kwasi-McCarthyisme</i>	<i>neo-Calvinisties</i>
<i>nie-Duitsers</i>	<i>nie-Freudiaans</i>
<i>nie-Germaans</i>	<i>nie-Kinderbybelafrikaans</i>
<i>non-Christen</i>	<i>non-Namibiër</i>
<i>oud-Kovsie</i>	<i>oud-Swapolede</i>
<i>pan-Amerikanisme</i>	<i>post-Fascisties</i>
<i>Post-Impressionisme</i>	<i>pre-Romantiek</i>
<i>pro-Frans</i>	<i>rugby-Springbok</i>
<i>semi-Chicago</i>	<i>ultra-Neo-Marxisties</i>
<i>ultra-pro-Russies</i>	<i>veteraanhokkie-Springbok</i>

**Opmerking**

- (1) Vgl. 12. Hoofletters, 5 en 14.1 vir die gebruik van hoofletters by afgeleide byvoeglike naamwoorde van dié tipe.
- (2) Die bogenoemde geld nie vir afgeleide taalname nie. Vir die korrekte skryfwyse van komplekse taalname soos *Radioafrikaans*, *Hiperafrikaans* e.d. vergelyk 15. *Skryfwyse – los of vas*, 2.2.1.1.

3.4 HERHALINGSVORME

Daar word onderskei tussen reduplikasies waarvan die dele identies is, byvoorbeeld *woer-woer*, *hoep-hoep* en *nou-nou*, en gedeeltelike reduplikasies, soos *dirkdirkie*, *arriewarrie* en *sigsag*.

- 3.4.1 Reduplikasies waarvan die dele identies is asook hulle meervoude en verkleinwoorde, word met 'n koppelteken geskryf:

<i>blou-blou</i> (iets – laat)	<i>boetie-boetie</i>
<i>fluit-fluit</i>	<i>gou-gou</i>
<i>hoep-hoepe</i>	<i>hôi-hôi</i>
<i>joep-joeps</i> (soort lekker)	<i>kamma-kamma</i>
<i>klompies-klompies</i>	<i>'m-'m</i> (tw.)
<i>'n-'n</i> (tw.)	<i>plek-plek</i>
<i>sing-sing</i>	<i>sito-sito</i>
<i>so-so</i>	<i>staan-staan</i>
<i>t-t-t</i> (tw.)	<i>te-te-te</i> (tw.)
<i>tjou-tjou</i>	<i>woer-woertjie</i> (klein woer-woer).

**Opmerking**

- (1) Gevalle soos *baba*, *mamma*, *pappa* en *tatta* word tradisioneel nie as reduplikasies beskou nie.
  - (2) In samestellings waarvan die een deel 'n reduplikasie is wat met 'n koppelteken geskryf word (soos in 3.4.1 hier bo uiteengesit), word 'n koppelteken tussen dié deel en die samestelling se ander deel geskryf: *dum-dum-koeël*, *noem-noem-bessie*, *piet-tjou-tjou*, *piet-tjou-tjou-roep*, *tjou-tjou-konfynt*, *woer-woer-gedoente*.
- 3.4.2 Gedeeltelike reduplikasies word gewoonlik vas sonder koppelteken geskryf: *doemdoempie* (soort muggie), *hakekrukke*, *hakkekrukke*, *harlaboerla*, *kriskras*,

*pingpong, roesemoes, tierelier, tingeling, tiptop, tokkelok, toktokkie, wiesewasie*. Die koppelteken word slegs in twee gevalle van gedeeltelike reduplikasie gebruik:

- (1) waar 'n afkappingsteken in die middel van 'n woord verskyn, soos in *h'm-'m, h'n-'n*; en
- (2) waar die gedeeltelike reduplisering na vóór plaasvind, met affektiewe waarde, soos in *brand-brandmaer, eksie-perfeksie, oer-oeroud, skat-skatryk, hiper-hipermodern*.

**Opmerking**

Woorde soos *agteragterkleinkind, grootgrootmoeder, suidsuidoos* en *wesnoordwes* is nie gedeeltelike reduplikasies met affektiewe waarde nie.

3.5 WOORDGROEPKOPPELINGS

- 3.5.1 Koppelings wat uit woordgroepe of woordreekse ontwikkel het, word met koppeltekens geskryf: *boer-in-die-nag* (soort plant), *dop-en-dam, een-twee-drie, hen-en-kuikens* (soort plant), *juffertjie-in-die-groen* (soort vlinder), *klem-in-die-kaak* of *klem-in-die-kake, kop-en-pootjies* (soort gereg), *kruidjie-roer-my-nie, ouwrou-onder-die-komers, piet-my-vrou, sieps-en-braaiboud, skout-by-nag, wag-'n-bietjie* (soort boom).

- 3.5.2 Waar 'n woordgroeppoppeling (soos in 3.5.1 hier bo uiteengesit) as geheel met 'n ander woord verbind, word 'n koppelteken tussen dié twee dele geplaas, bv. *kruidjie-roer-my-nie* plus *houding* word *kruidjie-roer-my-nie-houding*.

- 3.5.3 Waar 'n woordgroep wat nie normaalweg as 'n woordgroeppoppeling optree nie, as geheel met 'n ander woord verbind, word koppeltekens tussen al die dele geplaas, byvoorbeeld *bek en klou* plus *seer* (wat nie *bekseer* asook *klouseer* is nie), word *bek-en-klou-seer*. Verdere voorbeelde is: *dag-vir-dag-roetine, haak-en-steek-bos, hand-om-die-nek-hek, hou-jou-bek-wet, kaas-en-wyn-onthaal, mond-tot-mond-asemhaling, ruk-en-rol-orkes, skout-by-nag-rang, tref-en-trap-ongeluk, wag-'n-bietjie-boom, wins-en-verlies-rekening*.

**Opmerking**

Sekere konvensionele adjektiewiese woordgroepe kan predikatief én attributief gebruik word. Sulke woordgroepe word, volgens die beginsel van gelykvormigheid, los geskryf wanneer hulle attributief gebruik word, bv. *op en wakker studente, stap vir stap ontleiding, kop teen kop botsing* of *kop aan kop botsing, kruis en dwars soektog, kant en klaar huise*.

- 3.5.4 Waar 'n woordgroeppoppeling of 'n woordgroep met 'n agtervoegsel verbind, word koppeltekens tussen al die ander dele geplaas, maar nie voor die agtervoegsel nie:

<i>heen-en-weertjie</i>	<i>rond-en-bont-stanery</i>
<i>hink-en-pinkerig</i>	<i>traak-my-nieagtig</i>
<i>jy-en-jouerig</i>	<i>vergeet-my-nietjie</i>
<i>laag-by-die-gronds</i>	<i>oor-en-weer-pratery</i>

**Opmerking**

- (1) Dié skryfwyse met koppeltekens in die reeks geld nie vir die afleidings van teenwoordige deelwoorde nie:

*in die oog loop en ook in die oog lopende*  
*op sigself staan en ook op sigself staande*  
*voor die hand lê en ook voor die hand liggend*

- (2) Vir die skryfwyse van die tipe *ingebruikneming*, *indienstreding* en *tewaterlating* vgl. 15. Skryfwyse – *los of vas*, 2.3.

### 3.6 AFSTANDSAMESTELLINGS

Daar is vormings waarin 'n selfstandige naamwoord 'n groep bepaal wat bestaan uit 'n byvoeglike naamwoord plus 'n selfstandige naamwoord. Sulke vormings word met of sonder 'n koppelteken geskryf. Die koppelteken word dan direk na die eerste selfstandige naamwoord geskryf, gevolg deur 'n spasie, of as alternatief word die hele verbinding los geskryf:

*adjunk- besturende direkteur* naas *adjunk besturende direkteur*

*hoëvlak- tegniese personeel* naas *hoëvlak tegniese personeel*

*hoof- mediese beampte* naas *hoof mediese beampte*

*langtermyn- finansiële beplanning* naas *langtermyn finansiële beplanning*

*lospit- Bolandse perske* naas *lospit Bolandse perske*

*swartkop- Persiese skaap* naas *swartkop Persiese skaap*

*Ysterplaat- militêre lughawe* naas *Ysterplaat militêre lughawe*

#### **Opmerking**

Waar die eerste element van so 'n samestelling 'n voegsel kry, is die gebruik van die afstandskoppelteken verpligtend, bv. *groeps- finansiële sekretaris*, *stads- elektrotegniese ingenieur*.

Volgens gewone gebruik word geskryf: *adjunkdirekteur*, *groepsektaris*, *hoëvlak-personeel*, *hoofbeampte*, *langtermynbeplanning*, *lospitperske*, *stadsingenieur*, *swartkopskaap*, *Ysterplaat lughawe* naas *Ysterplaat Lughawe* naas *Ysterplaat-lughawe* naas *Ysterplaat-Lughawe* naas *Ysterplaatlughawe*.

### 3.7 VERBINDINGS MET -hulle EN -goed

Wanneer *-hulle* en *-goed* met enkelvoudige of meervoudige betekenis met einame of verwantskapsterme verbind, word 'n koppelteken geskryf: *die ou mense-hulle*, *Jan-hulle*, *Pa-hulle*, *Piet en Koos-hulle*, *Ma-goed*, *Oom Koos-goed*, *Piet-goed*.

#### **Opmerking**

Wanneer *-goed* gebruik word om 'n versamelnaam te vorm, soos *lapgoed*, *beddegoed*, *messegoed*, *skottelgoed*, word 'n koppelteken nie geskryf nie.

### 3.8 TELWOORDE MET en

Telwoorde en breukname waarin *en* voorkom (vgl. 15. Skryfwyse – *los of vas*, 2.9.1, 2.9.2 en 2.10), word óf los óf met koppeltekens weerskante van *en* geskryf:

*drie en veertig* of *drie-en-veertig*

*een en twintig* of *een-en-twintig*

*ses en sewentig* of *ses-en-sewentig*

*twee en dertig* of *twee-en-dertig*

*vier en vyftig* of *vier-en-vyftig*

(die) *een en twintigste* (keer) of (die) *een-en-twintigste* (keer)

('n) *een en twintigste* of ('n) *een-en-twintigste*

(op sy) *elf en dertigste* of (op sy) *elf-en-dertigste*  
 (die) *ses en sewentigste* (keer) of (die) *ses-en-sewentigste* (keer)  
 (vyf) *vier en sestigstes* of (vyf) *vier-en-sestigstes*

3.9 VERBINDINGS MET *nie-*, *non-* EN *oud-*

Tensy daar dwingende redes bestaan wat 'n koppelteken vereis, soos vokaalopeenhoping of 'n hoofletter in die middel van 'n woord, word *nie-*, *non-* en *oud-* in samestellings en afleidings sonder 'n koppelteken vas aan die ander deel van die woord geskryf: *nienakoming*, *nieteenstaande*, *nonaktiwiteit*, *nonkonformis*, *oudregter*, *oudstudent*.

**Opmerking**

- (1) Waar dit gebruiklik geword het om *nie-* met 'n koppelteken aan die daaropvolgende deel te verbind, kan 'n koppelteken gebruik word: *nie-beskikbare*, *nie-roker*, *nie-verhandelbaar*.
- (2) *Ou Testament* word sonder, maar *Ou-Testamenties* met 'n koppelteken geskryf. (Vgl. 15. *Skryfwyse – los of vas*, 2.3.)

3.10 AARDRYKSKUNDIGE EIENAME

Die spelling van amptelike geografiese eiename in die Republiek van Suid-Afrika word deur die Nasionale Pleknamekomitee bereël.

- 3.10.1 Plekeiname wat bestaan uit 'n eiename plus een of meer byvoeglike naamwoorde en/of bywoorde (insluitende die windrigtings) en/of voorsetsels, word met 'n koppelteken of koppeltekens geskryf:

<i>Agter-Indië</i>	<i>Agter-Paarl</i>
<i>Benede-Ryn</i>	<i>Bo-Kaap</i>
<i>Bo-Nyl</i>	<i>Buite-Mongolië</i>
<i>Onder-Kaap</i>	<i>Onder-Papegaaiberg</i>
<i>Waterval-Boven</i>	<i>Waterval-Onder</i>
<i>Groot-Brittanje</i>	<i>Groot-Karoo</i>
<i>Groot-Marico</i>	<i>Groot-Namaland</i>
<i>Klein-Asië</i>	<i>Klein-Karoo</i>
<i>Klein-Letaba</i>	
<i>Midde-Ooste</i>	<i>Nabye-Ooste</i>
<i>Verre-Ooste</i>	
<i>Aliwal-Noord</i>	<i>Beaufort-Wes</i>
<i>Brits-Oos-Afrika</i>	<i>Ekwatoriaal-Afrika</i>
<i>Krugersdorp-Noord</i>	<i>Nieu-Suid-Wallis</i>
<i>Noorder-Paarl</i>	<i>Noord-Holland</i>
<i>Noord-Kaap</i>	<i>Noordoos-Vrystaat</i>
<i>Oos-Londen</i>	<i>Oos-Rand</i>
<i>Pretoria-Sentraal</i>	<i>Riebeeck-Wes</i>
<i>Sentraal-Afrika</i>	<i>Suid-Agter-Paarl</i>



<i>ad hoc-komitee</i>	<i>a priori-stelling</i>
<i>bona fide-boer</i>	<i>de jure-regering</i>
<i>ex gratia-betaling</i>	<i>ex officio-lid</i>
<i>ex post facto-goedkeuring</i>	<i>in camera-bespreking</i>
<i>in vitro-bevrugting</i>	<i>in vivo-bevrugting</i>
<i>pro Deo-advokaat</i>	<i>ultra vires-besluit</i>

## 12. HOOFLETTERS

### 1 Aan die begin van 'n sin

Die eerste woord van 'n sin (ook 'n elliptiese sin) begin met 'n hoofletter:

*Die seun gaan skool.*

*Baie mense het geslaap, maar sommige was wakker.*

*Ek weet nie.*

*Wie is by die huis? Die huismense?*

*Hulle gaan verloor! Die span is te swak.*

#### **Opmerking**

In 'n aanhef kry die eerste woord 'n hoofletter: *Beste Johan, My liewe Fritz, Liefste Lien, Meneer.*

*Let Wel*

- (1) As 'n sin met 'n onbepaalde lidwoord begin, kry die daaropvolgende woord 'n hoofletter; die 'n word altyd klein geskryf:

*Daar is baie mense. 'n Groot skare, ja.*

*'n Motor ry op die pad.*

- (2) Verkorte woorde wat aan die begin van sinne staan en met 'n afkappingsteken begin (soos 'k, 't), word met 'n kleinletter geskryf en die daaropvolgende woord ook met 'n kleinletter:

*'k het dit nie geweet nie.*

*'t is 'n verkorting van het.*

*'tsy die een of die ander.*

- (3) As die eerste teken in 'n sin 'n syfer, getal of simbool is, kry die daaropvolgende woord nie 'n hoofletter nie en as die eerste woord in 'n sin met 'n syfer, getal of simbool begin, is die eerste letter daarna 'n kleinletter:

*Daar was 'n lang optog. 200 vragmotors het langsaam voortbeweeg.*

*20 tennisspelers het in Amerika gaan speel.*

*[ə] is 'n fonetiese teken.*

*Ons kan dodelike strale kry. β-strale word byvoorbeeld aangetref.*

*Daar is baie chemiese verbindings. 1,2-dichloor-propaan is 'n bekende voorbeeld.*

*U-draaitekens word hier opgerig.*

- (4) Waar 'n sin met die onbepaalde lidwoord 'n begin, word die daaropvolgende woord wat met 'n syfer, simbool of getal begin, met 'n kleinletter geskryf:

- 'n [ə] kan deur verskillende letters weergegee word.
- 'n 12-delige ensiklopedie is tans op die mark.
- 'n .22-geweer is gevaarlik as dit nie reg gehanteer word nie.
- 'n h kom nie aan die einde van 'n Afrikaanse woord voor nie.

*Let Wel*

- (1) Die bostaande reëling geld nie in gevalle waar die betrokke woord normaalweg met 'n hoofletter geskryf word nie, byvoorbeeld:  
20 *Suid-Afrikaanse tennisspelers het in Amerika gaan speel.*  
*'n A dui 'n baie goeie punt aan.*
- (2) Na 'n dubbelpunt kom daar nie 'n hoofletter in die normale aaneenlopende volgorde van 'n sin nie:

*Ons het die volgende soorte visgereedskap nodig: katrolle, stokke, nylonlyn, nette, hoeke, dobbers, aasblikke. Vermy asb. die volgende malariagebiede: moer-  
rasse, bosse, stilstaande water.*

*Hierdie verskynsel hang saam met veroudering as sodanig: ek meen dat elkeen  
hier 'n bydrae tot die welsyn van die bejaardes in u omgewing kan lewer.*

*Hy sal seker nog kom: met die trein, soos ek hom ken. Ons was almal daar: al  
die mense het groot moeite gedoen om te kom.*

Elke item van 'n lys wat na 'n dubbelpunt gegee word, kan op 'n nuwe reël  
kom – in dié geval kan elke item met 'n hoofletter of 'n kleinletter begin. Let  
egter op die samehang tussen interpunksie en hoof- of kleinletters.

*Julle moet sorg dat:*

- (i) *julle netjies is;*
- (ii) *julle goed alles in die koffers is;*
- (iii) *julle betyds op die stasie kom;*
- (iv) *die deure almal gesluit word.*

*Vir algemene kennisname:*

- (i) *Kafeteria oop vir etes.*
- (ii) *Geen worsrolletjies.*
- (iii) *Waskamergeriewe in die hoofgebou.*
- (iv) *Etenstye: 1-2 nm.*

## 2 Eiename

Die algemene reël geld dat eiename met 'n hoofletter begin. Daar is verskillende tipes eiename.

### 2.1 PERSOONSEIENAME

#### 2.1.1 *Vanne*

- 2.1.1.1 *Vanne sonder losstaande dele word met 'n hoofletter begin: Marais, Theron, Gouws.*

- 2.1.1.2 *Baie vanne bestaan uit twee of drie losstaande dele. By twee losstaande dele kry albei 'n hoofletter: Du Toit, De Villiers, Van Heerden, Von Wielligh, Le Grange. By vanne met drie losstaande dele kry die eerste en die laaste deel 'n hoofletter: Van der Merwe, Van den Heever, De la Harpe.*

### **Opmerking**

Let daarop dat die gebruik hier verander sodra 'n naam of voorletter voor die van verskyn. Wanneer die van uit twee of meer dele bestaan, word die eerste deel met 'n kleinletter geskryf: *Petrus de Villiers (P. de Villiers)*, *Karel du Toit (K. du Toit)*, *Nico le Grange (N. le Grange)*, *Pierre de la Harpe (P. de la Harpe)*, *Gerrit van den Heever (G. van den Heever)*, *Theunis van der Merwe (T. van der Merwe)*.

2.1.1.3 By dubbelloopvanne, d.w.s. vanne wat bestaan uit twee dele wat met 'n koppelteken verbind word, word elke deel van die gekoppelde van met 'n hoofletter begin: *Le Roux-Preiss*, *Louw-Theron*.

#### 2.1.2 *Voorname*

Voorname word met 'n hoofletter begin: *Jacobus*, *Koos*, *Hendrina*, *Hettie*.

Dit geld ook dubbelloopname, waarby elke deel van die gekoppelde naam met 'n hoofletter geskryf word: *Jan-Daan*, *Karl-Heinz*, *Anna-Marie*.

Soms word dergelyke name vas, met 'n hoofletter aan die begin, geskryf: *Annemarie*, *Jandaan*.

#### 2.1.3 *Vanne as voorname*

Vanne wat as voorname gebruik word, word soos gewone vanne geskryf. Dié vanne wat losstaande dele vertoon, en wat as voorname gebruik word, kry 'n hoofletter as die betrokke naam eerste of alleen voorkom (*De la Rey Theron*, *Van Wyk Louw*, *De Wet Botha*), maar as dié naam na ander name of voorletters voorkom, word die eerste deel van sulke name of voorletters met 'n kleinletter geskryf (*Jan de la Rey Marais*, *N.P. van Wyk Louw*, *J.H. de W. Botha*).

#### 2.1.4 *In 'n aanhef of in die loop van 'n mededeling*

Hier word die hoofletter soos volg aangewend:

*Geagte dr. Botha*

*Beste mev. De Villiers*

*Beste mevrou De Villiers*

*Geagte prof. Van der Merwe*

*Geagte ds. Marais*

*Liewe tannie Viljoen*

*Geagte min. Marais*

*Geagte minister Marais*

*Geagte pres. Swart*

*Geagte president Swart*

*Die firma het mnr. Botha gestuur.*

*Die hoof het mnr. J. van der Merwe opdrag gegee om . . .*

*Die eerste toespraak is gelewer deur mnr. Van der Merwe.*

#### 2.1.5 *Byname*

Byname word as eiename beskou en die eerste letter van die bynaam word met 'n hoofletter geskryf: *Rooies Marais*, *Vaatjie Venter*, *Mannetjies Nortjé*, *Vleis van Zyl*. Waar 'n bynaam saam met 'n ander voornaam 'n woordgroep vorm, begin albei die

name met 'n hoofletter: *Blink Henna, Groot Piet de Villiers, Piet Grootlieg, Hendrik Tweefontein.*

Waar 'n bynaam plus 'n ander voornaam deur 'n koppelteken verbind word, begin die bynaam en die ander voornaam met 'n hoofletter: *Rooi-Koos, Ou-Jan.*

Waar 'n bynaam plus 'n ander voornaam as een woord sonder koppelteken geskryf word, begin dié woord met 'n hoofletter, maar geen hoofletter word vir die tweede lid van die samestelling gebruik nie: *Kleinjan, Swartpiet.*

#### 2.1.6 *Toename*

Aan sommige name (veral van sekere historiese figure) word 'n bepaling toegevoeg, wat deel van die naam van die betrokke persoon word. Dan begin die hoofdele van die toename (bv. telwoorde of byvoeglike naamwoorde, maar nie lidwoorde nie) met 'n hoofletter: *Elizabeth die Tweede, Karel die Stoute, Filips die Skone, Alexander die Grote, Johannes-Paulus die Tweede.*

#### 2.2 AANSPREEKVORME

Aanspreekvorme sonder 'n daaropvolgende eienaam (behalwe persoonlike voor-naamwoorde) word met 'n hoofletter begin:

*“Liewe Ma, . . .”*

*“Beste Oom, . . .”*

*Aan Ouma en Oupa*

Dit geld ook in 'n aanhef:

*Beste Mevrou*

*Geagte Meneer*

*Waarde Heer*

*Waarde Dominee*

*Geagte Generaal*

*Geagte Professor*

*Geagte Doktor/Dokter*

Wanneer 'n eienaam bygevoeg word, word die aanspreekvorm met 'n kleinletter begin:

*“Goeiemôre, tannie Viljoen.”*

*“Wat is u mening, professor Van der Merwe?”*

*Beste mnr. Van der Merwe*

*Geagte dr. Van Rensburg*

*Waarde prof. Odendal*

#### **Opmerking**

Waar sulke vorme nie as aanspreekvorme gebruik word nie, word dit met 'n kleinletter geskryf:

*Dit is pa se pantoffels.*

*Ek moet die professor môre gaan spreek.*

Die dele van aanspreekvorme van hoogwaardigheidsbektelers begin altyd met hoofletters: *U Edele; U Edelagbare; U Eksellensie; U Majesteit.*

By adressering verander die voornaamwoord, maar dit behou die hoofletter:

*Sy Edele die Minister van Buitelandse Sake*

*Sy Eksellensie die Staatspresident*

*Sy Eksellensie president Swart  
Sy Edelagbare die Burgemeester*  
Let op die vroulike vorm (*Haar Edele*) en die meervoudsvorm (*Hulle Eksellensies*).

2.3 MITOLOGIESE EIENAME

Die eiename van mitologiese figure word met 'n hoofletter begin: *Kerberos, Medusa, Mesenas, Adonis, Mammon*.

2.4 BEVOLKINGSGROEPE

- 2.4.1 Eiename van groepe en lede van sulke groepe word met hoofletters geskryf: *San, Nama, Afrikaner, Damara, Boer, die Franse, Geuse, Hugenoot, Xhosa, Nguni, Griekwa, Maleier, Asiër, Maori, Venda*.

Verbindings van hierdie tipe eienaam word ook met 'n hoofletter geskryf: *Asiërvrou, Maleierkoor, Sanvertellings, Afrikanertradisie, Damaraland, Xhosalegende*. (Vgl. 15.1 hier onder.)

- 2.4.2 Beskrywende benamings vir groepe en lede van sulke groepe word met kleinletters geskryf: *blank, blanke, bruin, bruine, swart, swarte, wit, witte*.

Verbindings van hierdie tipe beskrywende benamings met 'n s.n.w. word dus ook met 'n kleinletter geskryf: *blanke vrou, blanke gesin, bruin vrou, swart vrou, bruin gesin, swart gesin*. (Vgl. 15. Skryfwyse – los of vas, 2.5, Opmerking (3).)

**Opmerking**

Spot- en byname van groepe of 'n lid van 'n groep word met 'n hoofletter geskryf: *Blikoor, Vaalpens, Yankee, Rooibontes, Streeptruie*.

2.5 FIKSIE- EN FIKTIEWE EIENAME

Die name van persone, plekke en sake in sprokies, kortverhale, romans, gedigte, ens., asook dié wat in die folklore, volksverbeelding en bygeloof voorkom, word soos in die geval van alle ander eiename met 'n hoofletter geskryf: *Klaas Vakie, Jakkals en Wolf, Hasie, Koning Leeu, Skilpad, Duiwel, Aladdin, Mens, Townenaar, die Heks, Ampie, Raka, Koki, Lambertus Bredenhand, Slaplaagte*. (Vgl. par. 13 hier onder.)

2.6 DIE VOLGENDE TIPES HANG TEN NOUSTE SAAM MET EIENAME

2.6.1 *Ampsbenamings*

'n Ampsbenaming wat met spesifieke verwysing na 'n individu gebruik word, word gewoonlik met 'n hoofletter geskryf: *die Speaker; Ampswag; Hoë Kommissaris; Hoof van die Departement Afrikaans; Hoof, Departement Verloskunde; die Administrateur; Dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte; Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde; die Registrateur (Akademies); Akademiese Registrateur; die Rektor; die Viserektor; die Kanselier; Direkteur-generaal van Finansies; Hoofbode; Sekretaris; President van die WNNR; Voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid; Administratiewe Beampte; Hoof Administratiewe Beampte*.

Wanneer 'n dergelike benaming algemeen verwys, word dit nie met 'n hoofletter geskryf nie:

*Die universiteite se hoofamptenare heet rektore.*

*Aan die hoof van staatsdepartemente staan direkteurs-generaal.  
Die parlement se voorsitter word 'n speaker genoem.  
Die nuwe voorsitters is reeds aangewys.*

#### 2.6.2 *Afgeleide persoonsname*

Die name van persone wat aanhangers of bevorderaars is van 'n bepaalde filosofiese, religieuse of politieke stelsel, die lede van politieke partye, die aanhangers van leiersfigure, die bewoners van plekke, streke en lande word met 'n hoofletter geskryf.

Religieuse stelsels: *Christen, Christenjongmense, Calvinis, Lutheraan, Katoliek, Protestant, Boeddhis.*

Filosofiese en ander intellektuele stelsels: *Cartesiaan, Darwinis, Humanis, Stoïsyn, Puritein, Kommunis, Idealis, Eksistensialis, Fenomenoloog.*

Politieke stelsels: *Demokraat, Kommunis, Republikein, Monargis, Fascis, Liberalis, Sosiaal-Demokraat.*

Ekonomiese stelsels: *Kapitalis, Sosialis.*

Rigtings in die kunste: *Realis, Kubis, Ekspressionis.*

Godsdienstige instellings, waaronder kerke: *Hervormer, Gereformeerde, Anglikaan, Katoliek, Apostolie, Boeddhis, Fariseër, Vrymesselaar, Mormoon, Sewendedagadventis, Dopper, Gatjjeponner, Jehova se getuies.*

Kloosterordes: *Kapusyners, Dominikaan, Jesuïet, Franciskaner.*

Politieke partye: *Nasionalis, Progressief, Arbeider, Demokraat, Sosialis*, asook verkorte name, soos *Nat, Sap, Prog.*

Leiersfigure: *Malaniet, Hertzogiet.*

Plekname: *Suid-Afrikaner, Australiër, Suidwester, Namibiër, Zambiër, Transkeier, Boesmanlander, Noordwester, Bokkevelde, Bosvelde, Laevelder, Ondervelder, Bolander, Transvaler, Nataller, Vrystater, Pretorianer, Johannesburger, Kapenaar, Londenaar, Amsterdammer, Madrileen, Rustenburger, Paarliet, Stellenbosser, Galasiër, Korintiër, Samaritaan.*

Kenners van tale: *Latinis, Germanis, Romanis, Grekis of Gresis, Nederlandikus.*

Volksname: *Goot, Wesgoot, Oosgoot, Ariër, Germaan.*

#### 2.6.3 *Eerbiedsbenamings*

Eerbiedsbenamings word met 'n hoofletter geskryf: *Heiland, Here of Heer, Verlosser, Moedermaagd, God, Christus, Boeddha, Mohammed, Drie-eenheid, Triniteit, Almoëndheid, Godheid, Hoërhand*; ook die teenoorgestelde hiervan: *Duiwel, die Bose, Antichris.*

#### **Opmerking**

Die besitlike voornaamwoord *sy* (vir God) word met 'n kleinletter geskryf.

### 3 **Dier- en plantname**

Sekere tipes dier- en plantname is eiename en word met hoofletters geskryf.

Name vir troeteldiere of ander mak diere: *Brakkie, Kats, Kerneels, Poon, Potberg, Rommel, Streepmuis, Wagter, Wilties.*

Diername in sprokies: *Pappa en Mamma Haas, Oupa Uil, Wolf en Jakkals.*

Taksonomiese benamings: *Crassulaceae, Ericaceae, Solanaceae, Medicago nigra,*

*Brassica oleracea var. acephala, Encephalartos, Encephalartos natalensis, Euphorbia caput-medusa, Loxodonta africana, Krustaseë, Dikhuiddiges, Koudbloediges, Lelieagtiges.*

#### 4 **Saakname**

Die name van sekere tipes sake word met 'n hoofletter geskryf. Die volgende tipes kan onder meer onderskei word:

Name van handelsprodukte: *Toyota Corolla, Volkswagen* (ook *Volksie*), *Rembrandt van Rijn, Hoffmannsdruppels, Lux, Kodak, Oude Meester, Van der Hum, Singer.*

Name van temperatuurskale: *Fahrenheit, Celsius, Réaumur.*

Name van sakeondernemings: *Modulus, Lyceumkollege, Sanlam of SANLAM, Nasionale Boekhandel, Perskor.*

Name van organisasies: *Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Gemeenskaplike Matrikulasieraad, Noord-Transvaalse Rugbyunie, Suid-Afrikaanse Kreupelsorgvereniging, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, KRUIK of Kruik.*

Name van kommissies, komitees, rade en dergelike: *Taalkommissie, Kommissie van Ondersoek insake Ongewenste Publikasies, Gekose Komitee vir . . ., Komitee vir Beurse en Lenings, Klub Here XVII, Raad van Afgevaardigdes, Raad van Verteenwoordigers, Presidentsraad, Volksraad.*

Name van staatsdepartemente: *Departement van Buitelandse Sake, Departement van Landbou, Departement van Nasionale Opvoeding.*

Name van wette, ordonnansies, ens.: *die Wet op Universiteite, die Padordonnansie, die Strafwysigingswet, die Wetsontwerp op Grondgebruik.*

Name van verdrae en ooreenkomste: *die Verdrag van Versailles, die Verdrag van Bretton Woods.*

Name van inrigtings en geboue: *Afrikaanse Hoër Seunskool, Hoërskool Port Natal, Floridahoërskool, Hoër Handelskool, Rietpoortse Laerskool, Van der Kloof-Laerskool; Universiteit van Stellenbosch, Rhodesuniversiteit of Universiteit Rhodes, Pretoriase Onderwyskollege, Huis Van der Walt, Huis De la Bat, Van der Walthuis, De la Bathuis.*

Name van kerklike instellings: *Nederduitse Gereformeerde Kerk, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Sewendedagadventiste, Apostoliese Geloofsending, Doopsgesindes, Pinksterkerke, Kapusynorde, Dominikaners, Karmeliete.*

Name van politieke partye: *Nasionale Party, Progressiewe Federale Party, Herstigte Nasionale Party, Nuwe Republiekparty, Konserwatiewe Party, Sosiaal-Demokratiese Party, Unionisteparty, Volksparty, Arbeidersparty, Christen-Demokratiese Unie.*

Name van leerstellings, geestes- en kunsrigtings en denkstelsels: *Christendom, Islam, Rooms-Katolisisme, Protestantisme, Boeddhisme, Sofisme, Cartesianisme, Logiese Taalanalise, Fenomenologie, Eksistensialisme, Caesarisme, Demokrasie, Kommunisme, Liberalisme, Kapitalisme, Sosialisme, Merkantilisme, Laissez-faire, Vryemarkstelsel; Realisme, Kubisme, Ekspresionisme, Vitalisme, die Nuwe Roman, die Teater van die Absurde, Totale Teater, Dadaïsme, Dada, Naturalisme, Pointillisme, Post-Impressionisme, Primitiwisme, Barok, Rokoko.*

Name van departemente, afdelings, fakulteite e.d.m. aan inrigtings vir hoër onder-

wys: *Departement Aardrykskunde, Departement Infeksiesiektes, Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde, Afdeling vir Basiese Mediese Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.*

Name van publikasies: *Die grondslae van politieke besluitneming, Opvoedkundige metodes, Afrikaanse woordelys en spelreëls, Leerboek vir Plantkunde, Inleiding tot die Taalwetenskap; Die Transvaler, Die Burger, Beeld, Hoofstad; Huisgenoot, Geneeskunde, Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Tydskrif vir Argeologiese Navorsing, Hansard.*

Name vir die Bybel, van Bybelboeke en van ander religieuse geskrifte: *Genesis, Eksodus, Spreuke, Handelinge van die Apostels, Brief aan die Hebreërs, Bybel, Heilige Skrif, Vulgaat, Ou Testament, Nuwe Testament, Koran of Koraan, Talmoed, Baghavad-Gita, Vedas.*

#### **Opmerking**

Samestellings met *-bybel* as laaste deel word met 'n hoofletter begin: *Familiebybel, Kanselbybel, Kinderbybel.*

Name van literêre tekste: *die Sagas, die Eddas.*

#### **5 Name van tale en verwante verskynsels**

Simplekse en komplekse taalname begin met 'n hoofletter, bv.: *Hy praat Afrikaans, Engels, Hebreus, Tswana; Hoogduits, Nieu-Engels, Sypaadjieafrikaans, Omgangsafrikaans, Laagmaleis, Suid-Sotho, Wes-Germaans.*

Byvoeglike naamwoorde wat nie taalname is nie, maar wat met voorvoegsels soos *anti-* en *pro-* van taalname afgelei is, asook afleidings van sulke byvoeglike naamwoorde, word met 'n koppelteken tussen die voorvoegsel en die basiese taalnaam geskryf indien hierdie voorvoegsel van vreemde herkoms is. Die voorvoegsel word met 'n kleinletter en die basiese taalnaam met 'n hoofletter geskryf, bv. *anti-Russies, anti-Semitisme, pro-Afrikaans.*

Afleidings met *-isme* en *-isties* wat op basis van taalname gevorm is, word met 'n hoofletter geskryf, bv. *Latinisme, Anglisisme, Nederlandisme; Anglisisties, Latinisties.* In 'n samestelling wat met 'n koppelteken vas geskryf word, kry die basiese taalnaam ook 'n hoofletter, bv. *Griekwa-Afrikaans, Kaaps-Hollands, Pidgin-Engels, Tirols-Duits.*

In 'n woordgroep wat as geheel 'n taalnaam is, kry elke woord van die betrokke woordgroep 'n hoofletter, bv. *Nuwe Hoogduits, Ou Engels, Wit Russies.*

In 'n samestelling wat sonder 'n koppelteken vas geskryf word, kry die basiese taalnaam nie ook 'n hoofletter nie, bv. *Amerindies, Eurasies, Keltiberies, Monnikelatyn, Potjieslatyn.*

#### **Opmerking**

Vir die skryfwyse van komplekse taalname, sien 15. *Skryfwyse – los of vas*, 2.2.

#### **6 Aardrykskundige eiename**

Hierdie tipe naam word met 'n hoofletter geskryf; as daar meer as een losstaande deel is, begin elke deel met 'n hoofletter (behalwe lidwoorde, voorsetsels, voegwoorde e.d. wanneer hulle nie die eerste deel is of as eerste komponent nie deel van die amptelike vorm van die eienaam uitmaak nie): *Europa, Afrika, Amerika, Australië, Groenland, Koningin Maude-land, Kanada, Madagaskar, Rusland, China,*



*Maleisië, Frans Josefland, die Hasjimitiese Koninkryk Jordanië, Verenigde State van Amerika, Unie van Sosiaalistiese Sowjetrepublieke; Gougheiland, Robbeneiland, Marioneiland, Aroe-eilande, Bahama-eilande, Comoro-eilande, Markiese-eilande, Maagde-eilande, Asoriese Eilande, Baleariese Eilande, Egeïese Eilande; Transvaal, Lincolnshire, Graafskap Kerry, Nuwe Engeland, Laeveld, Bosveld, Koup, Noordweste, Mato Grosso, Koue Bokkeveld, Moordenaarskaroo, Kaap die Goeie Hoop, Hoek van Holland, Skotse Hooglande, Lae Lande; Stille Oseaan, Middellandse See, Atlantiese Oseaan, Swartsee, Kaspiese See, Karibameer, Howickwaterval, Vaalrivier, Hartebeespoortdam, Noordseekanaal; Tafelberg, Towerkop; Kaapstad, Johannesburg, Marico, Bezuidenhoutsvallei, Rondebosch, Mostertsdrif, Louis Trichardt, Jan Kempdorp, Roosenekal, Hopefield, Menlopark, Kampsbaai, Waterkloofrif, Les Marais; Londen, Brussel, Waterloo; Bodorp, Onderdorp, Skuldbult, Rooibult, Die Ark, Die Hel, die Vallei van Verlatenheid, Vallei van 'n Duisend Heuwels; Cronjéstraat, Malherbesingel, Mike Pienaarrryiaan, Van der Merwesingel, De Villierssteeg, Jan Maraisstraat, Eben Döngeslaan, Koos de la Reystraat, J.C. de Wetsingel, Eerste Straat of Eerstestraat, Derde Laan of Derdelaan, Op die Berg, Om die Berg, Berg-endaal, Rus-en-Vrede, Die Koppie, Die Lus, Die Buitekant, Eikelaan, Tinkinkiestraat, Parlementsteeg, Pretoriaweg, Grootensingel, Die Singel, Die Pad, Die Wapad; Beeshoek, Fisantlaagte, Koedoesdraai, Wildehondvlakte, Ghwarriebos, Beukesplaas, Steilhoogte, Skoongesig, Rykverby, Derdepoort, Driedoringhoek, Sesfontein; Tweekoppies, Seweweekspoort; Ou Wêreld, Nuwe Wêreld, Derde Wêreld, Steenbokskeerring, die Weste, die Ooste, Suidpool, Noordpool, Awendland.*

### **Opmerking**

- (1) By koppelbenamings kry elke deel van die naam 'n hoofletter: *Klein-Asië, Agter-Indië, Bo-Volta, Wit-Rusland, Nieu-Siberië, Schweizer-Reneke, Oranje-Vrystaat, Saoedi-Arabië, Tsjeggo-Slowakye.*  
Dit geld ook koppelbenamings met *Midde, Middel, Nabye* en *Verre* as eerste komponent: *Middel-Europees, Midde-Ooste, Midde-Oosters, Nabye-Ooste, Nabye-Oosterse, Verre-Ooste, Verre-Oosterse.*
- (2) Sommige plekname bestaan uit twee of meer losstaande dele; die verskillende dele van die naam word met 'n hoofletter geskryf: *New York, Nova Scotia, Louis Trichardt, Piet Retief.*
- (3) Wanneer rigting in 'n naam aangedui word, word die rigtingkomponent ook met 'n hoofletter geskryf: *Noord-Afrika, Noord-Amerika, Wes-Australië, Noord-Orkade, Suid-Sandwicheilande, Johannesburg-Noord, Somerset-Wes, Noord-Dakota, Wes-Transvaal, Aliwal-Noord.*  
Dit geld ook saamgestelde rigtingkomponente: *Suidwes-Afrika, Noordwes-Australië.*
- (4) Straatname wat met 'n syfer begin, se tweede deel (d.w.s. *Laan, Straat*, ens.) word met 'n hoofletter geskryf: *5de Laan, 26ste Straat.*
- (5) By plekname word die telwoorddeel soms los geskryf en dan kry die nietelwoorddeel ook 'n hoofletter: *Twee Buffels, Twee Riviere, Vier en twintig Riviere* of *Vier-en-twintig Riviere, Drie Riviere, Vier Paaie, Drie Werwe.*
- (6) Wanneer plekname die element *se* bevat en die dele los geskryf word, kry die laaste komponent ook 'n hoofletter: *Uys se Pos, Vermaak se Krans, Frans se Kraal, Molopo se Oog.*

7 **Sterrekundige name**

Die name van hemelligame en ander verskynsels of voorwerpe in die heelal word met 'n hoofletter geskryf: *Mars, Jupiter, Venus, Melkweg, Suiderkruis, Groot Beer, die Jagter*.

**Opmerking**

*Son, Maan* en *Aarde* kry slegs hoofletters wanneer hulle saam met ander sterre, planete, ens., genoem word, d.w.s. wanneer hulle spesifiek as hemelligame aangedui word. Let daarop dat sterrekundige soortname nie 'n hoofletter kry nie: *pulsar, wit dwerg, kwasar*.

8 **Datumname**

Die name van die dae van die week en die maande van die jaar word met 'n hoofletter geskryf: *Maandag, Dinsdag, Maart, April*.

**Opmerking**

Die name van kerklike, religieuse en algemene feesdae en feestye word ook met 'n hoofletter geskryf; as die naam uit meer as een los deel bestaan, kry elke deel 'n hoofletter: *Goeie Vrydag, Kersfees, Tweede Kersdag, Paasfees, Pinkster, Pinkstertyd, Hemelvaart, Lydensweek, Nagmaal, Ramadan, Jom Kippoer, Geloftedag, Gesinsdag, Arbeidsdag, Nuwejaar, Nuwejaarsdag, Nuwejaarsfees, Saturnalieë, Bacchanalieë, Joelfees; Moedersdag, Vadersdag*.

9 **Geskiedkundige gebeurtenisse en tydperke**

Die name van geskiedkundige gebeurtenisse en tydperke word met 'n hoofletter geskryf; as die naam uit twee of meer los dele bestaan, kry elke deel (behalwe lidwoorde, voorsetsels, ens.) 'n hoofletter: *Goue Eeu, Renaissance, Middeleeue, Sewejarige Oorlog, Frans-Duitse Oorlog, Tagtigjarige Oorlog, Tweede Vryheidsoorlog, Tweede Wêreldoorlog, Hervorming, Verligting, Romantiek, Swart Ommegang, Swarte Rondgang, Jaar van die Haas, Jaar van die Hond, Jaar van die Kind, Nasionale Hartweek, Internasionale Geofisiese Jaar*.

10 **Geologiese benamings**

Die name van geologiese tydperke en formasies word met 'n hoofletter geskryf; as die naam uit meer as een los deel bestaan, kry elke deel 'n hoofletter: *Jura, Jurassiese Tydperk, Eoseen, Chelles-Acheul, Steentydperk, Ystertydperk, Pleistoseen; Kaapse Plooiestreek, Beaufortserie of Serie Beaufort, Karoosisteem of Sisteem Karoo, Bosveldstollingskompleks*.

11 **Woordgroepe**

Sekere name bestaan uit 'n byvoeglike naamwoord wat van 'n eiennaam afgelei is, en wat die hoofletter behou (vgl. 14.1 hier onder), plus 'n soortnaam. Die eerste deel van die woordgroep word met 'n hoofletter geskryf en die tweede deel met 'n kleinletter: *Duitse masels, Engelse sout, Pruisiese suur*.

(Vir gevalle waar die tweede deel van die woordgroep met 'n hoofletter geskryf word, vgl. 8, 9 en 10 hier bo.)

- 12 Byvoeglike naamwoorde wat van 'n eienaam afgelei word en nog duidelik met daardie eienaam verband hou, word met 'n hoofletter geskryf: *Freudiaans, Gregoriaans, Juliaans, Arabies, Vedies*.

Byvoeglike naamwoorde wat afgelei is van 'n eienaam en nie meer duidelik verband hou met daardie eienaam nie, word met 'n kleinletter geskryf: *mefistofelies* of *mefistofeliaans, mesenies, nestoriaans*. (Vgl. 14 hier onder.)

### **Opmerking**

Die Taalkommissie vind dat dit nie moontlik is om op taalkundige gronde nadere reëls aan te gee nie. Daarom moet 'n mate van vryheid gelaat word en moet dit nie as 'n skryffout beskou word as mense hier met 'n hoofletter skryf wat meestal met 'n kleinletter geskryf word, of met 'n kleinletter skryf wat meestal met 'n hoofletter geskryf word nie.

### **13 Idiomatiese uitdrukkings**

- 13.1 Persoonseiname in idiomatiese uitdrukkings en personifikasies word met hoofletters geskryf (vgl. 2 hier bo): *Jan Alleman, Jan Pampoer, Jan Rap en sy maat, met Jan Tuisbly se karretjie ry, die ware Jakob, Klein Duimpie, Maljan onder die hoenders*.
- 13.2 In die name van sekere speletjies kom daar 'n deel voor wat op 'n (oorspronklike) eienaam teruggaan; ook hier word 'n kleinletter geskryf, aangesien dergelike benamings soortname is: *job-slaat-my, janblou, jaap-waarom-lag-jy-nie*.

### **14 Afleidings van eiename**

- 14.1 Afgeleide byvoeglike naamwoorde behou die hoofletter(s) van die grondwoord(e): *Geneefs, Ghanees, Israelies, Suid-Afrikaans, Pretoriase, Stellenbosse, Christelik, Nieu-Testamenties, Paulinies, Calvinisties, Luthers, Devoons, Euklidies, Darwinisties, Oranje-Vrystaats, Bo-Kaaps*.

Sekere byvoeglike naamwoorde wat van eiename afgelei is, word ook voorafgegaan deur 'n voorvoegsel van vreemde herkoms wat met 'n koppelteken van die res van die woord geskei word; die afgeleide eienaamgedeelte na die koppelteken behou dan die hoofletter: *hiper-Darwinisties, hipo-Dories, inter-Amerikaans, pro-Russies, ultra-Marxisties*.

Sekere byvoeglike naamwoorde wat van eiename afgelei is, word voorafgegaan deur die Afrikaanse voorvoegsel *on-*, wat sonder 'n koppelteken vas aan die res van die woord geskryf word. Die afgeleide eienaamgedeelte na die voorvoegsel word dan met 'n kleinletter geskryf: *onafrikaans, onboeddhisties, onskandinawies*.

Werkwoorde van eiename afgelei, kry 'n kleinletter: *amerikaniseer, boikot (geboikot), latiniseer, pasteuriseer, ontengels, verafrikaans, verfrans*.

Byvoeglike en selfstandige naamwoorde wat van sulke werkwoorde deur middel van Afrikaanse voorvoegsels soos *on-*, *ont-* en *ver-* en met agtervoegsels soos *-asie*, *-ing* en *-iseer* afgelei is, word eweneens sonder 'n koppelteken vas aan die res van die woord geskryf. Die eienaamgedeelte word dan met 'n kleinletter geskryf: *afrikani-sasie, anglisering, geontstaliniseerde, herverfransing, verafrikaanste*.

Byvoeglike en selfstandige naamwoorde wat d.m.v. *-aan*, *-aans*, *-iaan*, *-iaans*, *-ies*, *-inies*, *-is*, *-isme*, *-isties*, *-me*, *-ties*, *-ein/-yn* en ander agtervoegsels van vreemde herkoms van eiename afgelei is, en waarvan die verband met die eienaam nog dui-

delik aangevoel word, behou die hoofletter van die eienaam: *Boeddhis, Boeddhisme, Freudiaan, Freudiaans, Jakobyn, Johanneies, Lutheraan, Lutheraans, Lutheranisme, Marxis, Marxisme, Marxisties, Paulinies, Stalinisties.*

### **Opmerking**

Vir afleidings van taalname, vgl. 5 hier bo.

- 14.2 Wanneer 'n woord die funksie van eienaam verrig, word dit altyd met 'n hoofletter geskryf. Daar is sekere woorde wat as eienaam ontstaan het, maar wat mettertyd ook, naas die eienaamfunksie wat dit steeds (kan) behou, as soortnaam gebruik is. In dergelike gevalle word die soortnaam met 'n kleinletter geskryf:

*Waterloo* (pleknaam) naas *waterloo* (bv. in "hy het sy waterloo teengekom")

*Nimrod* (persoonseienaam) naas *nimrod* ("dapper jagter")

*Argonout* (persoonseienaam) naas *argonout* ("soort seedier")

*Amasone* (persoonseienaam) naas *amasone* ("strydbare vrou")

*Mefistofeles* (persoonseienaam) naas *mefistofeles* ("iemand met 'n duiwelse voorkoms")

*Bosbou* (eienaam, bv. staatsdepartement) naas *bosbou* ("aanplant van bosse")

Verdere voorbeelde: *japie, klaas, mentor, mesenas, midas, nestor, quisling.*

### 15 **Samestellings met eiename**

- 15.1 Samestellings wat eiename is, word ook met 'n hoofletter geskryf. As die samestelling 'n eienaam is, of 'n eienaam as komponent het, geld die algemene reël dat dit met 'n hoofletter geskryf word (vgl. 2 hier bo): *Benediktyneklouster, Bergskot, Buf-fels-Grootrivierbekken, Cobolprogram, Curriebekerkrieketwedstryd, Fehrversame-ling, Kleinsakeontwikkelingskorporasie, Pierneefskildery, Presidentverkennerstoets-kamp, Springbokhokkiespeelster, Withuisamptenaar, Doopsesinde, Drie-eenheid, Driekoningedag, Baälspriester, Minderbroeder.*

- 15.2 As die samestelling 'n soortnaam is, word dit normaalweg met 'n kleinletter ge-skryf, selfs wanneer een of meer van die dele daarvan met die vorming van die samestelling 'n eienaam of 'n gewysigde eienaam was:

(1) abstrakta: *jobsgeduld, judaskus, kainsteken;*

(2) algemene benamings: *adamsappel, brailleskrif, jonasklip;*

(3) gebruiksvoorwerpe: *eolusharp, herneutermes, portlandsement;*

(4) middels: *bordeauxmengsel, chilisalpeter, epsomsout, jamaikagemmer, pruisiesblou;*

(5) plant- en dierename: *bêrendlangasem, bitterkaroo, bokbaaiwygie, bontjoubert, bontstefanie, janblom, janfrederik, josefskleed, klaaslouwbossie, krismisblom, namakwaduif, outeniekwageelhout, piet-my-vrou, selonsroos, vandermerweskruië, vanwykshout, venushaarvaring;*

(6) tegniese en tegnologiese begrippe: *ampèremeter, bavenokristal, bessemerstaal, cushiontegniek, fehlingoplossing, plimsollmerk, röntgenstrale, ruhmkorffklos, volta-meter, voltmeter.*

- 15.3 Daar is sekere uitsonderings. Bepaalde samestellings wat as soortnaam beskou kan word, word met 'n hoofletter geskryf, moontlik omdat die eienaamdeel van die woord nog sterk as eienaam aangevoel word:

- (1) geskifte oor helde: *Arturroman, Karelroman, Marialegende*;
- (2) metodes en inrigtings: *Berlitzmetode, Fröbelskool, Montessorimetode*;
- (3) soorte mense: *Adamsgeslag, Belialskind, Evasgeslag, Gideonsbende*.

**Opmerking**

Die Taalkommissie is van oordeel dat daar by die skryfwyse met of sonder hoofletter in dergelike gevalle vryheid gelaat moet word.

- 16 Name van vakke en dissiplines word met 'n hoofletter of 'n kleinletter geskryf. In die *Woordelys* word dié name net met kleinletters gegee: *aardrykskunde, geskiedenis, boekhou, sielkunde, fisiologie, wiskunde, fisika, fonetiek, taalwetenskap, rekenkundige metodes, naaldwerk, skrif en bordwerk, hout- en metaalwerk*.
- 17 Die name van kultivars, dier- en plantvariëteite en produksorte word met of sonder 'n hoofletter geskryf. In die woordelys word dié woorde net met kleinletters gegee: *cabernet, fronteljak, hanepoot, hermitage of hermityk, catawba of katôba, pontak, raisin-blanc, rosaki, vaalblaar; dobermann-pinscher, keeshond, kelpie, kollie, pointer; veerpoothoender; afrikanerbees, fries, jerseykoei, korthoringkoei; merino, rambouilletskaap; valencia, riesling, rynwyn, steen; brie, camembert, cheddar, edam, gouda, parmesaan, roquefort*.

18 **Afkortings**

- 18.1 As die uitgeskrewe woord met 'n hoofletter begin, word die afkorting daarvan ook met 'n hoofletter geskryf: *Akad.* (Akademie), *Apr.* (April), *Belg.* (België, Belgie(s)), *Jes.* (Jesaja), *Vr.* (Vrydag), *D.* (Duits(e)), *Hd.* (Hoogduits(e)), *Herv.* (Hervormde), *Kie.* (Kompanjie); *Me.* (Middeleeue), *Mnl.* (Middelnederlands), *H.Eks.* (Haar Eksellensie), *S.Ed.* (Sy Edele).

**Opmerking**

Ander aspekte van die gebruik van die hoofletter by afkortings word in die afdeling *Afkortings* bespreek; sien aldaar.

- 18.2 Samestellings met 'n afkorting of simbool wat met een of meer hoofletters geskryf word, behou die hoofletter(s) van die afkorting of simbool en word met 'n koppelteken geskryf, maar die deel van die samestelling na die koppelteken word met 'n kleinletter geskryf: *A4-formaat ATKV-strandoord, DNS-molekuul, M.Sc.-graad, UNISA-student, WNNR-konferensiesentrum, Y-as, U-draai, T-yster*.

**Opmerking**

- (1) Let daarop dat sommige samestellings met 'n afkorting van 'n eiennaam as eerste deel vas, los of met 'n koppelteken geskryf kan word: *ATKV strandoord* of *ATKV Strandoord* of *ATKV-strandoord* of *ATKV-Strandoord*; *Kruik raad* of *Kruik Raad* of *Kruik-raad* of *Kruik-Raad* of *Kruikraad*. (Vgl. 15. *Skryfwyse – los of vas*, 2.1.1.)
- (2) Hierteenoor word samestellings met 'n simbool en sekere tipes afkortings (waar-in hoofletters voorkom) as eerste deel van die woord nie los geskryf nie, maar slegs met 'n koppelteken: *A4-formaat, M.Sc.-kandidaat, DNS-molekuul, TV-ateljee*. (Vgl. 11. *Koppelteken*, 3.2.)

### 13. WOORDE VAN VREEMDE HERKOMS

- 1 Wat spelwyse betref, val woorde van vreemde herkoms in drie klasse uiteen:
  - (1) verafrikaanse woorde, wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskrywe word;
  - (2) vreemde woorde wat, sover moontlik, hulle vreemde spelvorm behou; en
  - (3) 'n tussenklas, wat gedeeltelik volgens 'n vreemde en gedeeltelik volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskrywe word.
  
- 2 Met verafrikaanse woorde word bedoel woorde wat in gebruik nouliks van eg Afrikaanse woorde te onderskei is. Dit is woorde van allerlei herkoms wat volgens die gewone Afrikaanse spelreëls geskrywe word. Voorbeelde is *amoreus, appliek, atjar, barmitswa, basaar, blatjang, bloekomboom, boemerang, boikot, boksemdais of boksendais, flamenko, floks of floksie, ghaap, ghitaar of kitaar, ghoeroe, gholf, hendi-kep, hendsop, herrie, indoena, jogurt, karborund of karborundum, karee, kasjet, kasset, kategismus, kep of keps, kerugma, kikoejoe, kiwivrug, kleim, kléza, koemkwat, koepeer, koerbasj, konjak, koukus, krieket, krismisroos, krustifiks, kurrikulum, kys, lime-riek, loep, maroela, maroen, marog, matso, moelinee, mopanie, 'n-'n, oerangoetang, pajamas, patee, perestroika, Petrarkaans, piekels, piekniek, pienk, piering, piesang, pietersielie, prêrie, puree, relê, rofkas, senter, Setlaar, sjampoe, sjiek, snoeker, sorghum, stoepa, stres (druktesspanning), swempie, taboe, tamaai, tatoe, tenk, tilde, tjek, tjop, toffie, trein, wallabie, zombie.*
  
- 3 Met vreemde woorde wat sover moontlik hulle vreemde spelvorm behou, word bedoel woorde wat, indien hulle verafrikaans sou word, vir die oog vreemder sou lyk as in die "vreemde" spelvorm. So sou byvoorbeeld *gheraatsj* of *gheraadzj* vreemder lyk as die "vreemde" *garage*. Net so sou *krwasa* of *krwasaant* vreemder lyk as die "vreemde" *croissant*. Voorbeelde van hierdie klas woorde is *abattoir, adagio, ad hoc, aërometer, avant-garde, baccalaureus, blasé, bourgeois, broccoli, canyon, casanova, cédille, chalet, cliché, dachshund, dandy, denim, détente, Don Juan, douairière, dux, eisteddfod, eschscholtzia, fondue, gala, genre, gentleman, guerrillaoorlog, hidalgo, ipso facto, ixia, jerseykoei, judo, kebab, képi, kilojoule, kilt, lynch, nasi goreng, newcastlesiekte, oeuvre, ohmmeter, olé, parfait, pastiche, patois, peri-peri of piri-piri, pidgin, pingpong, pizza, podzol, portjackson, poster, reveille, riesling, rugby, sandhi, shandy, signore, ski, staccato, steak, stucco, suède, svarabhakti, tahr (soort wildsbok), teak, terracotta, tête-a-tête, toboggan, tomahawk, trousseau, tweed (soort materiaal), umlaut, Viking of Vikinger, voile, weimaraner, worcestersous, Yank, ytterbium.*
  
- 4 **Die tussenklas val uiteen in twee subklasse**
- 4.1 Party woorde van vreemde herkoms word op twee maniere gespel: sowel volgens 'n vreemde as volgens die Afrikaanse spelwyse. Die volgende is voorbeelde van sulke woorde: *Africana* of *Afrikaana*, *aurora* of *ourora*, *boutade* of *boetade*, *caprise* of *kapries*, *catawba* of *katôba*, *centumtaal* of *kentumtaal*, *chevron* of *sjevron*, *chronologies* of *kronologies*, *crêpe* of *kreip*, *croupier* of *kroepier*, *crux* of *kruks*, *echelon* of *esjelon*,

*euphorbia* of *euforbia*, *guano* of *ghwano*, *gierlande* of *guirlande*, *Kaukasies* of *Koukasies*, *quaestor* of *kwestor*, *Litaus* of *Litous*, *marathon* of *maraton*, *maxim* of *meksim*, *Mexikaans* of *Meksikaans*, *Pantheon* of *Panteon*, *recto* of *rekto*, *restaurant* of *restourant*, *roulette* of *roelet*, *saxofoon* of *saksofoon*, *chinchilla* of *tjintjilla*, *traumaties* of *troumaties*.

- 4.2 Party woorde van vreemde herkoms word gedeeltelik volgens 'n vreemde en gedeeltelik volgens die Afrikaanse spelwyse gespel. Voorbeelde van hierdie subklas is *elite*, *gabardien*, *geisja*, *gimkana*, *giraf*, *kibboets*, *eskudo*, *hidroulies*, *kwadrupeeg*, *kwasi-*, *moefiti*, *sirinks*, *voedoeïsme*.

**Opmerking**

Hoewel die Taalkommissie veel meer “eg Afrikaans” sou wou spel, is daar aansienlike weerstand by die skrywende en lesende publiek teen die gedeeltelike of algehele verafrikaansing van 'n woord wat reeds in sy vreemde of halfvreemde spelvorm vastheid gekry het. Voorbeelde is: *hidroulies*, *chemie*, *fauna*, *Caesar*, *attaché*, *cause-rie*, *chloor*, *chroom*, *eau-de-cologne*, *plusquamperfectum* of *plusquamperfektum*, *première*, *procédé*, *protégé*, *quidproquo*, *rock* (musiekstyl), *roquefort*.

- 5 Hier volg leiding slegs oor 'n aantal kenmerkende wyses van verafrikaansing.

5.1 g EN gh

Die *g* stel in Afrikaans onder andere [x] voor, soos in *berg*, en [g], soos in *berge*. Die *gh* stel net [g] voor, soos in *ghaap*. Vanweë die spelling in die vreemde taal skryf ons *gh* in enkele gevalle, soos *Ghana*, *ghetto*, *largetto* en *spaghetti*.

Die Taalkommissie was vroeër jare meer ten gunste daarvan om [g] in leenwoorde met *gh* te skryf. Party van hierdie spelwyses het tradisioneel geword, onder andere *dagha* (bouklei), *ghantang*, *gharrabos* of *ghmarrabos*, *ghienie*, *ghitaar* of *kitaar*, *ghoe-lasj*, *ghoem*, *ghoema*, *ghoen*, *ghoera*, *ghoeroe*, *ghôkum*, *ghong*, *ghries*, *ghrop*, *ghwano* of *guano*, *ghwar*, *ghwarriboom*.

In onlangse jare het die Taalkommissie, op grond van die waarneming dat *gh*-spellings oor die algemeen ongewilder as *g*-spellings is, minder kere *gh* gebruik om [g] weer te gee. Sodanige woorde wat sedert 1964 bygekom het, is *bogher* (naas *bokker*), *ghaan* (meisie), *ghaibout* (swartrugmeeu), *ghombos*, *ghomma*, *ghonnel* en *ghwel*. Die *gh*-spelling om [g] weer te gee, word dus spaarsaam gebruik, meestal by woorde uit Asiese en Afrikatale, en dan veral wanneer 'n woord met [g] begin. Maar die neiging in Standaardafrikaans is om 'n *g* te skryf om [g] weer te gee. Vergelyk: *angorabok*, *begonia*, *gala*, *Gambië*, *gammastrale*, *gibbon*, *glasnost*, *glaubersout*, *grenadella*, *gneiss*, *gorilla*, *iguana*, *kangaroe*, *largo*, *regatta*.

Ook waar wisseluitsprake met [x] naas [g] bestaan, skryf die Taalkommissie slegs *g*, soos in *Angel-Saksies*, *egret*, *Gaboen*, *nege*, *Belge*, *Ingwaeoons*, *iglo* of *igloe*.

5.2 ch EN k

Vroeër jare het die Taalkommissie sekere woorde van Griekse herkoms met 'n *ch* gespel, veral aan die begin van die woord, omdat die uitspraak van *ch* onvas was en dit óf as [x] óf as [k] uitgespreek is. Ter sake woorde is *chaos*, *chemie*, *chiliass*, *chloor*, *chloroform*, *Christen*, *chronies*, *chronologies*, *chroom*, *chtonisoterm*, *melancholie* en af-

leidings van en samestellings met sulke woorde. Hierdie motivering vir die *ch*-spelling het vandag grotendeels verval – in sommige gevalle het die [x]-uitspraak gewen, en in ander die [k]-uitspraak. Maar vanweë die gevestigde tradisionele spelwysse het die Taalkommissie nie aan die *ch*-spelling verander nie.

Die enkele uitsondering is woorde van die familie van Gr. *chronos* (tyd). Vanweë die tradisionele spelling van *kroniek* en *kronies* het die Taalkommissie wisselvorme, *k* naas *ch*, in die res van die woordfamilie erken, bv. *kronologies* naas *chronologies*, en *sinkronies* naas *sinchronies*.

## 6 Spelling van leenwoorde uit Afrikatale

Die spelling van leenwoorde uit Afrikatale verg spesiale aandag. Hoewel die drie klasse wat in 1 hier bo genoem is, ook hier onderskei kan word, is dit die praktiesste om ter verduideliking slegs twee groepe te onderskei: die onverafrikaanstes en die (gedeeltelik) verafrikaanstes.

### 6.1 ONVERAFRIKAANSTE ONTLENINGS

#### 6.1.1 Gewone woorde

Sommige gewone woorde wat Afrikaans aan Afrikatale (Sotho, Tswana, Xhosa, Zulu, ens.) ontleen het, behou hulle oorspronklike vorm, bv. *impala* en *indaba*.

#### 6.1.2 Terme en geleentheidsontlenings

Ter wille van effek of fyner semantiese nuansering word 'n woord uit 'n Afrikataal soms in Afrikaans gebruik in plaas van of naas die Afrikaanse sinoniem. Ontlenings van terminologiese aard wat betreklik eksklusief gebruik word, bv. terme in vakliteratuur, asook in bepaalde beroepsfere, bv. die mynbou, vervoer, boerdery, e.s.m., behou gewoonlik die spelling in die taal van oorsprong: *difaqane*, *hlonipha*, *ibandla*, *isibongo*, *isigodo*, *ivova*, *kgotla*, *moruti*, *umdomi*, *umsimbiti*, *umtakati*.

#### 6.1.3 Eiename

Eiename uit die Afrikatale behou in Afrikaans die spelling en skryfwysse wat hulle in die taal van oorsprong het, behalwe dat die klasvoorvoegsel gewoonlik weggelaat word.

##### 6.1.3.1 Geografiese eiename

Die spelling en skryfwysse van geografiese eiename, ongeag tot watter taal hulle behoort, word nie deur die Taalkommissie bereël nie, maar deur amptelike liggame in die onderskeie state in Suidelike Afrika, bv. deur die Nasionale Pleknamekomitee in die RSA, die Pleknamekomitee van Namibië en die taalrade van die verskillende tale. Ons skryf bv. *Bophuthatswana*, *Bujumbara*, *Burundi*, *Ciskei*, *Gaborone*, *Lesotho*, *Luanda*, *Lusaka*, *Malawi*, *Maseru*, *Maputo*, *Ndola*, *Uganda*.

#### **Opmerking**

Vanweë die tradisie skryf ons die klank [u] in Noord-Afrikaanse plekname met *oe*: *Kameroen*, *Gaboen*, *Djiboeti*, *Soedan*.

##### 6.1.3.2 Ander eiename

(1) Persoonsname: *Dingane*, *Mantatise*, *Matiwane*, *Mpande*, *Nandi*, *Pakade*, *Shaka*, *uMzilikazi* (in Zulu), *Moselekatse* (in Sotho).



### **Opmerking**

Skryfvoorme soos *Dingaan, Panda, Chaka* of *Tsjaka* en *Silkaats* moet vermy word.

(2) Groepsname: *Dlamini, Mthetwa, Ndebele, Qwabe*.

(3) Sibbenname: *Gumede, Khumalo, Msweli, Ngwe*.

(4) Regimentsname: *Gobamakhozi, Thulwana*.

(5) Taalname: *Ndebele, Sotho, Swati* of *Swazi, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, Zoeloe* of *Zulu*.

### **Opmerking**

Die Taalkommissie erken die wisselvorm *Fanagalô* of *Fanakalô*.

## 6.2 VERAFRIKAANSTE ONTLENINGS

As gevolg van die groot mate van verskil tussen die klankbou van woorde in Afrika-tale en Afrikaans word die meeste leenwoorde uit die Afrikatale in 'n gewysigde vorm in Afrikaans opgeneem. Die graad van vormaanpassing verskil van leenwoord tot leenwoord.

6.2.1 Die klankvorm van sommige leenwoorde is in so 'n mate verafrikaans dat nóg die uitspraak nóg die spelling probleme oplewer, bv. *tollie* (uit *ithole*), *swempie* (uit *inswempe*), *mamba* (uit *imamba*), *tambotie* (uit *umthombothi*).

6.2.2 'n Aantal leenwoorde is in 'n vorm opgeteken wat in die een of ander opsig verskil van die klankbou van Afrikaanse woorde. Aangesien die spelling van 'n woord in Afrikaans in eerste instansie deur sy uitspraak bepaal word, gee die nie-Afrikaanse klankbou van hierdie tipe leenwoorde aanleiding tot probleme met die spelling. In die volgende paragrafe word onder andere aangedui hoe leenwoorde met nie-Afrikaanse klanke en klankverbindinge, asook gevalle met Afrikaanse klanke in ongewone posisies, gespel moet word.

### 6.2.3 *Konsonante*

6.2.3.1 Die [g] (soos in *berge* en *borge*) word in leenwoorde uit Afrikatale meesal weergegee met *gh*, bv. in *dagha, ghoema, ghoghok, ghwalaghwala* en *teghwaan* of *teghwan*, behalwe direk na *n* (met die klankwaarde [ŋ]), waar *g* geskryf word, bv. in *bangawanga* (boom), *boenga, donga, matoengoeloe, samango* (aap) en *sjongolôlo* naas *songolôlo*.

6.2.3.2 Die affrikaat [ts] word met *ts* weergegee, bv. in *tsessebe* of *tsessebie*, en *tsetse*.

6.2.3.3 Die klank [tʃ] word met *tj* soos in *tjek* weergegee, bv. in *rampatjaan* of *rampatjanie, tjaila, tjêtja, tjiesa* en *tjwala*.

6.2.3.4 Die [ɲ] (uitgespreek soos die *n* in *handjie, klontjie*) wat in leenwoorde aan die begin van die sillabe staan, word as *nj* geskryf, bv. in *fanjaan, foefoenjaan* en *njala*.

6.2.3.5 Die [ʃ] (soos in *sjah, sjerrie*) word met *sj* aangedui, bv. in *gasjle, mapasjaan(s), sjieba, sjimiaan* en *sjongolôlo* naas *songolôlo*.

6.2.3.6 Die klank [dʒ] (soos in *jingo, jerseykoei*) word weergegee met *j*, bv. *jôba, majôbas*.

6.2.3.7 Die [w]-klank (soos in *kwaad, kwes*) word deurgaans met 'n *w* voorgestel, ook wanneer dit tussen vokale verskyn, bv. in *ghwalaghwala, imbarwoela, tjwala*.

6.2.3.8 Die [z] word met *z* weergegee, bv. in *klêza, wôza*.

### **Opmerking**

In die leenwoord *kgotla* (vergaderplek van die opperhoof en sy raadgewers) word die *k* behou, ten spyte daarvan dat dit selde in die uitspraak voorkom.

#### 6.2.4 *Vokale*

6.2.4.1 In 'n oop en in 'n geslote eindsillabe word die [i] deur *ie* voorgestel: *letiang, madoemie, malie, matoemie, moeties, mopanie, tokomanie, tollie* en *zoempie*.

Die reël is ook van toepassing op leenwoorde wat in samestellings en afleidings verskyn: *mopanieveld, tamboekiegras, tambotieagtig*.

In alle ander posisies word *i* geskryf, ongeag of die [i]-klank kort of lank uitgespreek word, of dit in 'n betoonde of onbetoonde, 'n oop of geslote sillabe staan: *ifafa, impala, impi* of *impie, kikoejoe(gras), kiza, modimo, pelile, pitso, sesibe, sidwaba, sjiba, sjimiaan*.

### **Opmerking**

(1) By *impie, tsessebie* en *foendi* word wisselvorme erken, d.w.s. *impie/impi, tsessebie/tsessebe, foendi/fundi*.

(2) Uitsonderings is *safari*, 'n Swahiliwoord, wat Afrikaans aan Engels ontleen het, en *tsotsi*, waarvan die verband met 'n Afrikataal onseker is.

(3) In die leenwoorde *indaba* en *indoena* verteenwoordig die letter *i* die klank [ə] wat in Afrikaans by *in* en *sin* gehoor word. In Nguni word die twee woorde met [i] uitgespreek.

(4) In eiename, geleentheidsontlenings en ontlenings van terminologiese aard word uitsluitlik *i* gebruik, ook in die laaste lettergreep: *imbongi, intombi, moruti, umdomi, umsimbiti, umtakati*.

6.2.4.2 Die [u]-klank, wat in Afrikatale gewoonlik as *u* geskryf word, word in (egte) leenwoorde met *oe* aangedui: *boendoe, doemêla, indoena, madoemie, maroela, matoengoeloe, moepel, oemfaan, poetoe, sakaboela, toera, zoempie*.

### **Opmerking**

*Oehoeroe* en *uhuru* word as wisselvorme erken.

6.2.4.3 Vir 'n lang [ɛ:] in betoonde oop sillabes word *ê* gebruik: *bombêla, doemêla, kabê, klêza, kwêla, mabêla, pêpa, têta*.

6.2.4.4 Die lang [ɔ:]-klank in betoonde oop sillabes word voorgestel deur *ô*: *kôbe, lobôla, majôbas, sakabôna, sangôma, sjongolôlo* of *songolôlo*.

### **Opmerking**

(1) 'n Uitsondering is die wisselvorme *aikôna* en *haikôna*, en *Fanagalô* en *Fanakalô* waarin die lang [ɔ:] in 'n onbetoonde oop sillabe voorkom.

(2) Die kort [ɔ] in 'n onbetoonde oop sillabe word deur 'n *o* voorgestel: *boboi, ghoghok, motoppie, pitso, samango(aap), skokiaan, tokomanie*.

## 14. SKEIDING VAN WOORDDELE BY SKRYF

### **Opmerking**

*Die skeidingspunte wat by die woorde in die onderstaande gedeeltes aangebring word, dien telkens slegs ter illustrasie van 'n bepaalde wyse van skeiding. Dit sluit nie noodwendig skeidingsmoontlikhede op ander plekke in die betrokke woorde uit nie.*

- 1 Dit gebeur soms dat 'n meersillabige woord aan die einde van 'n reël afgebreek moet word. Dit kry dan 'n koppelteken en word in die volgende reël voltooi.
- 2 Die Taalkommissie beskou woorddeelskeiding primêr as 'n tipografiese aangeleentheid, maar wil tog leiding in hierdie verband gee.
- 3 Die eenvoudigste benadering sou wees om so min as moontlik af te breek. As daar wel afgebreek moet word, geld die volgende:
  - 3.1 Die uitspraak geniet in die meeste gevalle voorrang, d.w.s. skeiding geskied in eerste instansie volgens verdeling in sillabes, bv. *aar-tappel* i.p.v. *aart-appel*, *geselsery* i.p.v. *gesels-ery*, *hande-ling* i.p.v. *handel-ing*, *huige-laar* i.p.v. *huigel-aar*, *melkery* i.p.v. *melk-ery*, *transaksie* i.p.v. *trans-aksie*, *va-naand* i.p.v. *van-aand*, *voortaan* i.p.v. *voort-aan*, *vriendin* i.p.v. *vriend-in*.
  - 3.2 Leesbaarheid, herkenbaarheid en interpreteerbaarheid moet nietemin voortdurend in aanmerking geneem word, want onoordeelkundige skeiding volgens sillabegrense kan soms tóg lastige woorddele lewer, bv. *bede-ling* i.p.v. die makliker herkenbare *be-deling*, *here-nig* i.p.v. *her-enig*, *vere-wig* i.p.v. *ver-ewig*, *ge-ery* i.p.v. *geë-ry*, *gele-ener* i.p.v. *geleë-ner*, *se-etog* i.p.v. *seë-tog*, *te-ewig* i.p.v. *teë-wig*.
- 4 Die volgende tipes voorbeelde illustreer vaste skeiding volgens verdeling in sillabes:
  - 4.1 *ba-nier*, *brui-ne-ri-ge*, *Du-ve-na-ge*, *go-din*, *klui-se-naar*, *Ma-la-wi*, *psi-go-paat*, *stewi-ger*.
  - 4.1.1 *baai-tjie* [ba:ici], *Bou-cher*, *da-gha*, *Fou-ché*, *mooi-tjies*, *spa-ghetti*, *So-tho*, *trui-tjie*.
  - 4.1.2 *bro-sjure*, *deta-sjement*, *ka-sjet*, *ma-sjien*, *Ma-shona* teenoor *as-jas*, *dis-junkties*, *mors-jors*, *plaas-japie*.
  - 4.2 *as-pirant*, *ag-nos-ties*, *drif-tig*, *ek-samen*, *im-pala*, *kal-meer*, *lan-fer*, *plan-kie*, *slagting*, *tsoet-si*, *war-mer*.
  - 4.2.1 *An-gola* [anxola], *in-genieur*, *larin-gitis*, *lin-guis*, *man-gaan*, *Non-goma*, *on-geveer*, *ran-geer*, *tan-go*, *wan-gedrag*.
  - 4.2.2 *bol-sjewiek*, *gordyn-tjie*, *man-sjet*, *mar-sjeer*, *nael-tjie*, *Nor-tjé*, *pilaar-tjie*.

- 4.2.3 *ba-klei, kamoe-fleer, re-klame, ta-blo; de-kreet, fa-briek, hi-droulies, neu-traal; fre-kwensie, lu-kwart, Nama-kwa, re-kwisisie.*
- 4.3 *ak-trise, ban-krot, eksem-plaar, in-fluensa, kon-stabel, kon-stant, ob-skuur, wer-skaf, pas-kwil.*
- 4.3.1 *simp-toom, tink-tuur, eks-hibisionis, intelligent-sia.*
- 4.4 *ab-strak, demon-strasie, kon-struksie, min-streel, remon-strasie, Veen-stra.*
- 4.5 *eks-halasie, eks-klamasie, eks-klusief, eks-kommunikeer, eks-patrieer, eks-proprieer.*
- 4.6 *trans-fereer, trans-formasie, trans-litereer, trans-migrasie, trans-missie, trans-poneer, Trans-vaal.*
- 4.6.1 *tran-saksie, tran-sendeer, tran-sistor, tran-sitief.*
- 4.7 *bo-arm, dra-er, essensi-eel, klei-erig, laai-ery, lê-er, leeu-in, pluï-ens, sampi-oen, toi-ings.*
- 5 Die volgende tipes voorbeelde illustreer wisselende skeiding volgens verdeling in sillabes:
- 5.1 *korres-pondeer, korre-spondeer; pros-pektus, pro-spektus; intes-taat, inte-staat; res-tant, re-stant.*
- 5.2 *ang-stig, angs-tig; bar-stens, bars-tens; bron-stig, brons-tig; gun-steling, guns-teling; kam-stig, kams-tig; kun-stig, kuns-tig; vor-stin, vors-tin.*
- 5.3 *di-strik, dis-trik; fru-streer, frus-treer; indu-strieel, indus-trieel; mi-stral, mis-tral; regi-streer, regis-treer; sekwe-strasie, sekwes-trasie.*
- 6 Die volgende tipes voorbeelde illustreer niesillabiese skeiding:
- 6.1 *baad-jie, biet-jie, eelt-jie, fluit-jie, Ford-jie, kaart-jie, koerant-jie, mand-jie, oond-jie, paad-jie, skilpad-jie, speld-jie, vergeet-my-niet-jie.*
- 6.2 *ap-plikant, bal-lerina, Boed-dhis, Brus-sel, flik-ker, glib-berig, Johan-nes, paraf-fien, Rog-gebaai, stot-ter, vod-de.*
- 6.3 *En-gels [ɛŋəls], gedwon-ge, klin-gelin-ge, konin-gin, men-ger, tan-ge, wan-ge, win-gerd.*
- 7 Afgesien van die algemene reël dat skeiding volgens uitspraak geskied, vestig die Taalkommissie spesifiek die aandag op die volgende besondere tipes skeidingsgevalle:

7.1 BY WOORDE WAARIN DIE SILLABEGRENS NIE WISSEL NIE

7.1.1 In woorde soos *cli-ché* [kliʃe:], *da-gha*, *spa-ghetti*, *So-tho*, *Stra-chan*, waarin een konsonant deur twee verskillende letters saam aangedui word, is die skeiding voor dié letterverbinding.

7.1.2 Waar *s* en *j* saam 'n enkele konsonant voorstel, word hulle nie geskei nie, bv. in *bro-sjeer* [brɔʃe:r], *bro-sjure*, *ka-sjet* en *ma-sjien*. Wanneer hulle egter twee klanke voorstel wat in verskillende sillabes staan, val die skeiding tussen *s* en *j*, soos in *as-jas*, *dis-junktief* en *mors-jors*.

7.2 BY WOORDE WAARIN DIE SILLABEGRENS WISSEL OF ONDUIDELIK IS

Dit is dikwels moeilik om vas te stel of *s* die afloop van een sillabe vorm of die aanloop van 'n daaropvolgende sillabe.

7.2.1 Sommige woorde waarin *sp*, *st* en *sk* tussen vokale verskyn, het twee skeidingspunte, bv. *korres-pondeer*, *korre-spondeer*; *pros-pekter*, *pro-spekter*; *kas-taiings*, *ka-staiings*; *pos-tuleer*, *po-stuleer*; *pros-taat*, *pro-staat*; *res-tourant*, *re-stourant*; *res-tou-reer*, *re-stou-reer*; *as-keet*, *a-skeet*; *ris-kant*, *ri-skant*.

7.2.2 Waar drie konsonante tussen vokale staan, die eerste konsonant *m*, *n*, *ng* [ŋ] of *r* is en gevolg word deur *st*, wissel die sillabegrens dikwels, bv. in *aambor-stig*, *aambors-tig*; *ang-stig*, *angs-tig*; *eer-stens*, *eers-tens*; *inkom-ste*, *inkoms-te*; *kun-stenaar*, *kuns-tenaar*; *min-stens*, *mins-tens*; *mon-ster*, *mons-ter*; *naar-stig*, *naars-tig*; *ven-ster*, *vens-ter*; *vor-stelik*, *vors-telik*; *wor-stel*, *wors-tel*.

7.2.3 By woorde waarin *str* tussen vokale staan, is die sillabegrens wisselend. In heelwat gevalle is daar twee skeidingsmoontlikhede, na of voor *s*, bv. in *Aus-tralië*, *Aus-tralië*; *dis-trik*, *di-strik*; *frus-trasie*, *fru-strasie*; *illu-treer*, *illu-streer*; *indus-trie*, *indu-strie*; *klous-trofobie*, *klou-strofobie*; *regis-trasie*, *regi-strasie*; *sekwes-treer*, *sekwes-treer*. In woorde waarin *str* egter voorafgegaan word deur 'n sillabe wat eindig op 'n konsonant, behalwe *k*, kom die skeiding voor *str*, bv. in *ab-straher*, *demon-streer*, *Hiem-stra*, *min-streel*, *mon-strueus*, *ob-struksie*, *remon-streer* teenoor *deks-trien*, *dek-trien*; *deks-trose*, *dek-strose*.

7.2.4 Die meerderheid woorde met *eks-* plus een of twee konsonante bevat twee moontlike skeidingspunte, bv. *eks-kuus*, *ek-skuus*; *eks-pansie*, *ek-spansie*; *eks-plosief*, *ek-splosief*; *eks-porteer*, *ek-sporteur*; *eks-tremis*, *ek-stremis*; *eks-trovert*, *ek-strovert*. In 'n paar gevalle is afbreking voor die *s* ongewens, bv. in *eks-hibisie*, *eks-kommunikasie*, *eks-planteer*, *eks-temporêr* en *eks-territoriaal*.

7.2.5 Die meerderheid woorde met *trans-* plus een of twee konsonante bevat twee moontlike skeidingspunte, bv. *trans-parant*, *tran-sparant*; *trans-pirasie*, *tran-spirasie*; *trans-port*, *tran-sport*; *trans-kribeer*, *tran-skribeer*; *trans-kripsie*, *tran-skripsie*. In 'n paar gevalle is afbreking voor die *s* ongewens, bv. in *trans-formasie*, *trans-litereer*, *trans-missie*.

### 7.3 NIESILLABIESE SKEIDING

Om praktiese oorwegings, soos leesbaarheid, interpreteerbaarheid, eenvormigheid en tradisie, kan skeiding in die volgende gevalle nie volgens verdeling in sillabes plaasvind nie:

- 7.3.1 By verkleinwoorde met 'n stam op *-d* of *-t*, d.w.s. ook *-ld*, *-lt*, *-nd*, *-nt*, *-rd* en *-rt*, kom die skeiding altyd voor *-jie*, bv. *aand-jie*, *beeld-jie*, *boud-jie*, *bult-jie*, *ert-jie*, *fout-jie*, *koord-jie*, *lint-jie* (teenoor resp. *haan-tjie*, *stee-tjie*, *gebou-tjie*, *baal-tjie*, *skêr-tjie*, *vou-tjie*, *koor-tjie*, *lyn-tjie*).
- 7.3.2 Waar 'n konsonant tussen vokale deur twee eenderse letters saam voorgestel word, vind die skeiding sonder uitsondering tussen die twee letters plaas, soos in *ab-ba* [aba], *chauf-feur*, *kras-ser*, *mod-derig*, *op-perste*, *pasel-la*, *potpour-ri*, *Wem-mers-hoek*, *wrak-ke*.
- 7.3.3 Daar word altyd tussen *n* en *g* geskei, ongeag of dié twee letters twee klanke voorstel wat tot verskillende sillabes behoort, soos in *an-gora* [anɡo:ra], *fran-gipani*, *Haven-ga*, *in-genome*, dan of hulle slegs één klank verteenwoordig, soos in *an-gel* [anɔl], *ban-gerig*, *drin-gend*, *jon-gelin-ge*.
- 7.3.4 As *x* tussen vokale staan, word daar na *x* geskei, bv. in *Alex-is*, *baux-iet*, *pirox-een*, *Tex-as*.

#### **Opmerking**

Wanneer 'n deelteken, om watter rede ook al, in 'n woord voorkom, en daardie woord word, om watter rede ook al, afgebreek direk voor die letter waarop die deelteken voorkom, vervel die deelteken.

## 15. SKRYFWYSE – LOS OF VAS

- 1 Die eenvoudigste en algemeenste reël vir die skryfwyse (los of vas) van woorde is: afsonderlike woorde word los geskryf.

Hierdie reël is in die oorgrote meerderheid van die gevalle nie problematies nie. Op grond hiervan word byvoorbeeld die elemente van die volgende sin los van mekaar geskryf omdat hulle afsonderlike woorde is:

*Kruger het gister teen die Switserse kampioen gespeel.*

As woorde los van mekaar geskryf word, hou dit in dat *woorddele* vas aan mekaar geskryf word. Die onderskeid tussen woorde en woorddele lewer soms probleme in die geval van samestellings.

- 1.1 Onder *samestellings* word woorde soos die volgende verstaan:

*bobotieresep*, *bosbok*, *byekorf*, *deurmat*, *gloeilamp*, *goudgeel*, *grensgebied*, *hond-siek*, *karperd*, *kiembewus*, *kleefpapier*, *koerantberig*, *kookwater*, *lugdienspersoneel*, *tweerigtingskakelaar*, *wetenskaponderwyser*, *werksku*.

Hierdie samestellings is elkeen 'n woord: 'n samestelling soos *grensgebied* is 'n enkele woord wat opgebou is uit die woorddele *grens-* en *-gebied*. In die samestelling *grensgebied* word die dele *grens-* en *-gebied* vas geskryf EN DIT TEN SPYTE DAARVAN DAT DIÉ DELE HERKEN WORD AS ELEMENTE WAT (IN ANDER VERBANDE) AS WOORDE KAN FUNKSIONEER. Feit is dat hierdie elemente *binne* die samestelling saamgesnoer word tot 'n eenheid: 'n enkele woord.

In heelparty gevalle kan die verskil tussen 'n woord en 'n woorddeel (binne 'n samestelling) daarin gesien word dat die woorddeel 'n voegsel het. Vergelyk die volgende voorbeelde:

<b>Woord</b>	<b>Woorddeel</b> (binne 'n samestelling)
<i>bekla</i>	<i>beklaens-</i> in <i>beklaenswaardig</i>
<i>bevolking</i>	<i>bevolkings-</i> in <i>bevolkingsregister</i>
<i>distrik</i>	<i>distriks-</i> in <i>distriksgeneesheer</i>
<i>eet</i>	<i>etens-</i> in <i>etenstyd</i>
<i>kalf</i>	<i>kalwer-</i> in <i>kalwerhok</i> , <i>kalwerliefde</i>
<i>kieser</i>	<i>kiesers-</i> in <i>kieserslys</i>
<i>kind</i>	<i>kinder-</i> in <i>kindersorg</i>
<i>leeu</i>	<i>leeue-</i> in <i>leeueaandeel</i>

- 1.2 Met betrekking tot samestellings geld die volgende skryfwysereël in Afrikaans: Die dele van samestellings word vas geskryf.

**Opmerking**

In Engels bestaan die gebruik om die dele van samestellings dikwels los te skryf, byvoorbeeld:

<b>Afrikaans</b>	<b>Engels</b>
<i>deurmat</i>	<i>door mat</i>
<i>grensgebied</i>	<i>border area</i>
<i>karperd</i>	<i>cart horse</i>
<i>wetenskaponderwyser</i>	<i>science teacher</i>
<i>poskantoor</i>	<i>post office</i>
<i>uitklopreeks</i>	<i>knock-out series</i>

maar

<i>posmeester</i>	<i>postmaster</i>
-------------------	-------------------

Die skryfwysepatroon van Afrikaans word ook deur Engelse invloed versteur, waardeur die neiging versterk word om die dele van samestellings in Afrikaans los te skryf. Die reël dat die dele van samestellings vas geskryf word, word deur die onderstaande voorbeelde toegelig. Die belangrikste tipes samestellings is in die lys verteenwoordig.

- 1.2.1 *Saamgestelde werkwoorde*  
*agtervolg*, *boekstaaf*, *brandmerk*, *knipoog*, *proeflees*, *skuimbek*, *stortreën*, *watertand*.
- 1.2.2 *Saamgestelde naamwoorde*  
*agterbladsy*, *ankertou*, *arbeidswetgewing*, *blombedding*, *blouoognooi*, *blouwildebees*, *breekyster*, *deurpad*, *duisendpoot*, *eenbedryf*, *eetgoed*, *geelwortel*, *gradeboog*, *karak-*

*terskets, negeoog, omgangstaal, omstreke, onderbaadjie, oujongnooi, oukêrel (pa), prokureursorde, reddingsboei, sestal, skroewedraaier, snykant, sonnestelsel, suurlemoen, taaipitperske, tienkamp, tweegesig, voorarm, vredesverdrag, wildebees; Jan-hulle, oom-hulle; bek-en-klou-seer, dop-en-dam, heen-en-weertjie.*

**Opmerking**

Die skryfwyse met koppeltekens, soos in *Noord-Afrika* en *oom-hulle*, is 'n ondertipe van die *vaste skryfwyse*. Een van die gebruike van die koppelteken is om woorddele binne 'n woord aan mekaar te verbind. (Vgl. 11. *Koppelteken*.)

1.2.3 *Saamgestelde adjektiewe en bywoorde*

*agtermekaar, agterstevoor, beenaf, bekaf, belangstellend, bloedbelope, bymekaar, deurmekaar, dikbek, grootbek, halsoorkop, handgemaakte, hardekoewawel, hartroepend, hulpbehoewend, in eens, inmekaar, kaalkop, kaalvoet, kortasem, malkop, masjiengebreide, meteens, onderstebo, opmekaar, platsak, pootuit, skokbestand, stofdig, uitmekaar, velaf.*

'n Byvoeglike naamwoord (of bywoord) wat bestaan uit 'n substantief of adjektief plus een van die agtersetsels *aan, af, in, langs, om, oor, op* en *uit* word vas geskryf, byvoorbeeld *andersom, beenaf, bekaf, bergaf, bergop, bo-oor, buitelangs, dagin en daguit, dwarsoor, enduit, haaram, hardop, hotom, jaarin en jaaruit, keelaf, kopaf, kortaf, langsaan, lankuit, linksom, naasaan, padlangs, pootuit, prontuit, raadop, regaf, regop, regsom, ronduit, skuinsoor, sonop, straataf, straatop, stroomaf, stroomop, velaf, voluit, vooraan, voorlangs, vooroor, winduit.*

1.2.4 *Saamgestelde voorsetsels*

*agterin, agterop, bo-oor, bo-op, langsaan, onderaan, tussendeur, tussenin, digby, dwarsdeur.*

1.2.5 *Herhalingsamestellings*

*bietjie-bietjie, bok-bok, brom-brom, een-een, lag-lag, lui-lui, plek-plek, speel-speel, stil-stil, stuk-stuk, tik-tik.*

1.2.6 *By samestellings met 'n afkorting, simbool of syfer as eerste lid soos in afdeling 11.*

*Koppelteken* uiteengesit word, verskyn daar 'n koppelteken tussen die afkorting, simbool of syfer en die res van die samestelling: *A-span, B-mol, DNS-molekuul, IK-toets, KGB-agent, M.B.A.-student, M.Sc.-graad, PWV-gebied, B1-bomwerper, F16-vegvliegtuig, R4-aanvalsgeweer; 1977-oes, 1933-depressie, 1938-ossewatrek, .22-geweer, 50c-stuk, 10c-seël, 100 W-gloeilamp, 9 mm-pistool, 80%-kans, R100-donasie.*

(Vgl. 2.1.1 hier onder vir die moontlikheid om die bogenoemde ook los te skryf.)

1.2.7 *Samestellings met meer as twee lede*

Die oorgrote meerderheid samestellings wat in die daaglikse omgangstaal gebruik word, bestaan uit twee lede (bv. *proeflees*, wat opgebou is uit die woorddele *proef-* en *-lees*). Samestellings met meer as twee lede kom ook gereeld voor, bv.: *bosluis-koors, haringgraatsteek, harsingvliesontsteking, kernkragsentrale, reënwaterafvoer.*



### **Opmerking**

Lang samestellings, soos *onderwysleierskapontwikkelingsprojek*, moet o.m. weens hulle lomphed en onoorsigtelikheid vermy word. Sodanige samestellings moet liefvs verkort, bv. *onderwysleierskapprojek* en *leierskapsprojek*, of deur omskrywings vervang word, bv. *ontwikkelingsprojek vir onderwysleierskap*, *projek vir die ontwikkeling van onderwysleierskap*.

## **2 Skryfwyseprobleme**

Daar is probeer om die lastigste probleemgebiede in verband met die skryfwyse te dek deur opnames in die *Woordelys*, en daar word aan die hand gedoen dat die *Woordelys* direk geraadpleeg word vir die oplossing van 'n besondere skryfwyseprobleem. Vir die gerief van die gebruiker volg hier 'n aantal algemene opmerkings oor besondere gevalle.

### **2.1 VERBINDINGS MET 'N EIENAAMELEMENT**

Ten spyte van die reël dat samestellings vas geskryf word, het die gebruik om verbindings met 'n eienamelement los te skryf sterk gevestig geraak. Die Taalkommissie het gevolglik besluit om die los skryfwyse voortaan naas die tradisionele vaste skryfwyse te erken, bv. *Nelspruit hospitaal* naas *Nelspruit Hospitaal* naas *Nelspruit-hospitaal* naas *Nelspruit-Hospitaal* naas *Nelspruithospitaal*.

#### **Opmerking**

- (1) Let daarop dat die skryfwyse van Suid-Afrikaanse geografiese eiename nie deur die Taalkommissie bereël word nie, maar deur die Nasionale Pleknamekomitee. Die vryheid wat hier bo gelaat word m.b.t. die los skryfwyse is dus nie van toepassing op amptelike geografiese eiename nie. *Nelspruit* mag dus nie as *\*Nelspruit* geskryf word nie. Vir die skryfwyse van Suid-Afrikaanse plekname moet die publikasie *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika* geraadpleeg word.
- (2) Die vryheid m.b.t. die los skryfwyse geld ook nie straatname nie. *Kerkstraat* en *Van der Stelstraat* mag dus nie as onderskeidelik *\*Kerk straat* en *\*Van der Stel straat* geskryf word nie. Waar die eerste element van 'n straatnaam 'n rangtelwoord is, is 'n wisseling in die skryfwyse taalkundig motiveerbaar en toelaatbaar. (Vgl. 2.6.2 hier onder.)

#### **2.1.1 Eienaam- plus soortnaamelement**

Wat betref die gebruik van 'n hoof- of kleinletter by die soortnaamelement, geld die volgende: wanneer die soortnaamelement met 'n koppelteken vas aan die voorafgaande eienamelement geskryf word, of wanneer die twee elemente los geskryf word, word die soortnaamelement met 'n hoof- of 'n kleinletter geskryf. Vergelyk die volgende voorbeelde: *Bloemfontein museum*, *Bloemfontein Museum*, *Bloemfontein-museum*, *Bloemfontein-Museum*, *Bloemfonteinmuseum*; *Durban korporasie*, *Durban Korporasie*, *Durban-korporasie*, *Durban-Korporasie*, *Durbankorporasie*; *Hertzog prys*, *Hertzog Prys*, *Hertzog-prys*, *Hertzog-Prys*, *Hertzogprys*; *Mercedes Benz toerbus*, *Mercedes Benz Toerbus*, *Mercedes Benz-toerbus*, *Mercedes Benz-Toerbus*, *Mercedes Benztoerbus*; *Nissan onderdele*, *Nissan Onderdele*, *Nissan-onderdele*, *Nissan-Onderdele*, *Nissanonderdele*; *N.P. van Wyk Louw gedenklesing*, *N.P. van Wyk*

*Louw Gedenklesing, N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, N.P. van Wyk Louw-Gedenklesing, N.P. van Wyk Louwgedenklesing; Piet Meyer gebou, Piet Meyer Gebou, Piet Meyer-gebou, Piet Meyer-Gebou, Piet Meyergebou; Shaka legende, Shaka Legende, Shaka-legende, Shaka-Legende, Shakalegende; Tafelberg publikasie, Tafelberg Publikasie, Tafelberg-publikasie, Tafelberg-Publikasie, Tafelbergpublikasie; Tswana taalraad, Tswana Taalraad, Tswana-taalraad, Tswana-Taalraad, Tswanataalraad; Volkskas argief, Volkskas Argief, Volkskas-argief, Volkskas-Argief, Volkskasargief.*

**Opmerking**

- (1) Samestellings met 'n akroniem, letternaam of afkorting as eerste element wat op 'n eiennaam berus, word op dieselfde wyse geskryf as dié met 'n eiennaamelement: *Gencor aandele, Gencor Aandele, Gencor-aandele, Gencor-Aandele, Gencoraandele; KWV brandewyn, KWV Brandewyn, KWV-brandewyn, KWV-Brandewyn; RGN lesing, RGN Lesing, RGN-lesing, RGN-Lesing; Sasol petrol, Sasol Petrol, Sasol-petrol, Sasol-Petrol, Sasolpetrol; Truk produksie, Truk Produksie, Truk-produksie, Truk-Produksie, Trukproduksie; Tvl. span, Tvl. Span, Tvl.-span, Tvl.-Span; Yskor staal, Yskor Staal, Yskor-staal, Yskor-Staal, Yskorstaal.*
- (2) In aansluiting by die voorafgaande is die Taalkommissie van mening dat samestellings van die tipe waar die eerste element 'n gewone woord met eiennaamfunksie is, ook los geskryf kan word: *Goedkoop winkel, Goedkoop Winkel, Goedkoop-winkel, Goedkoop-Winkel, Goedkoopwinkel; Kontant slaghuis, Kontant Slaghuis, Kontant-slaghuis, Kontant-Slaghuis, Kontantslaghuis; Maanlig nagklub, Maanlig Nagklub, Maanlig-nagklub, Maanlig-Nagklub, Maanlignagklub; Silwerskoon droogskoonmakers, Silwerskoon Droogskoonmakers, Silwerskoon-droogskoonmakers, Silwerskoon-Droogskoonmakers, Silwerskoon-droogskoonmakers; Sonskyn woonwapark, Sonskyn Woonwapark, Sonskyn-woonwapark, Sonskyn-Woonwapark, Sonskynwoonwapark.*

2.1.2 *Soortnaam- plus eiennaamelement*

*dubbelloop Remington, dubbelloop-Remington; hoëtrou Blaupunkt, hoëtrou-Blaupunkt; vierdeur Mazda, vierdeur-Mazda; volbloed Bonsmara, volbloed-Bonsmara; 4-deur Mazda, 4-deur-Mazda. (Vgl. 1.1. Koppelteken, 3.2, Opmerking (2).)*

2.1.3 *Soortnaam- plus eiennaam- plus soortnaamelement*

*kortloop Musgrave jaggeweër, kortloop Musgrave-jaggeweër, kortloop-Musgrave jaggeweër, kortloop-Musgrave-jaggeweër, kortloop-Musgravejaggeweër; tweedeur Mercedes sedan, tweedeur Mercedes-sedan, tweedeur-Mercedes sedan, tweedeur-Mercedes-sedan, tweedeur-Mercedessedan; tweekoring Hindoe tempel, tweekoring Hindoe-tempel, tweekoring-Hindoe tempel, tweekoring-Hindoe-tempel, tweekoring-Hindoetempel; 2-deur Mercedes sedan, 2-deur Mercedes-sedan, 2-deur-Mercedes sedan, 2-deur-Mercedes-sedan, 2-deur-Mercedessedan.*

2.1.4 *Syfer of simbool plus eiennaam*

Samestellings met 'n syfer of simbool as eerste lid en 'n eiennaam as die ander lid

word op dieselfde wyse geskryf, bv. .22 *Walther*, .22-*Walther*; 4x4 *Datsun*, 4x4-*Datsun*; V8 *Ford*, V8-*Ford*; 50 cc *Honda*, 50 cc-*Honda*.

**Opmerking**

Let op die volgende skryfwyse: *Lodewyk XIV*, *Mazda 323*, *Ford V8*.

2.2 KOMPLEKSE TAALNAME

Komplekse taalname word t.o.v. die skryfwyse los of vas op drie maniere geskryf:

- (1) vas sonder koppelteken;
- (2) vas met 'n koppelteken;
- (3) los.

2.2.1 *Vas sonder 'n koppelteken*

- 2.2.1.1 'n Komplekse taalnaam bestaande uit 'n selfstandige naamwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf: *Kanselafrikaans*, *Kerkafrikaans*, *Koerantafrikaans*, *Niestandaardafrikaans*, *Omgangsotho*, *Oxfordengels*, *Potjieslatyn*, *Radioafrikaans*, *Rugbyafrikaans*, *Skryftaalafrikaans*, *Spreektaalafrikaans*, *Standaardafrikaans*, *Substandaardafrikaans*, *Sypaadjieafrikaans*, *Voortrekkerafrikaans*.

Ons vestig in die besonder die aandag op die volgende gevalle:

- (1) 'n Komplekse taalnaam bestaande uit 'n geografiese eienaam plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf: *Oranjerivierafrikaans*, *Oosgrensafrikaans*, *Sandveldafrikaans*, *Struisbaaiafrikaans*, *Sudeteduits*, *Suidwesafrikaans*, *Weskusafrikaans*.
- (2) 'n Komplekse taalnaam bestaande uit 'n naam vir 'n gebruikersgroep plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf: *Indiërafrikaans*, *Maleierafrikaans*, *Matieafrikaans*, *Monnikelatyn*, *Mynwerker(s)afrikaans*, *Establishmentafrikaans*.

**Opmerking**

Die skryfwyse *Griekwa-Afrikaans* is toe te skryf aan die opeenvolging van die twee *a's* wat tot twee verskillende sillabes behoort.

- 2.2.1.2 'n Komplekse taalnaam bestaande uit 'n onverboë byvoeglike naamwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf: *Gemeengermaans*, *Gemeenslawies*, *Hoogduits*, *Hooghollands*, *Nieuhoogduits*, *Oudengels*, *Oudgermaans*, *Oudhoogduits*, *Oudnederfrankies*, *Oudnoors*, *Oudsaksies*, *Vulgêrlatyn*.

In aansluiting hierby word woorddele soos *Middel-* en *Neder-* vas aan die basiese taalnaam geskryf: *Middelduits*, *Middelengels*, *Middelnederlands*, *Nederduits*, *Nederfrankies*.

**Opmerking**

*Platduits* (= onder andere *Nederduits*) staan teenoor *plat Duits* (laag-by-die-grondse Duits).

- 2.2.1.3 'n Komplekse taalnaam bestaande uit 'n werkwoord plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf: *Geselsafrikaans*, *Praatafrikaans*, *Preekafrikaans*, *Skryfafrikaans*.
- 2.2.1.4 'n Komplekse taalnaam bestaande uit 'n voorvoegsel plus 'n basiese taalnaam word sonder 'n koppelteken vas geskryf: *Hiperafrikaans*, *Oergermaans*, *Oerslawies*, *Subafrikaans*, *Superafrikaans*.

- 2.2.2 *Vas met 'n koppelteken*
- 2.2.2.1 'n Komplekse taalnaam wat uit twee name van tale of taalgebruikersgroepe bestaan, word met 'n koppelteken geskryf: *Angel-Saksies, Fins-Oegries, Fries-Frankies, Maleis-Portugees*.
- 2.2.2.2 'n Komplekse taalnaam waarvan 'n nieselfstandige eerste komponent op -o- eindig, word met 'n koppelteken geskryf: *Anglo-Fries, Anglo-Normandies, Anglo-Saksies, Balto-Slawies, Gallo-Romaans, Indo-Europees, Indo-Germaans, Indo-Iraans, Joego-Slawies, Neo-Afrikaans, Ostro-Goties, Paleo-Grieks, Proto-Indo-Europees, Proto-Semities, Reto-Romaans, Serwo-Kroaties, Turko-Tartaars*.
- 2.2.2.3 'n Komplekse taalnaam waarvan die eerste lid 'n windrigtingnaam is, word met 'n koppelteken geskryf: *Noord-Germaans, Oos-Fries, Oos-Goties, Suid-Germaans, Noord-Duits, Noord-Sotho, Suid-Hollands, Suid-Sotho, Wes-Frankies, Wes-Germaans, Wes-Goties, Wes-Vlaams*.

**Opmerking**

In *Suidwesafrikaans* (d.w.s. 'n vorm van Afrikaans wat in Namibië gebruik word), is *Suidwes* 'n ingekorte geografiese eienaam.

2.2.3 *Los*

In 'n komplekse taalnaam bestaande uit 'n verboë byvoeglike naamwoord plus 'n basiese taalnaam word die twee dele los geskryf: *Kaapse Afrikaans, Klassieke Latyn, Kreoolse Frans, Moderne Grieks, Nuwe Engels, Nuwe Hoogduits, Nuwe Nederduits, Nuwe Nederlands, Ou Engels, Ou Germaans, Ou Hoogduits, Ou Nederfrankies, Ou Noors, Ou Saksies, Switserse Duits, Vroeë Afrikaans, Vroeë Nuwe Hoogduits. Laat, Swart en Wit*, wat gewoonlik nie attributief verbuig nie, word ook by taalname los geskryf: *Laat Latyn, Swart Amerikaanse Engels, Wit Russies*.

2.3 WOORDGROEPE EN AFLEIDINGS

Die konstruksie in *diens tree* is 'n woordgroep waarin die afsonderlike woorde *in, diens en tree* los geskryf word. Van hierdie woordgroep kan 'n afleiding met *-ing* gevorm word, en hierdie afleiding is 'n enkele woord, wat vas geskryf word: *indiens-treding*. Verdere voorbeelde:

<i>alleen loop</i>	<i>alleenloper</i>
<i>alles omvat</i>	<i>allesomvattend</i>
<i>binne ('n) aar</i>	<i>binnears</i>
<i>derde rang</i>	<i>derderangs</i>
<i>dertiende eeu</i>	<i>dertiende-eeus</i>
<i>gevangene neem</i>	<i>gevangeneming</i>
<i>groot skaal</i>	<i>grootskaals</i>
<i>Ou Testament</i>	<i>Ou-Testamenties</i>
<i>swak sien</i>	<i>swaksiende</i>
<i>ter aarde bestel</i>	<i>teraardebesteding</i>
<i>tien dele</i>	<i>tiendelig</i>
<i>tweede graad</i>	<i>tweedegraads</i>
<i>vyf jaar</i>	<i>vyfjaarliks</i>
<i>warm bloed</i>	<i>warmbloedig</i>

#### 2.4 WOORDGROEPE EN SAMESTELLINGS

Die situasie hier loop parallel aan dié in *Woordgroepe en afleidings*, 2.3 hier bo.

Vergelyk die volgende voorbeelde:

<i>af arm</i>	<i>afarmsoldaat</i>
<i>breë rand</i>	<i>breërandhoed</i>
<i>kort termyn</i>	<i>korttermynvoordele</i>
<i>lang bene</i>	<i>langbeenspinnekop</i>
<i>drie vore</i>	<i>drievoorploeg</i>
<i>twee termyne</i>	<i>tweetermynstelsel</i>
<i>twintig liter</i>	<i>twintigliterhouer</i>
<i>vyf jaar</i>	<i>vyfjaarplan</i>
<i>laat maar loop</i>	<i>laat-maar-loop-houding</i>
<i>mond tot mond</i>	<i>mond-tot-mond-asemhaling</i>
<i>rand vir rand</i>	<i>rand-vir-rand-stelsel</i>
<i>wag 'n bietjie</i>	<i>wag-'n-bietjie-bos</i>

#### **Opmerking**

- (1) Vir die skryfwyse van tipes soos *hotelkamermeeluisterapparaat* en *ekonomie-seklaspasasier*, vgl. 11. *Koppelteken*, 2.2.1.
- (2) In 'n aantal gevalle het dit tradisie geword om die adjektief los te skryf van die volgende verbinding: *Historiese Monumentekommissee*, *Nasionale Partykandidaat*, *Middellandse Seegebied*.

*Let Wel*

Let op die skryfwyse in die volgende gevalle: *derdejaarstudent*, *derdejaar- teologiese student* of *derdejaar teologiese student*; *hoëspoedwasmasjien*, *hoëspoed- outomatiese wasmasjien* of *hoëspoed outomatiese wasmasjien*; *langtermyn terapie*, *langtermyn- antimikrobiële terapie* of *langtermyn antimikrobiële terapie*.

*Let wel*

Waar die eerste element van so 'n samestelling 'n voegsel kry, is die gebruik van die afstandskoppelteken verpligtend, bv. *stads- elektriese ingenieur*.

#### 2.5 VERBINDINGS VAN ADJEKTIEF EN NAAMWOORD

Verbindings van adjektiewe en naamwoorde word in die reël los geskryf: *groen perske*, *lang uiteensetting*, *blink plan*.

Op hierdie algemene reël bestaan daar uitsonderings waar die adjektief en naamwoord een woord vorm en dus vas geskryf moet word.

#### **Opmerking**

- (1) Dit is nie in alle gevalle ewe duidelik dat die betrokke element 'n adjektief is en dus los van die volgende naamwoord geskryf moet word nie. Voorbeelde van hierdie moeilike gevalle, wat net los geskryf moet word, is: *af arm*, *blanko tjek*, *bruto wins*, *halfwas seun*, *privaat sekretaris* of *private sekretaris*, *senior navorser*.
- (2) Vergelyk 2.3 en 2.4 hier bo vir die skryfwyse *groot skaal* teenoor *grootskaals*; *kort termyn* teenoor *korttermynvoordele*.
- (3) Kleuradjektiewe word los van die volgende naamwoord geskryf: *appelkoos serp*, *baksteenbruin rok*, *blanke gesin*, *blanke vrou*, *bruin gesin*, *bruin vrou*, *groen blindings*, *olyf hemp*, *silwer wolke*, *swart rok*, *swart gesin*, *swart vrou*, *wit bloes*.

2.5.1 Van die uitsonderinge op die reël dat adjektiewe en naamwoorde los geskryf word, is die volgende:

2.5.1.1 *Die eenheid is 'n bywoord of adjektief*

In die volgende sinne word *groot* en *bek*, en *harde* en *koejawel*, los geskryf soos die algemene reël bepaal:

Jan het 'n *groot bek*.

Dit is 'n *harde koejawel*.

Wanneer 'n dergelike verbinding as geheel egter die waarde van 'n adjektief of bywoord het, word dit vas geskryf:

Jan is *grootbek/hardekoejawel*.

Hulle loop *kaalvoet*.

Ons koop dit *groothandel*.

2.5.1.2 *Gevalle met verdigting van betekenis*

By die voorbeelde in die linkerkantste kolom hier onder het verdigting van betekenis ingetree, en in dergelike gevalle word vas geskryf:

<i>geelperske</i> (soort perske)	<i>geel perske</i> (perske wat geel is)
<i>grootmens</i> (volwassene)	<i>groot mens</i> (mens wat groot is)
<i>kleinhuisie</i> (latrine)	<i>klein huisie</i> (huisie wat klein is)
<i>rooiblom</i> (soort onkruid)	<i>rooi blom</i>
<i>warmpatat</i> (kinderspel)	<i>warm patat</i>
<i>wildebees</i> (soort bok)	<i>wilde bees</i>
<i>donkerkamer</i> (fotografie)	<i>donker kamer</i>

### **Opmerking**

Soms is die betekenisverdigting nie so maklik herkenbaar nie, sodat daar twyfel kan bestaan oor los en vas skryf. In sodanige gevalle kan óf los óf vas geskryf word:

*kort golf, kortigolf*

*laer hof, laerhof*

*lang broek, langbroek*

*rooi wyn, rooiwyn*

*sagte vrugte, sagtevrugte*

## 2.6 VERBINDINGS MET TELWOORDE

Verbindings met telwoorde word in die reël los geskryf: *drie kilogram, veertien riviere, ses pogings, die eerste straat, die dertiende laan, haar derde seun, die eerste rivier, eerste/tweede/derde graad, soveel briewe, die soveelste brief*.

2.6.1 Onder sekere omstandighede vorm 'n dergelike verbinding 'n enkele woord, wat dus vas geskryf word:

### **Los**

*drie hoeke*

*drie wiele*

*nege oë*

*twee stukke*

*die eerste/tweede jaar*

*eerste klas* (hy is in die --)

*party kere*

### **Vas**

*'n driehoek*

*'n driewiel*

*'n negeoog*

*'n tweestuk*

*'n eerstejaar/tweedejaar* ('n student)

*eersteklas* (dit gaan --)

*partykeer* (soms)

<i>party male</i>	<i>partymaal</i> (soms)
<i>baie kere</i>	<i>baiekeer</i> (dikwels)
<i>baie male</i>	<i>baiemaal</i> (dikwels)
<i>een keer</i> (nie twee keer nie)	<i>eenkeer</i> (op 'n keer)
<i>een maal</i> (dit het net -- gebeur)	<i>eenmaal</i> (- was daar 'n koning)
<i>een uur/twee uur/drie uur</i> (tydsduur)	<i>een-uur/twee-uur/drie-uur</i> (tydstip)
<i>een kant</i> (skryf net aan die --)	<i>eenkant</i> (hy is bietjie --)
<i>enige een</i>	<i>enigeen</i> <i>geeneen, g'neen</i> <i>menigeen</i>
<i>enige iets</i>	<i>enigiets</i>
<i>enige iemand</i>	<i>enigiemand</i>

- 2.6.2 Die elemente van straatname waarin rangtelwoorde voorkom, kan sowel vas as los geskryf word: *Derde Straat* naas *Derdestraat*, *Vyfde Laan* naas *Vyfdelaan*.
- 2.6.3 In aansluiting by die reëling deur die Nasionale Pleknamekomitee word plekname soos volg geskryf:
- (1) Plekname met rangtelwoorde as elemente word as enkele woorde geskryf: *Eersterivier*, *Derdepoort*.
  - (2) 'n Bepaalde hooftelwoord in 'n pleknaam word los geskryf van die volgende meervoudige selfstandige naamwoord: *Twee Riviere*, *Veertien Strome*.
  - (3) 'n Bepaalde hooftelwoord in 'n pleknaam word vas geskryf aan die volgende enkelvoudige selfstandige naamwoord: *Driefontein*, *Tweespruit*, *Vyfhoek*.
- 2.6.4 *Al* plus telwoord word los geskryf: *al twee*, *al drie*, *al twintig*.
- 2.6.5 Volgens die reëls in parr. 2.3 en 2.4 hier bo moet die samestellings en afleidings van die volgende tipes vas geskryf word:
- twintigste-eeus* teenoor *die twintigste eeu*  
*eerstehands* teenoor *die eerste hand*  
*eersteministerskap* teenoor *die eerste minister*  
*eerstemagsfaktor* teenoor *die eerste mag*
- 2.6.6 Verbindings soos die volgende word los geskryf:
- kilometer diep* (die myn is 'n --; die twee myne is 'n --), ('n -- myn; twee -- myne);  
*een sentimeter dik* (die plank is ---; die twee planke is ---), ('n --- plank; twee --- planke);  
*twee kilogram swaar* (die koolkop is ---), ('n --- koolkop; twee --- koolkoppe);  
*'n meter hoog* (die heining is ---), (--- of 'n meter hoë heining);  
*baie meter wyd* of *baie meters wyd* (die kanaal is ---), ('n --- of baie meter wye of baie meters wye kanaal);  
*twee eeue lank* (die siklus is ---), *twee eeue lang* of *twee eeue lange* ('n --- siklus);

*baie eeue lank* (die Ystertyd was ---), *baie eeue lang* of *baie eeue lange* (die --- Ystertyd);  
*die rapsie oor die twee meter lang man*;  
*die tussen een en twee kilometer skeepswrak*;  
*kilometer lank* (ons staptog is 'n --; die rivier is 'n paar --), *kilometer lang* of *kilometer lange* ('n -- staptog; 'n paar -- rivier);  
*een kilometer lank* (ons staptog is ---), *een kilometer lang* of *een kilometer lange* ('n --- staptog);  
*'n kilometer lank* (ons staptog is ---), *'n kilometer lang* of *'n kilometer lange* (-- staptog);  
*twee kilometer lank* (ons staptog is ---), *twee kilometer lang* of *twee kilometer lange* ('n --- staptog);  
*baie kilometer lank* of *baie kilometers lank* (ons staptog is ---), *baie kilometer lang* of *baie kilometers lang* of *baie kilometer lange* of *baie kilometers lange* ('n --- staptog);  
*twee maande ou* of *twee maande oud* of *twee maande oue* (die --- droëwors);  
*baie maande ou* of *baie maande oud* of *baie maande oue* (die --- droëwors).

## 2.7 GROEPE MET 'N ADJEKTIEF AS KERN

In die woordgroep *besonder gunstig* word die adjektief *gunstig* verbind met die graadwoord *besonder*. 'n Groep soos hierdie word op verskillende maniere gebruik, bv.: *hulle reaksie was besonder gunstig*; *die besonder gunstige reaksie van die publiek*; *hulle het besonder gunstig gereageer*. Die reël is dat adjektiewe en graadwoorde los geskryf word, soos in die voorbeelde bo. Vergelyk ook die volgende gevalle:

- (1) *duidelik sigbaar, blakend gesond, uiters gevaarlik, veel makliker, relatief beperk, hoogs onaangenaam, baie warm, te veel, al duideliker, ewe groot, helder wakker, hoe ver, styf toe, wawyd oop, die heel belangrikste voorwaarde, suiwer ekonomiese oorewegings, feitlik eentalige landsburgers, hoogs intelligente kinders, mins belangrike argument*;
- (2) *steeds groeiende bevolking, vinnig polariserende situasie, sterker wordende drang, erg stygende inflasie, steeds toenemende industrialisering, direk korresponderende geval*;
- (3) *keurig versorgde werk, gedeeltelik bewolkte weer, swaar gesubsidieerde nywerhede, volmaak beheerde handrughou, reeds beproefde formule, wetenskaplik bewese tegniek, plaaslik vervaardigde onderdele, algemeen aanvaarde beginsels*;
- (4) *tegnies vaardig, akademies bevoeg, medies geskik, ekonomies afhanklik, intellektueel stimulerend, didakties geslaag, statisties beduidend, strategies belangrik, ekonomies krities, fisiek gestrem(d), serebraal verlam, tegnies vaardige personeel, tegnies volmaakte motor, ekonomies ontwikkelde gebied, geestelik versteurde misdadiger, ekonomies bedrywige vroue, statisties beduidende verskille, strategies belangrike gebiede, fisiek gestremde atlete, serebraal verlamde kinders*.
- (5) Heelparty van hierdie verbindings word dikwels ook vas geskryf. Dit hang in baie gevalle saam met die korthed van die graadwoord en ook die vastheid van die verbinding tussen graadwoord en adjektief: *tuisgemaakte* (naas *plaaslik vervaardigde*), *snelt groeiende* (naas *vinnig groeiende*), *goedgesinde* (naas *vyandig ge-*



*sinde), halfjaar, hooggeag, pasverskene, pasgebore, weldeurdag, welgesteld, weldeeglik, andersdenkend, regdenkend, veelvoorkomende, hoogliggende.*

### **Opmerking**

Omdat dit nie moontlik is om die gevalle onder 2.7 genoem uitsonderingloos te bereël nie, moet dit nie as 'n skryffout gereken word as die tipes onder (3) en (4) vas en dië onder (5) los geskryf word nie.

Die tipes in (2) tot (5) word in die *Woordelys* telkens net op een van die twee maniere (los of vas) gegee.

## 2.8 VASTE WERKWOORDELIKE VERBINDINGS

Vaste verbindinge (soos *aanheg* en *dophou*) van 'n werkwoord (bv. *heg* en *hou*) en 'n ander element (bv. *aan* en *dop*) word in bepaalde verbande los geskryf (soos in die eerste kolom direk hier onder) en in ander verbande vas (soos in die tweede kolom).

### **Los**

Ons *heg* die brief *aan*.

Hulle *hou* hom *dop*.

### **Vas**

Ons sal die brief *aanheg*.

Ons het die brief *aangeheg*.

Hulle sal hom *dophou*.

Hy word *dopgehou*.

Hier volg 'n aantal voorbeelde van hierdie tipe werkwoord, wat ook bekend staan as 'n deeltjiewerkwoord:

*aanbied, aanteel, afdank, aftree, agterkom, asemskep, bergklim, bybly, byeenbring, dagsê, dophou, gadeslaan, hoogskat, inteel, kafloop, koudlaat, losbrand, neerslaan, ondergaan, opeet, perdry, regkom, seerkry, teenwerk, teregwys, uiteengaan, voetslaan, wortelskiet.*

Die skryf van die oorgrote meerderheid van hierdie tipe is onproblematies, maar omdat die verbinding tussen die werkwoord en die ander woord nie altyd ewe heg is nie, word daar soms getwyfel, bv. of *borgstaan* en *borggestaan* dan wel *borg staan* en *borg gestaan*, *swaarkry* en *swaargekry* dan wel *swaar kry* en *swaar gekry*, geskryf moet word.

Dit moet in dergelike gevalle nie as 'n skryffout beskou word as los geskryf sou word wat meestal vas geskryf word nie, of andersom.

### **Opmerking**

Dit is korrek om sowel *kennis maak* as *kennismaak*, *belang stel* as *belangstel* te skryf, maar afleidings wat van sodanige werkwoorde gevorm word, word altyd vas geskryf, bv. *kennismaking* en *belangstelling* (vgl. 2.2 hier bo).

Let op die skryfwyse van die volgende verbindinge met werkwoorde:

### 2.8.1 *Naamwoord plus werkwoord*

#### **Los**

Sy sal *water skep*.

Hulle het *nagereg gevat*.

#### **Vas**

Sy sal *asemskep*.

Hulle het nog nie *grondgevat* nie, toe . . .

### 2.8.2 *Bywoord of adjektief plus werkwoord*

*los* – die klokke het *eentonig gelui*; u word *indirek belas*; die klip het hom *skrams getref*; sy moet *hard probeer*; moenie so *stip kyk* nie; hulle het dit *vas geglo*; sy het haar *boeglam geskrik*.

*vas* – hy kan lekker *grootpraat*; hierdie dinge sal *verbygaan*; die kêrels het *weggedros*.  
*los* – ons het *tuis gevoel*; dit sal *mooi lyk*; hulle gaan *verloof raak*.

*vas* – jy sal niks *kortkom* nie; sy het die probleem *baasgeraak*; moenie *seerkry* nie;  
Johan het op Upington *grootgeword*.

*los* – die wortels is *fyn gerasper*; moenie die muur *wit verf* nie; die vloer is *blink gevryf*.

*vas* – sigarette moet *doodgemaak* word; dit kan ek *goedkeur*; sy sal hulle gou *kortvat*;  
wat het hy haar *wysgemaak*?

## 2.9 TELWOORDE

### 2.9.1 Hooftelwoorde

Hooftelwoorde met *en* word óf *los* óf met koppeltekens *vas* geskryf: *een en twintig*, *een-en-twintig*; *vyf en veertig*, *vyf-en-veertig*. Verbindings van *tien* met 'n voorafgaande telwoord word *vas* geskryf: *vyftien*, *sestien*, *sewentien*.

Verbindings van *honderd*, *duisend* en *miljoen* met 'n voorafgaande telwoord kan óf *los* óf *vas* geskryf word: *drie honderd*, *driehonderd*; *tien duisend*, *tienduisend*; *vyftig miljoen*, *vyftigmiljoen*.

Skryfwyses soos die volgende word almal erken: *twee duisend vyf honderd*, *tweeduusend vyfhonderd*, *tweeduusendvyfhonderd*; *vyf honderd duisend*, *vyfhonderd duisend*, *vyfhonderdduisend*; *vier miljoen ses duisend*, *viermiljoen sesduisend*, *viermiljoensesduisend*.

### 2.9.2 Rangtelwoorde

Rangtelwoorde met *en* word óf *los* óf met koppeltekens *vas* geskryf: *een en twintigste*, *een-en-twintigste*; *vyf en veertigste*, *vyf-en-veertigste*.

Die volgende tipe word *vas* geskryf: *die driehonderdste dag*; *die tienduisendste keer*; *die vyfhonderdduisendste kaartjie*; *die vyftigmiljoenste kilometer*.

## 2.10 BREUKNAME

Breukname word nie dikwels uitgeskryf nie. Wanneer dit wel gebeur, geskied dit soos volg: *twee derdes* of *twee-derdes*, *sewe agstes* of *sewe-agstes*; 'n *een en twintigste* of 'n *een-en-twintigste*, *vyf een en twintigstes* of *vyf een-en-twintigstes*; 'n *vier en sestigste* of 'n *vier-en-sestigste*, *sewentien vier en sestigstes* of *sewentien vier-en-sestigstes*; 'n *drie honderdste* of 'n *driehonderdste*, *sewentien drie honderdstes* of *sewentien driehonderdstes*; 'n *tien miljoenste* of 'n *tienniljoenste*; *sewe tien miljoenstes* of *sewe tienniljoenstes*.

## 2.11 VOORNAAMWOORDE EN self

Verbindings wat bestaan uit voornaamwoorde en die versterkende element *self* word *los* of *vas* geskryf:

